# Agenda



# NG KERK NOORDELIKE SINODE 2012

GEBROKE VRYGESPREEK DIENSBAAR

# INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

**Voorwoord**


**Skema van Werksaamhede** ........ 1-3

**1. Verslag van die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB)** ........ 4-5
1.1 Bylae 1: Skema van Werksaamhede ........ 6-8

**2. Verslag van die Sinodale Diensraad (SDR)** ........ 9-14
2.1 Bylae 1: Predikantebegeleiding ........ 15-18
2.2 Bylae 2: Bemagtiging van ringe ........ 19-22
2.3 Bylae 3: Funksionering van sinodale strukture ........ 23-28
2.4 Bylae 4: Gesamentlike Sinodale Kommissie (GSK) ........ 29-30
2.5 Bylae 5: Kuratorium ........ 31-33
2.6 Bylae 6: Algemene Sinode proses: kerkhereniging ........ 34-38
2.7 Bylae 7: Algemene Sinode proses: Belhar ........ 39-42
2.8 Bylae 8: Beskrywingspunte ........ 43-47

**3. Verslag van die Sinodale Diensraad Ondersteuningsdienste (SDO)** ........ 48-54

**4. Verslag van die Sinodale Taakspan Regte (STR)** ........ 55-59

**5. Verslag van die Sinodale Diensraad Getuienis (SDG)** ........ 60-79

**6. Verslag van die Sinodale Diensraad Gemeenskapsbetrokkenheid (SDGB)** ........ 80-94

**7. Verslag van die Sinodale Diensraad vir Gemeenteontwikkeling (SDGO)** ........ 95-98


NG KERK
NOORDELIKE
SINODE 2012

# VOORWOORD


Partykeer gebeur dit dat ek mense in my spreekkamer kry wie se lewe totaal ontwrig is en nie weet of hulle ooit weer sal herstel nie. Dan gee ek aan hulle 'n skoon A4 papier en vra om dit 'n paar keer in 'n baie klein balletjie te frommel en weer mooi met hulle hande oop te stryk. Na die proses 'n paar keer herhaal is, begin die papier om "sag" te word. Die papier sal nooit weer dieselfde wees of lyk nie. Die hardheid is weg. Die gefrommelde papier begin selfs op 'n nuwe manier mooi te lyk. Die gefrommelde papier word 'n metafoor van 'n nuwe lewe wat anders is as die lewe voor die ontwrigting.

Daar word in baie kringe van die ontwrigtende "perfekte storm" gepraat waardeur die kerk in die afgelope paar jaar is. Postmodernisme, post-christenheid en globalisering het ons soos die papier gefrommel en uitgestryk en weer gefrommel. Ons kan daarna nooit weer dieselfde wees of lyk nie. Ons hardheid is weg. Ons het 'n **gebroke**nheid in ons. Maar ons is nie alleen nie. Ons dra die boodskap van die kruis – **vrygespreek**tes wat **diensbaar** is in God se koninkryk. Ons is "wounded healers" (alias Henry Nouwen) wat in Christus geanker is en soos die Kremetartboom wortel geskiet het in Afrika om hier ons roeping uit te leef.




In ons voorbereiding vir hierdie Sinodesitting het die drie woorde: Gebroke, Vrygespreek en Diensbaar telkens na vore gekom. Dit kom uit die "knegliedere" in Jesaja wat ons tydens ons oggendwydings gaan lees. My gebed is dat die Skrif nie net tydens die oggendwydings aan die w(W)oord sal kom nie, maar dat dit dwarsdeur die sitting, en ook daarna, met ons sal praat.

In die opstel van die sakelys van hierdie twintigste vergadering van die Noordelike Sinode het ons probeer om sake wat by mekaar hoort, saam te groepeer. Dit kan in konsentriese sirkels voorgestel word: Ons begin Maandag met die buitenste sirkel waar ons onsself binne 'n groter konteks plaas: Ons is gewortel in Afrika en deel van Afrika. Dinsdag praat ons oor die groter kerk: sake soos ekumene, armoede en besluite van die Algemene Sinode kom op die tafel. Ons is nie alleen op die kerklike terrein besig nie – ons is 'n boom tussen ander bome. Woensdag word die sirkel kleiner. Dan praat ons gemeentes en gemeentewees – daar waar ons eintlik moet vrug dra. Donderdag hoop ons om die lyne bymekaar te trek en huis toe te gaan in die wete dat ons gebroke, vrygespreek en diensbaar is.




Mag hierdie sinodesitting onthou word as 'n sitting waar ons saam as kerk werklik na die wil van God gesoek het.

**Taakspanleier.**

# NOORDELIKE SINODE 2012 * SKEMA VAN WERKSAAMHEDE

## MAANDAG 10 SEPTEMBER

Vanaf 8:00 Registrasie
- Registrasie en aankoms van afgevaardigdes
- Uitstallings kan besigtig word
- Koffie/tee beskikbaar

10:00 Opening en konstituering
- Die leraar met die langste diens wat die oudste is gaan voor (ds Thinus Grobler, Noordoos-Pretoria)
- Opening en konstituering
- Verslag DKB – Skema van werksaamhede
- Verkiesing van moderator en assessor. (Verkiesing van aktuarius en addisionele lid/lede volg na die verslag van die SDR)
- Verslag Sinodale Diensraad (SDR)

11:15 Bene rek.

11:30 Oggendsessie
- "Gewortel in Afrika" – Brig.genl. Ettienne Fourie

13:00 Ete

14:00 Eerste middagsessie
- Gewortel in Afrika (vervolg)
- Verslag SDR (vervolg)
- Verslag Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB)

15:30 Tee

16:00 Tweede middagsessie
- Verslag Sinodale Diensraad vir Ondersteuningsdienste (SDO)
- Verslag Sinodale Taakspan Regte (STR)

17:30 Verdaag

18:00 Ete

19:00 Aandprogram
- Gewortel in Afrika (vervolg)
- Aandwyding
- Reflektering in ringe

20:30 Verdaging

## DINSDAG 11 SEPTEMBER

07:00 Ontbyt

08:00 Oggendwyding
09:00 Eerste oggendsessie
- 'n Boom tussen ander bome - prof Nelus Niemandt
- Bespreking

10:30 Verslag Sinodale Diensraad vir Getuienis (SDG)

11:00 Tee

11.30 Tweede oggendsessie
- Verslag (SDG) (vervolg)

13:00 Ete en siësta

14:30 Koffie

15:00 Tweede middagsessie
- Verslag Sinodale Diensraad vir Gemeenskapsbetrokkenheid (SDGB)
- Verhale
- Tweede verslag STR

17:30 Reflektering in ringe

18:00 Ete

19:00 Aandprogram
- 'n Boom tussen ander bome (vervolg) (Belhar / ander besluite van die Algemene Sinode 2011)
- Aandwyding

21:00 Verdaging

## WOENSDAG 13 SEPTEMBER

07:00 Ontbyt

08:00 Oggendwyding

09:00 Eerste oggendsessie Tema: "Wat vrug dra op sy tyd" - prof Kobus Schoeman (30 minute)
- Verslag Sinodale Diensraad vir Gemeenteontwikkeling (SDGO)
- Verkiesing van addisionele lede op moderatuur / diensraadvoorsitters / moontlike ander

11:00 Tee

11.30 Tweede oggendsessie
- Predikantebegeleiding (STPB)
- Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)
- Bespreking

13:00 Ete en siësta

14:30 Koffie

15:00 Tweede middagsessie
- Beskrywingspunte en terugvoer van besprekings
- SDG (vervolg)
- Aandwyding
- Reflektering in ringe

18:30 Ete (vleisbraai)

## DONDERDAG 14 SEPTEMBER

07:00 Ontbyt

08:00 Oggendwyding

09:00 Eerste oggendsessie
- Verslag Ad hoc-taakspan vir Taakspanne en Verteenwoordigers
- Onafgehandelde sake
- Gebroke – vrygespreek – diensbaar

11:00 Tee

11.30 Tweede oggendsessie
- Nagmaal (voorsitter van die SDR)

12:30 Vertrek
Wegneemete.

NG KERK
NOORDELIKE
SINODE 2012

# VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR KOöRDINERING EN BESTUUR (DKB)

## 1. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

1.1 Die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB) is volgens Bepaling 35.2.1-4 saamgestel uit die moderatuur (dit is die moderator, assessor, aktuarius en een addisionele lid); die diensraadvoorsitters; die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree en die saakgelastigde van die sinode.
1.2 Die DKB het sedert die vorige sinode 27 keer vergader (tot op die datum van die finalisering van hierdie verslag). Drie van die vergaderings is spesifiek aan strategiese beplanning gewy.
1.3 Die SDR se funksionering word in bep 35.2.3 bepaal. Hierdie verslag word volgens die bepaling se uiteensetting aangebied.

*35.2.3 Die DKB hanteer*
*1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad aan hom opgedra is;*
*2. dag-tot-dag bestuursake;*
*3. die bepaling of wysiging van funksies en groepering van die diensrade en die aanwysing van taakspanleiers;*
*4. die koördinering van die diensrade se aktiwiteite;*
*5. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;*
*6. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.*

## 2. FUNKSIONERING

2.1 Hierdie verslag is opvallend kort vir 'n diensgroep wat byna dertig keer vergader het. Die rede daarvoor is dat die DKB nie self praktiese aksies uitgevoer het nie. Dit is deur die diensrade gedoen. Die DKB het aan die diensrade die geleentheid gegee om deurlopend terugvoer te gee oor die sake waarmee hulle besig is. Waar nodig het die DKB aan die diensraadvoorsitters advies gegee. In sekere gevalle is ook gereël dat diensrade mekaar in spesifieke aksies ondersteun. 'n Goeie voorbeeld is die ondersteuning wat deur die SDO aan die SDGO gegee is rakende studentebediening.
2.2 Die DKB het twee hooffunksies: koördinering en die hantering van dag-tot-dagbestuursake. In die uitvoering van sy werk het die DKB hom deurlopend deur die sinode se roepingsverklaring, kernwaardes en fokusareas laat lei. In die koördineringsfunksie is hoofsaaklik gesorg vir goeie skakeling tussen die diensrade. Verder het die DKB ook verseker dat daar goeie skakeling met die SDR was deur seker te maak dat enige saak wat aandag moet kry op die regte tafel kom en daar hanteer word.
2.3 Bestuursake het aandag gekry soos dit van tyd tot tyd nodig was. Daar was egter nie baie sodanige sake nie – hoofsaaklik omdat die diensrade goed gefunksioneer het en dat dit binne die raamwerk van die sinode se strategiese raamwerk moontlik is dat baie bestuursake per gedelegeerde bevoegdheid deur funksionarisse en personeel afgehandel kan word.
2.4 Die grootste winspunt van die DKB was dat dit die geleentheid geskep het vir kreatiewe gesprek oor prioriteite vir die bepaling van sake wat op die sinode se terrein lê asook oor aksies wat daaruitvoortspruitend gedoen behoort te word.
2.5 Die diensrade sal in hulle verslae oor spesifieke aksies verslag doen.

## 3. OPDRAGTE VAN DIE 2008-SINODE

3.1 Die Sinode van 2008 het slegs een saak spesifiek aan die DKB opgedra, naamlik 'n voorstel oor amalgamasie van die diensrade vir getuienis en gemeenskapsbetrokkenheid.
3.2 Indien dit nodig sou wees het die DKB nie nodig gehad om tot by die sinode te wag met 'n amalgamasie nie. Hy het immers volgens bepaling 35.2.3.3 'n staande opdrag om die funksies en groepering van diensrade te bepaal en te wysig waar nodig. Die DKB het egter geoordeel dat die diensrade vir die huidige onveranderd gelaat word en dat oorvleueling met oor-en-weer kommunikasie hanteer word. Daar was inderdaad verskeie gevalle van praktiese samewerking soos in die Sinodale Getuienisforum en in die besinning oor die stigting van 'n moontlike vigsforum. Die twee diensrade het ook saamgewerk aan hulle verslae wat voor hierdie sinode dien en sal sekere aspekte gesamentlik aanbied.

## 4. SKEMA VAN WERKSAAMHEDE



*1. Die DKB het 'n taakspan onder leiding van ***dr Roelf Opperman*** aangewys om die reëlings vir die 2012-sinode te tref. Die resultate van die taakspan se besinning kan gesien word in die voorwoord en in die skema van werksaamhede, asook in al die praktiese reëlings wat getref is.

*2. Die lede van die taakspan was Roelf Opperman, Gerrit Cloete, Johan Kruger, Daniël de Vos, Wynand van Niekerk, Attie Nel, Maartje vd Westhuizen, Lizl-Louise Schoeman, Immanuel van Tonder, Danie Ueckermann, Ernst Muller, Gustav Claassen, Michiel van der Merwe en Hermien Swart.

*3. 'n Bykomende taakspan is aangewys om die voorbereidings te tref vir 'n sinvolle inrigting van Skrifhantering en wydingsgeleenthede tydens die sinode. Die taakspan het bestaan uit James Kirkpatrick, Fanie Cronje, Kobus Myburgh, Attie Nel, Maartje vd Westhuizen, Lizl-Louise Schoeman, Fouche de Wet, Gustav Claassen en Roelf Opperman.

*4. Die voorgestelde Skema van Werksaamhede word aangeheg as **Bylae 1**.

## 5. SLOTWOORD


Die besinning en beoordeling van die DKB se werksaamhede het aan die lede die geleentheid gegee om mekaar te stimuleer sodat elkeen sy eie funksie in die sinode so sinvol en effektief as moontlik kon verrig. Die openhartige en kreatiewe gesprekke het baie bygedra tot nuwe inspirasie wat op verskeie maniere neerslag in elkeen se werksaamhede gevind het. 'n Onbeplande maar kosbare ervaring was dat die lede mekaar ook op verskeie maniere kon ondersteun in die ontwikkeling van teologiese insigte en bedieningsvaardighede. Vir die lede van die DKB was dit 'n besondere voorreg om by hierdie deel van die sinode se werksaamhede betrokke te wees. Ons vertrou dat ons werk bygedra het tot die goeie funksionering van ons sinode se diens in ons Here se koninkryk.

## 6. DKB – lede

*Voorsitter*: Dr Gustav Claassen




*Assessor*: Prof Malan Nel



*Aktuarius*: Dr Dewyk Ungerer



*Skriba /PSD:* Dr Gerrit Cloete




Ds Lizl-Louise Schoeman




*Voorsitter: SDGO* - Dr Willem Pretorius



*Voorsitter: SGD* - Ds Thinus Grobler



Voorsitter: SDGB - Dr Braam le Roux



Voorsitter: SDO - Dr Michiel van der Merwe



*Saakgelastigde*: Mnr Johan Kruger



**DKB – Bylae 1**
**Vgl DKB-verslag punt 4**

# SKEMA VAN WERKSAAMHEDE 2012

## 1. ALGEMEEN

1.1 Volgens bepaling bep 35.2.3.6 is die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB) vir die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode verantwoordelik.

1.2 Die DKB het dr Roelf Opperman versoek om die leiding te neem van 'n taakspan wat die voorbereidings vir die sinode moet tref. Na aanleiding van die besluite oor die sinode se strategiese funksionering, het die DKB gevra dat die taakspan moet toesien dat daar drie kernelemente in die sinode se agenda opgeneem word, naamlik sinvolle verslaggewing en besluitneming; gesonde verhoudingsbou en derdens kreatiewe visionering.

1.3 Die taakspan het wyd gekonsulteer, onder meer deur middel van vraelyste aan gemeentes, voordat die temas en agenda vasgestel is. 'n Oorsig van die taakspan se besinning word in die voorwoord tot die agenda gegee.

## 2. DATUM EN PLEK

2.1 Die SDR het die datum en plek bepaal as Maandag 10 tot Donderdag 13 September 2012 te Weesgerus, Modimolle (bep 32.1.1).

2.2 Kennisgewing aan kerkrade het per e-pos en via die Verskil (weeklikse nuusbrief van die Sinode) geskied.

2.3 Kennisgewing in *Kerkbode* is betyds gedoen (Bep 32.1.4).

## 3. VERVOER EN VERBLYF

### 3.1 Vervoer

1. Reiskoste word per motor uitbetaal waar 2-4 persone saamry; 5-8 persone = 2 motors. Waar slegs 1 persoon per gemeente kom, moet reëlings met 'n nabygeleë gemeente getref word om saam te ry.
2. 'n Dringende beroep word op die afgevaardigdes gedoen om te help met die kostebesparing van die vervoer.

### 3.2 Verblyf

1. Almal moet verkieslik op die terrein tuisgaan.
2. Persone moet bereid wees om chalets (kamers) te deel: 5 in 6-bed chalet en 4 in 4-bed chalet. Die benutting van karavane word aangemoedig.
3. Indien privaatverblyf verkies word, kan afgevaardigdes by 'n gastehuis in Modimolle tuisgaan op koste van hulle kerkraad of eie koste. (Moet self reël).
4. Persone wat bespreek en dan nie opdaag nie, se verblyfkoste sal van hulle kerkraad verhaal word.
5. Navraag oor die slaapgeriewe kan tydens die sinode by ds Danie Ueckermann (Nylstroom-Oos) gedoen word.

### 3.3 Etes

1. Etes en verversings word voorsien op koste van elke kerkraad vir die afgevaardigdes (R790,00 per persoon).
2. Afgevaardigdes wat 'n spesiale dieet moet volg, moet asseblief betyds met die sinodale kerkkantoor reël of self voorsiening maak.
3. Die dra van die naamkaartjies tydens etes is noodsaaklik.
4. Besoekers moet etes by die inligtingstoonbank bespreek.

## 4. AFVAARDIGING

4.1 Geloofsbriewe is van al die kerkrade ontvang. Die volledige lys van afgevaardigdes word in die lêer tydens registrasie voorsien en sal in die Handelinge opgeneem word.

4.2 Daar word voorsiening gemaak vir ongeveer 370 afgevaardigdes.

4.3 Die Teologiese Fakulteit Pretoria is uitgenooi om 'n waarnemer in adviserende hoedanigheid te stuur (op koste van die sinode) (KO Art 33.2).

4.4 In die kennisgewings is kerkrade versoek om in hulle afvaardigings ook dames en jonger persone te oorweeg.
4.5 'n Aantal teologiese studente van die Teologiese Fakulteit UP is as waarnemers genooi.

## 5. AANKOMS EN REGISTRASIE

5.1 Afgevaardigdes word dringend versoek om betyds op Maandagoggend 10 September te arriveer. Persone wat reeds die Sondagaand op die terrein wil slaap, moet met die sinodale kantoor skakel. (LW: verblyf is op eie koste).
5.2 Registrasie duur vanaf 08:00 tot 09:45. Ringskribas word versoek om betyds te arriveer en te help met die registrasie. Die ringskribas hanteer die wysigings en/of toevoegings tot die presensielys en besorg die besonderhede van die registrasie om 09:45 aan dr Gerrit Cloete, saam met gewysigde geloofsbriewe waar nodig.
5.3 Dit is belangrik dat naamkaartjies deurlopend gedra moet word.
5.4 Elke afgevaardigde ontvang 'n voorlopige presensielys met kamerindeling asook 'n terreinplan. Ander belangrike dokumente soos laatstukke, stembriewe asook 'n aantal uitdeelstukke van instansies wat toestemming daarvoor gevra het, word ter vergadering voorsien.

## 6. SKEMA VAN WERKSAAMHEDE

Sien voor in die Agendaboek.

**AANBEVELING:**
***1. Die verkiesing van die aktuarius geskied nadat die Verslag oor die Funksionering van Sinodale Strukture (SDR-verslag Bylae 3) hanteer is.**
***2. Die Sinode reël dat die uittredende aktuarius, dr Dewyk Ungerer, as aktuarius waarneem totdat 'n nuwe aktuarius verkies is.**

## 7. REËLINGS VIR SITTING

### 7.1 Opening en konstituering

1. Die afgevaardigde leraar wat ten tye van die sinode die langste diens het en die oudste in jare is, neem die opening en konstituering waar met 'n agenda van die DKB (vgl Bep 32.2.8). Vir hierdie sinode is dit ds Thinus Grobler (Noordoos-Pretoria).
2. Die amptelike presensielys word voorgedra deur dr Gerrit Cloete.
3. Tweederdes van die getal waaruit die sinode moet bestaan, moet by konstituering teenwoordig wees (Bep 32.2.5).

### 7.2 Agenda en Handelinge

1. Die sinode plaas geen embargo op sy verslae nie (Sinode 1999:216:2.2.2.2).
2. Laatstukke word aan die Taakspan Regte voorgelê vir advies aan die sinode (Bep 32.4.4).
3. 'n CD met die Handelinge sal aan so gou moontlik na die vergadering elke afgevaardigde voorsien word. Een skriftelike eksemplaar van die Handelinge sal aan elke gemeente voorsien word asook aan afgevaardigdes wat dit by die sinodale kerkkantoor bestel. Die gedrukte skriftelike eksemplaar word as die amptelike en korrekte verwysingsbron beskou.
4. Elke gemeente staan in vir die koste van die Agenda en Handelinge van sy afgevaardigdes.

### 7.3 Los voorstelle, mosies en opdragte aan diensrade

1. Die reëling in die Noordelike Sinode is dat voorstelle oor opdragte aan diensrade deur die betrokke diensraad self ter vergadering evalueer moet word. Finansiële implikasies moet ook in berekening gebring word. Die betrokke diensraad adviseer dan die sinode oor watter opdragte voorrang verdien en watter goedskiks gelaat kan word (Sinode 1997: besluit 21).
2. Los voorstelle moet vooraf aan die Moderatuur voorgelê word.

### 7.4 Spreekbeurte

1. Spreekbeurte word nie toegestaan aan persone wat nie lid van die sinode is nie. Hoogs uitsonderlike aansoeke word deur die moderator hanteer.

2. 'n Spreekbeurt duur verkieslik 3 minute (5 minute vir die inleier).

### 7.5 Nagmaal
Geen nagmaal sal tydens hierdie sinodesitting saam met die plaaslike gemeente gehou word nie.

### 7.6 Pers/Media
Verteenwoordigers van Kerkbode, *Beeld* en die plaaslike koerant in Modimolle is uitgenooi om die vergadering by te woon.

## 8. FUNKSIONARISSE
- **Taakspanleier:** Dr Roelf Opperman (Kameeldrif)
- **Steunspan:** Studente van die Teologiese Fakulteit UP (leier ds Wynand van Niekerk)
- **Notuleleier:** Ds Daniël de Vos (Sesmylspruit)
- **Verlof:** Ds Heinrich Carstens (Overkruin)
- **Skakeling** (onder andere met die pers): Die moderatuur
- **Aankondigings:** Dr Roelf Opperman (Kameeldrif)
- **Wydingsgeleenthede:** Dr James Kirkpatrick (Suidoos-Pretoria) en ds Attie Nel (Waverley)

## 9. ALGEMENE REËLINGS

### 9.1 Selfone
Selfone moet asseblief deurentyd in die saal afgeskakel bly.

### 9.2 Inligtingstoonbank
Is in die voorportaal beskikbaar.

### 9.3 Uitstallings
Verskillende uitstallings, wat as 'n Koninkryksfees aangebied word, kan in die tent voor die Nyl- en Waterberglokale besigtig word. Enige navrae rakende die Koninkryksfees kan aan Ernst Muller (emeritus, Florandia) gerig word.

### 9.4 Verkope/uitdeel van stukke
Geen artikels mag op enige plek verhandel en geen ander stukke mag uitgedeel word sonder die toestemming van die moderatuur nie.

### 9.5 Band- en video-opnames
Geen opname mag van enige deel van die sitting gemaak word sonder dat daar vooraf toestemming by die Moderatuur verkry is nie.

### 9.6 Mediese dienste
Die inligtingstoonbank dien as kontakpunt hiervoor.

### 9.7 Kleredrag
Gemaklik en netjies.

### 9.8 Bring saam
* Digitale kameras
* Swemklere en (swem)handdoek
* Vir die kampvuur (Woensdagaand) eie drinkgoed en kampstoele.

## 10. AANBEVELING : REËLINGS SINODE
**Die sinode keur die reëlings vir die Twintigste Vergadering van die Noordelike Sinode soos deur die Diensraad vir Koördinering en Bestuur getref, goed.**

**DR GUSTAV CLAASSEN (Voorsitter DKB)**
**DR GERRIT CLOETE (Skriba DKB)**

# VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (SDR)

## 1. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

1.1. Die Sinodale Diensraad (SDR) is volgens Bepaling 35.1.1-5 saamgestel uit die moderatuur (dit is die moderator, assessor, aktuarius en een addisionele lid); die diensraadvoorsitters; een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe; die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree en die saakgelastigde van die sinode. In uitvoering van bep. 35.1.1.6 is die volgende persone bygevoeg: drr JA Botha, HL Carelsen. JD Kirkpatrick, M Strydom* en ds M Nel*.

1.2 Met die emeritaat van dr Johan Pienaar moes die SDR die vakature van moderator vul. Dr Gustav Claassen is op die vergadering van 4 Junie 2010 verkies. In sy plek is dr Braam le Roux tot voorsitter van die SDGB verkies.

1.3 Die moderatuur, bygestaan deur die PSD en saakgelastigde het as dagbestuur van die SDR opgetree – hoofsaaklik met die funksie om aksies en prosesse van die SDR te koördineer.

1.4 Die SDR het 13 keer vergader. Geen buitengewone vergaderings is gehou nie.

1.5 Die SDR se funksionering word in bep 35.1.4 bepaal. Hierdie verslag word volgens die bepaling se uiteensetting aangebied.

## 2. OPDRAGTE EN FOKUSAREAS

Die SDR se taak word in bepaling 35.1.4 beskryf.

| |
|---|
| *Die SDR behartig:*<br>*1. alles wat deur die sinode aan hom opgedra word met die fokus op visionering, ekumene, predikante-begeleiding en teologiese refleksie;*<br>*2. onderhewig aan bepaalde besluite van die sinode, voorlopig alle spoedeisende sake wat tot die terrein van die sinode behoort, waar nodig deur die aanwys van ad hoc-spanne;*<br>*3. die benoeming van predikante in sinodale diens nadat die sinode goedkeuring verleen het tot die daarstelling / kontinuering van die pos;*<br>*4. die goedkeuring van die begroting op voorlegging van die Sinodale Diensraad vir Ondersteuning en die arbiterstaak wanneer 'n verskil van mening oor die begroting ontstaan wat nie onderling opgelos kan word nie;*<br>*5. in buitengewone gevalle die ontmoeting van persone of instansies met die oog op pastorale gesprek;*<br>*6. die aanwysing van 'n taakspan wat appèlle met afhandelingsbevoegdheid hanteer;*<br>*7. skakeling met die owerheid, indien nodig.* |

### 2.1 Visionering

*1. Die Sinode se kernwaardes en fokusareas wat by die vorige sinodesitting bepaal is, was die SDR se funksioneringsraamwerk en is deurlopend in gedagte gehou.

*2. Die Ontwerpspan van die 2008-sinode het die kritiese areas wat tydens die sinodesitting na vore gekom het saamgevat:

*2.1 *Wye deelname* Een van die winspunte van die sinode was die diversiteit van die persone wat by die ronde tafels aan die gesprekke deelgeneem het. Die feit dat die moderator die sinodegangers bemagtig het om self te praat, was baie positief. Daar het heelwat kleiner gedagtes by die tafels losgekom wat op verskillende maniere opgevang is. Dit sal na die bosberaad en na die verskillende kommissies gekanaliseer word.

*2.2 *Verandering op grondvlak* Wat baie sterk in al die gesprekke deurgekom het, is dat daar op grondvlak 'n verskil gemaak moet word. Gemeentes en ringe sal baie meer op grondvlak in die gemeenskap betrokke moet raak. Gemeentes en ringe sal ook al hoe meer kreatiewe netwerke moet vorm wat hulle bediening ondersteun.

*2.3 *Bou van verhoudings* Verhoudingsbou skep vertroue en spontaneïteit. Verhoudings is op 'n spontane manier tydens die sinodesitting gebou. Daar word net al hoe meer besef dat dit 'n aspek is wat nooit agterweë gelos mag word nie. Verhoudingsbou na binne en na buite moet steeds die volgende paar jaar op die sinode se tafel lê.

*2.4 *Kerkhereniging* Hoewel die kerkherenigingsgesprek vir baie sinodegangers 'n frustrasie was – veral omdat party vinniger en ander stadiger wou beweeg, is die gesprek oor die saak oopgemaak. Terwyl daar van leiers gevra word om sterker leiding te neem, het die sinode ook besef dat kerkhereniging op voetsoolvlak gemaak of gebreek kan word.

*2.5 *Stories van hoop* Die stories van hoop is geweldig positief beleef. Miskien moet daar meer geleenthede geskep word hoe ons mekaar se stories kan hoor
*2.6 *Veranderende samelewing* Geluide wat wyd tydens die sinode voorgekom het, was die feit dat die wêreld baie vinniger verander as wat ons besef. Om vandag kerk te wees het sy eie uitdagings. Ons sal moet probeer verstaan wat in die verskillende generasies se leefwêrelde aan die gang is en deur watter bril hulle na die wêreld kyk. Gemeentes en ringe sal kreatief bemagtig moet word om steeds relevant te bly."
*3. Reeds by sy eerste gewone vergadering het die SDR bepaal dat die NG Kerk in die Noordelike Sinode hom met die volgende moet besighou:
* Hy moet die konteks help beskryf: Konteks en verandering / bestuur van verandering, gemeentevernuwing en leierskapontwikkeling.
* Diversiteit.
* Gemeentes en ringe moet op grondvlak inisiatief inisieer – moet ruimte kry om binne hulle konteks te funksioneer
* Verdieping van ons verstaan en belewing van ons die evangelie – moet tussen alle indrukke heen op met onderskeiding werk en nie met demokrasie nie
* Moet stories van hoop bemark – ons moet makelaars van hoop wees,
* Fokus op gemeentes wat swaarkry.
* Moet indringend met mekaar oor kerkhereniging en versoening praat.
* Moet werk aan beter onderlinge funksionering tussen gemeentes en ringe.
* Ringsfunksionering.
* (Ekumene) vermeerdering van sluiting van vennootskappe met ander kerke.
* Kerkhereniging.
* Samevattend – pogings om gemeentes en ringe se funksionering te verbeter asook die gesprek oor kerkhereniging is die sake wat as kritiese areas uitstaan.
*4. Dit is moeilik om te bepaal in watter mate met al hierdie sake sukses behaal is. Die aksies was nie noodwendig op spesifieke sake gevestig nie alhoewel sommige sake van tyd tot tyd spesifieke aandag gekry het. Voorbeelde is geleenthede soos padberade waar aandag aan onder meer ringsfunksionering en kerkhereniging gegee is.
*5. Die vraag is eerder in watter mate daar in die sinode 'n atmosfeer geskep is wat dit kreatiewe funksionering stimuleer. Ook hier is dit moeilik om die mate van sukses presies te meet. Dit wil egter wel voorkom asof daar meer positiewe as negatiewe tendense is.

## 2.2 Ekumene
### 2.2.1 Kerkhereniging van die NG Kerkfamilie
#### 2.2.1.1 Sinodebesluit 2008
*1. Die Sinode het in 2008 die volgende besluit geneem: *Die Noordelike Sinode:*
*1. Bevestig dat ons verbintenis aan kerkhereniging uit ons oortuiging vloei dat ons mense is wat deur die genade van God Drie-enig nuutgemaak is en daarom geroep is om gebroke verhoudings te herstel en as kerk van Christus versoening en hoop in ons wêreld te bring (vgl Roepingsverklaring).*
*2. Verbind ons opnuut aan die proses op Algemene Sinodale vlak en versoek die SDR om binne die reeds bestaande besluite van die Noordelike Sinode aktief aan die proses deel te neem.*
*3. Erken dat daar oor die modelle van strukturele eenheid en die proses om eenheid te bereik tans geen eenstemmigheid bestaan nie.*
*4. Erken dat die verloop van die proses tot dusver tot baie onsekerheid en ongemak gelei het en dat daar kennis geneem word van heelwat gemeentes se sterk afwysing van die Algemene Sinode se dokumentasie en werkswyse. Ons het waardering dat die SDR en ASM dit reeds erken het. Ons aanvaar egter alle persone wat by die kerkherenigingsproses betrokke was se integriteit.*
*5. Ervaar dat die openbare gesprekvoering oor die proses deur leierskap op die Algemene Sinodale vlak van die NGK, URCSA , RCA en NGKA die proses op streeksvlak erg benadeel.*
*6. Erken dat daar in gemeentes in die NG Kerk lidmate is wat met kerkhereniging as sodanig probleme het.*
*7. Besef dat in ons ywer vir kerkhereniging ons nie genoegsaam aandag daaraan gee om mekaar in ringe te begelei om deur die bou van verhoudings ons en ons gespreksgenote se vrese, voorbehoude en drome te hoor nie. Ons versoek die SDR om 'n ad hoc span saam te stel en daarvoor te begroot om met ringskommissies in gesprek te tree sodat elke ring 'n eie proses hiervoor kan ontwerp en bedryf.*
*8. Bid dat die proses wat dikwels die indruk van vasgelooptheid wek sal voortgaan sodat ook dit 'n getuienis in ons wêreld kan wees dat gelowiges daartoe geroep is om alles in ons vermoë te doen om mekaar te hoor.*
*2. Vir die uitvoering van die opdrag het die SDR 'n ad hoc-taakspan saamgestel. Die eerste werksaamhede van die taakspan was persoonlike ontmoetings maar dit het algaande tot elektroniese skakeling oorgegaan. Die taakspan het beklemtoon dat skakeling op verskillende vlakke plaasvind (by die Algemene Sinode, die SDR en plaaslike; formeel en informeel) en dat die gesprek volgens die sinodebesluit op ringskommissies moet fokus. 'n Opname is by ringskommissies gedoen waarin twee vrae gevra is: Wat doen julle tans aan verhoudingsbou? en Wat wil julle graag doen?. Die opname het getoon dat formele

skakeling op min plekke plaasvind en dat daar nie veel entoesiasme vir nuwe aksies is nie. Na aanleiding van die opname het die SDR op aanbeveling van die taakspan aanvaar dat ringe en gemeentes genoegsaam bewus is van prosesse oor kerkeenheid en dat geleenthede wat hulle op plaaslike vlak voordoen wel gebruik word. 'n Gedrewe poging vanaf die SDR met nuwe pogings tot gesprekke sou waarskynlik nie enige wesenlike nuwe resultate tot gevolg hê nie. Die SDR het gevolglik volstaan met die inisiatief wat deur die moderatuur gelei word (vgl. 2.2.2.2 hieronder).

**2.2.1.2 Sinodale Getuienisforum en vergaderings van moderature**
*1. Die Sinodale Getuienisforum het in 2003 tot stand gekom as 'n gesamentlike werksaamheid van die Noordelike en Oostelike Sinodes van die NG Kerk en die Noordelike Sinode van die VGKSA. Met verloop van tyd het dit duidelik geword dat die Forum nie die beste instrument is om skakeling tussen die drie kerke te bewerkstellig nie. Na gesprekke tussen die drie sinodes se moderature, bygestaan deur die taakspanne vir getuienis, is geoordeel dat die Forum se bestaan getermineer moet word.
*2. Met die sluiting van die SGF het die Sinodale Diensraad, soos die ooreenstemmende kommissies van die twee ander sinodes, die volgende gelykluidende besluit aanvaar:
*The Synod*
*1. Commits itself to work with the other two participating synods towards the goal that eventually al the churches and congregations will be stimulated to reach out to each other and to work together as true missional churches according to God's will;*
*2. Accepts that the SWF is not the best vehicle for the realisation of this ideal;*
*3. Accepts that the SWF should be dissolved by the SWF as soon as possible according to the regulations of the constitution of the SWF;*
*4. Entrusts the moderature, in partnership with the moderatures of the two other synods, and in conjunction with its ministry for service and witness, and/or other similar or relevant ministries, to take responsibility for leadership in the realisation of the ideal as set out in 1 above.*
*3. Die SGF se funksionaris, ds Andries Louw, het op 30 Junie 2011 geëmeriteer en die SGF het op 31 Augustur 2011 formeel ontbind.
*4. Die terminering van die SGF het gelukkig nie 'n lugleegte gelaat nie. Die moderature van die drie sinodes vergader sedert Februarie 2011 gereeld. Die moderature van die Reformed Church in Africa en die NG Kerk in Africa (Noordelike Sinode) is sedert die begin van 2012 ook betrek. Die fokus van die vergaderings is die vraag hoe sinodes gemeentes van al die kerke kan stimuleer om missionale kerke te word in die sin wat God wil hê ons moet wees.
*5. Die samewerkingspoging van die vyf sinodes het nog nie hoogtepunte bereik nie maar die vroeë pogings lyk belowend. 'n Goeie voorbeeld is die inisiatief om gemeentes aan te moedig om gesamentlike gebedsgeleenthede op Pinkstersondag 27 Mei te reël.

## 2.3 Predikantebegeleiding
Predikantebegeleiding is deur 'n taakspan onder leiding van die assessor hanteer. 'n Verslag vanaf die taakspan word as aanvullende verslag aangeheg **(Bylae 1)**.

## 2.4 Teologiese refleksie
*1. 'n Beduidende deel van die vergadertyd van die SDR is gegee aan besinning oor aktuele teologiese sake. Onderwerpe wat aandag gekry het was onder meer ons belydenisgrondslag, rentmeesterskap, doopviering, kategese en belydenisaflegging, die huwelik as kerklike en staatkundige instelling en Gereformeerde Skrifhantering in 2012.
*2. Leraars en gemeentes is van die onderwerpe om kennis gestel en uitgenooi om die besprekings by te woon.
*3. Die SDR-lede as verteenwoordigers van hulle ringe is telkens versoek om in die ringe terugvoer oor die besprekings te gee.

## 2.5 Ander SDR-opdragte
Die ander sake wat volgens Bepaling 35 1.4.2-7 aan die SDR opgedra is, het aandag gekry soos dit nodig geword het.

# 3. OPDRAGTE VAN DIE 2008-SINODE
Opdragte aan die SDR wat nog nie op 'n ander plek in die verslag aandag gekry het nie, is die volgende:

## 3.1 Moraliteit van Grondhervorming
(*"Die sinode gee opdrag aan die SDR om steeds aan die saak aandag te gee."*)

3.1.1 Die saak het van tyd tot tyd aandag gekry. Die meeste werk in hierdie verband is deur die Algemene Sinode gedoen.

## 3.2 Gereformeerde Verset

(*"Die verslag (A.2 Bylae 1, p18) word terugverwys na die SDR vir verdere ondersoek en beter formulering en implementering."*)
3.2.1 Die dokument is herformuleer en op die sinode se webblad as besprekingsdokument geplaas.

## 3.3 Alternatiewe elemente en rituele

(*"Die sinode versoek die SDR om teologiese refleksie te doen oor die instel en gebruik van alternatiewe elemente en rituele vir die sakramente."*)
3.3.1 Die SDR het 'n taakspan aangewys en die resultaat van hulle besinning is op die webblad as besprekingsdokument geplaas.

## 3.4 Gravamen Art 9.2

(Kerkraad Levubu) (*"Die sinode 1. neem kennis van die laat ingekome stuk van die kerkraad van Levubu; 2. verwys die stuk na die SDR vir studie; 3. versoek die moderatuur om die kerkraad te ontmoet vir 'n pastorale gesprek oor die tussentydse toepassing van Kerkorde artikel 9.2."*)
3.4.1 Die SDR het 'n taakspan aangewys wat 'n gemotiveerde aanbeveling oor die herformulering van nie alleen Artikel 9 nie, maar oor al die artikels rakende die ampte aan die Algemene Taakspan Regte deurgestuur het. Na afloop van die taakspan se werksaamhede het die kerkraad van Levubu geoordeel dat 'n gesprek nie meer nodig is nie.

## 3.5 Werklading aktuarius

(*"In die lig van die gespesialiseerde aard van en die werklading (onder andere die tribunaal) van die aktuarius, versoek die sinode die SDR om aandag te gee aan 'n meer permanente pos van aktuarius."*)
3.5.1 'n Belangrike deel van die aktuarius se werk, en 'n funksie wat baie tyd in beslag neem, is die hantering van tugondersoeke en appèlsake. Met die instelling van die Algemene Bevoegdheidsraad sal baie van die werk wat tevore deur die aktuarius gedoen is, deur die ABR hanteer word. Dit behoort baie by te dra om sy werklading drasties te verminder. Die behoefte aan 'n meer permanente pos bestaan dus nie meer nie.

## 3.6 Sentrale betaalstelsel

*("Die sinode versoek: 1. die SDO om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n sentrale betaalstelsel vir leraars in die Noordelike Sinode. 2. die SDO om aan die SDR verslag te doen.")*
3.6.1 Die SDO het die SDR geadviseer dat hy nie 'n sentrale betaalstelsel kan aanbeveel nie. Die volgende motivering is gegee:
"1...Die SDO hoor duidelik die behoefte van gemeentes wat nie in staat is om hulle leraars op vol skaal te betaal nie. Die vraag is of sentrale salarisse die beste manier is om die probleem aan te spreek. Die SDO is van mening dat dit eerder op 'n ander, kreatiewe manier aangespreek sal moet word.
2. Die werklik beskikbare bedrag vir addisionele salarisse, nadat administratiewe koste verhaal is, gaan waarskynlik nie wesenlik verligting bring in hierdie opsig nie.
3 So 'n reëling gaan waarskynlik negatief impakteer op ons bestuursbeginsel van kort, eenvoudige besluitnemings- en kommunikasiekanale.
4 Dit is nie heeltemal duidelik wat die arbeidsregtelike risiko's verbonde aan so 'n reëling sal wees nie – byvoorbeeld as salarisse aangepas word, rentekoerse verlaag en daar nie meer genoeg fondse is om almal te betaal soos ooreengekom nie.
5 Watter kriteria gaan gebruik word om te bepaal watter leraars se vergoeding, met die beperkte fondse, aangepas gaan word en watter s'n nie?
6 Die kompleksiteit van so onderneming kan nie vergelyk word met 'n sisteem waar een werkgewer 250 salarisse administreer nie, en die kantoor sal beslis kapasiteit moet inkoop.
3.6.2 Die SDR het geoordeel dat die sinode se opdrag uitgevoer is maar het die SDO versoek om steeds te besin en veral te kyk na gevalle waar leraars onder die aanbevole vergoedingspakkette van die Algemene Taakspan vir Fondse vergoed word.

## 3.7 Bemagtiging van Ringe

'n Aanvullende verslag word as **Bylae 2** aangeheg.

# 4. ANDER SAKE DEUR DIE SDR HANTEER

## 4.1 Funksionering van sinodale strukture

'n Aanvullende verslag word as **Bylae 3** aangeheg.

## 4.2 Gesamentlike Sinodale Kommissie (GSK)
Die verslag vanaf die GSK word aangeheg as **Bylae 4.**


## 4.3 Teologiese opleiding
*1. Die teologiese opleiding by die Universiteit van Pretoria is nie 'n aksie van net een sinode nie maar word deur gesamentlik deur die vier "Transvaalse" sinodes gedoen. Die Kuratorium is ook nie aan 'n enkele sinode gekoppel nie maar funksioneer as 'n onderkomitee van die GSK. Die sinode het vier verteenwoordigers en vakatures is deur die SDR aangevul.
*2. Oor die afgelope paar jaar het 'n mooi gebruik ontwikkel, naamlik dat die kerklike dosente van die Fakulteit Teologie Pretoria gereeld uitgenooi is om die SDR te besoek en om aan die besinning oor teologiese sake deel te neem. Hierdie jaarlikse besoek word deur beide die SDR-lede en die dosente as 'n belangrike en sinvolle ontmoeting beleef.
*3. Die Kuratorium se verslag word aangeheg as **Bylae 5.**

## 4.4 Besluite van die Algemene Sinode 2011
*1. Die SDR het in Pretoria, Rustenburg en Polokwane geleenthede gereël waarby terugvoer oor die Algemene Sinode en meer inligting oor 'n paar besluite gegee is. Die besluite wat veral aandag gekry het was oor kerkhereniging, oor die saamwoon van nie-getroudes, oor die bediening van bevryding en oor die Belydenis van Belhar.
*2. Die Algemene Sinode se besluite oor kerkhereniging en oor die moontlike aanvaarding van die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif moet volgens 'n lang proses nog deur kerkrade en sinodes hanteer word. Vorderingsverslae oor die prosesse word aangeheg as **Bylae 6** (kerkhereniging) en **Bylae 7** (Belhar).


## 4.5 Beskrywingspunte
Die SDR se taak word in bepaling 32.4.2 beskryf: *Beskrywingspunte en beswaarskrifte*
*Beskrywingspunte en beswaarskrifte moet vier maande voor die datum van die sitting in die hande van die skriba wees en word deur afgevaardigdes, kerkrade, ringe, ringskommissies en diensrade van die Sinode ingedien. Die moderatuur hanteer die verwysing van die beskrywingspunte en beswaarskrifte na die onderskeie diensrade van die sinode, met opdrag dat die diensraad hierdie beskrywingspunt(e) by sy verslag inwerk of as aanvullende verslag voor die sinode lê. Die spesifieke beskrywingspunt is die voorstel voor die vergadering, met die diensraad se aanbeveling as eerste amendement (indien nodig).*
*1. Die drie beskrywingspunte wat teen die sperdatum ontvang is, is al drie deur die moderatuur na die SDR verwys (vgl Bepaling 32.4.2).
*2. Uitvoering: Die Ring van Waterberg het sy beswaarskrif (oor postteïsme) teruggetrek. Die ander twee, met die SDR se respons, word as 'n aanvullende verslag voorgelê (**Bylae 8**).

## 4.6 Monumentpark-Wes
Die gemeente het versoek om by die Ring van Pretoria-Oos in te skakel. Die Sinodale Diensrade van die Noordelike en Oostelike Sinodes het die versoek ondersteun. Die Algemene Sinodale Moderamen het dit goedgekeur. Monumentpark-Wes is gevolglik vanaf 1 Maart 2012 deel van die Ring van Pretoria-Oos en van die Noordelike Sinode.

## 6. SLOTWOORD
In die verslag word 'n oorsig gegee van die SDR se werksaamhede sedert die vorige sinode. Wat nie gereflekteer word nie, is die groot waarde wat die SDR gehad het in die bevordering van kommunikasie en deursigtigheid in sinodale werksaamhede. Die aandeel van elke lid van die SDR word hiermee met dankbaarheid erken.



**DR GF CLAASSEN (Voorsitter)**



**DR GJ CLOETE (Skriba)**

**BYLAES**

Bylae 1: Predikantebegeleiding.
Bylae 2: Bemagtiging van ringe.
Bylae 3: Funksionering van sinodale strukture.
Bylae 4: Gesamentlike Sinodale Kommissie (GSK).
Bylae 5: Kuratorium.
Bylae 6: Algemene Sinode proses: kerkhereniging.
Bylae 7: Algemene Sinode proses: Belhar.
Bylae 8: Beskrywingspunte.

NG KERK
NOORDELIKE
SINODE 2012

**SDR - Bylae 1**
**Vgl SDR-verslag pt 2.3**

# SINODALE TAAKSPAN VIR PREDIKANTEBEGELEIDING

## 1. INLEIDING
Sedert die vorige sinodesitting het die Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding (STPB) bestaan uit Malan Nel (voorsitter en Voortgesette Bedienings Ontwikkeling), Fanie Cronje (wegbreke), Johan van den Heever (mentorskap), Roelf Opperman (spanontwikkeling), Paul Grobler (ringe), Johan van Loggerenberg (brugpastoraat) en Leon Forsman (sekretariaat).

## 2. A-Z BELEID
### 2.1 Werksaamhede
*1. Die STPB maak gebruik van ringsverteenwoordigers. Hierdie verteenwoordigers verseker dat predikantebegeleiding tot binne die ring sy reg kom. Daar is moeite gedoen om jaarliks twee kontakgeleenthede tussen die taakgroep en die ringsverteenwoordigers te bewerkstellig. By een van hierdie jaarlikse geleenthede het die hele taakgroep die verteenwoordigers in Pretoria ontmoet en by die ander geleentheid is die ringsverteenwoordigers deur Malan Nel en Paul Grobler besoek. Gedurende die reses is 4 sodanige besoeke by ringsverteenwoordigers afgelê. By laasgenoemde besoeke was die voorsitters van ringe soms saam met die ringsverteenwoordigers by die ontmoetingsgeleentheid. In sommige gevalle was die volledige ringskommissies teenwoordig en in ander gevalle was al die predikante van die ring teenwoordig. In die 'uitrol proses' van die A-Z Beleid was Malan Nel vergesel van 'n moderatuurslid en 'n lid van die taakspan. Die huidige moderator, Gustav Claassen, was sover moontlik in 2011 en 2012 deel van die besoeke.
*2. By hierdie gespreksgeleenthede is daar onder andere gepraat oor versorging binne ringsverband, verdere teologiese opleiding en die gepaardgaande krediete wat daarvoor gekry word, funksionering van diensverhoudingkommissies asook aspekte van die praktiese implementering van die A-Z beleid. Een van die uitvloeisels van hierdie kontakgeleenthede was dat predikantebegeleiding by die meeste ringsittings nie net 'n vaste punt op die agenda is nie, maar dat daar ook vir ruim besprekingstyd voorsiening gemaak word. In sommige gevalle was daar selfs ringe wat 'n volledige ringsitting aan predikantebegeleiding gewy het.
*3. Die taakgroep is ook dankbaar dat daar reeds vier opleidingsgeleenthede vir diensverhoudingkommissies was. Malan Nel en Dewyk Ungerer het die verantwoordelikheid hiervoor geneem. Dit is beide se oortuiging dat hierdie opleiding nie net dringend noodsaaklik is nie, maar ook van groot waarde was.

### 2.2 Die pad vorentoe
Die stelsel van ringsverteenwoordigers en die gepaardgaande gereelde ontmoetingsgeleenthede werk goed en het in die afgelope paar jaar mooi ontwikkel. Dit behoort in die toekoms nog verder uitgebou te word.

## 3. MENTORAAT
### 3.1 Inleiding
Die ervaring is dat al hoe meer predikante wel in mentor verhoudings staan. Hierdie mentors is nie noodwendig deur die taakspan opgelei nie. Leraars kies gewoon persone wat hulle as mentors vertrou. Die positiewe hiervan is dat, sover vasgestel kon word, die meeste dominees nie net van die program weet nie, maar ook 'n informele mentor het.

### 3.2 Kursusse
Daar is saam met Oostelike Sinode en Wes-Transvaal 'n vlak II kursus in mentorskap ontwikkel. Die kursus is 14-16 Augustus vir leraars aangebied. Hierdie kursus word ook vir die kapelane van die SANW aangebied.

### 3.3 Inskakeling van die teologiese studente by die mentorprogram:
Vir die afgelope vyf jaar word die kursus in mentorskap vir die vyfde jaar studente aangebied. Met die koms van dr André Bartlett word dit nou vir die vierdejaars aangebied. Hiermee word probeer om beter verhoudings en integrering van die jaargroepe te bewerk. Meer senior studente tree vir junior studente as mentors op. Hierdie jaar was ook die eerste keer dat die vlak I en II-programme vir hulle aangebied is. Die opleiding

van die studente behoort na verwagting daartoe aanleiding te gee dat al hoe meer predikante wat die bediening betree, mentors het.

### 3. 4 Inskakeling van dosente by die mentorprogram:
Dit bly steeds die droom dat die dosente van die Teologiese Fakulteit ook by die mentorprogram sal inskakel. Dit sal meewerk tot die motivering van die teologiese studente om ook deel van die program te wees.

### 3.5 Ten Slotte
Die STPB bly steeds opgewonde oor die mentorskap program en hoop steeds dat leraars sal voortgaan om dit as deel van hulle versorging te sien.

## 4. BRUGBEDIENING
*1. Die brugbediening het sedert die 2008-sinode ontwikkel. Dit handel oor die begeleiding van gemeentes om ten tye van predikantevakatures afskeid te neem van die vorige bedieningstydperk en om hulle vir die volgende tydperk voor te berei. So word gemeentes begelei om gereed te wees wanneer 'n nuwe predikant beroep en ontvang word.
*2. Praktykervaring het geleer dat gemeentes te dikwels te gou beroep wanneer 'n vakature ontstaan. Wanneer 'n vakature gevul word, is meer as finansiële vermoë op die spel. 'n Brugpredikant help die gemeente om afskeid te neem, sy eie identiteit weer te ontdek, met die leiergroep 'n proses te loop vir die soort leraar wat beroep behoort te word en om die band met die kerkverband lewend te hou. Die brugpredikant hou ook die basiese gemeentelike prosesse aan die gang.
*3. 'n Kursus in brugbediening word jaarliks deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by UP aangebied. Geselekteerde predikante word daar opgelei om gemeentes in hierdie nuwe tydperk te begelei. Aansoeke word gerig aan "Brugbediening" wat 'n taakspan van die STPB is. Sedert die laaste sinode is ses predikante opgelei.
*4. Brugbediening behoort nog verder ontwikkel te word. Hiervoor is die samewerking van gemeentes en ringe baie nodig!

## 5. SPANONTWIKKELING/ INDUKSIE
### 5.1 Beleid
Dit is die Noordelike Sinode se beleid dat elke leraar wat nuut in 'n gemeente bevestig word, saam met die leraarspan of leiers in die gemeente 'n spanontwikkelingsproses en inskakelingsproses deurloop. Dit is 'n gefokusde proses waar die leraar en sy/haar kollegas en ander leiers in die gemeente mekaar baie goed leer ken en waardeer.

### 5.2 Begeleiers
Die volgende persone was deel van die taakspan wat spanontwikkelingsprosesse in die sinode begelei het: Roelf Opperman, Wimpie Jordt, Michiel van der Merwe, Paul Grobler, Christiaan Gericke, Fritz Snyman, Johan van den Heever en Leon Forsman.

### 5.3 Statistiek
Sedert die vorige sinodesitting is daar 40 leraars (voltyds, tentmakers en kontrak-leraars) in die Noordelike Sinode bevestig. Twaalf (12) van die leraars het van die sinode se spanontwikkelingsproses gebruik gemaak en 4 gemeentes het hulle eie program gevolg. Met die skryf van die verslag was daar 'n verdere 2 gemeentes wat beroep het en aangedui het dat hulle van die sinode se spanontwikkelingsproses gebruik gaan maak. Gemeentes uit ander sinodes het ook van ons begeleiers gebruik om spanontwikkelingsprosesse in hulle gemeentes te begelei. Daar het selfs 'n gemeente uit die Hervormde Kerk van ons spanontwikkeling gebruik gemaak.

### 5.4 Nie net vir nuwe predikante
Die spanontwikkelingsproses is ook so aangepas dat bestaande spanne wat behoefte daartoe het, of wat verhoudingsprobleme binne die span het, ook van die proses gebruik kan maak. Enkele gemeentes het reeds hiervan gebruik gemaak.

### 5.5 Ten slotte
Die STPB bly steeds baie opgewonde oor die spanontwikkeling wat in die Noordelike Sinode gedoen word en hoop dat gemeentes sal voortgaan om hiervan gebruik te maak.

# 6. WEGBREKE

## 6.1 Taakspan

Die span wat die wegbreke gereël het, was Fanie Cronjé (sameroeper), Paul Grobler, Roelf Opperman, Johan van den Heever, Leon Forsman en Alan Childs. Ons poog dat daar met elke geleentheid ten minste twee lede van die taakspan saamgaan om die program aan te bied.

## 6.2 Program

Die program behels basies ontspanning, genoegsame slaaptyd, Bybel lees, formele spele en luister na mekaar se stories.

## 6.3 Wegbreekgeleenthede

*1. Daar is tot dusver vier wegbreekgeleenthede aangebied, drie gedurende 2011 en twee gedurende 2012. Daar is nog een geleentheid vir 2012 geskeduleer, te wete 19-21 November.
*2. Die vier geleenthede wat reeds plaasgevind het, is deur 46 kollegas bygewoon. Vyf van die ses taakspanlede het reeds ten minste een geleentheid bygewoon. Uit al die leraars in die sinode het 51 dus reeds 'n wegbreek bygewoon.

## 6.4 Terugvoer

*1. Terugvoer van elke geleentheid was oorweldigend positief.
*2. Klagtes handel in die reël oor te min rus en dat die program te druk is.
*3. Belangrike terugvoer is dat sommige kollegas beleef dat vriendskapsbande wat gesmee word moeilik in stand gehou word. Na twee maande het kollegas mekaar se name reeds weer vergeet.
*4. Talle kollegas het die behoefte aan opvolggeleenthede en/of meer gereelde wegbreek uitgespreek.
*5. Enkele kollegas het gemeld dat 'n groter gesamentlike wegbreek 'n plek het en het selfs 'n behoefte aan so 'n geleentheid uitgespreek.
*6. Byna sonder uitsondering was kollegas se belewenis: dit is 'n veilige ruimte. Ek kan maar myself wees; ek kan hierdie kollegas vertrou.
*7. 'n Tipiese stukkie terugvoer: "Om saam met kollegas Bybel te lees is die mees bevredigende ontdekking van my bediening die afgelope twee jaar."

## 6.5 Evaluering

*1. Drie dae en twee nagte is vir die meeste kollegas 'n realistiese tyd om uit die gemeente te wees. Vier of vyf volle dae sal waarskynlik meer waardevol wees.
*2. Stories vertel/luister is waardevol. Kollegas maak met enkele uitsonderings na oop en skram nie weg van intense emosies nie. Die taakspan se indruk is dat kollegas oor die algemeen met oorgawe na mekaar luister en in die reël mekaar nog verder uitvra. Daar is egter ook opgemerk dat te veel stories in te lang sessies kollegas oorbelaai.
*3. In sommige gevalle is emosies en sake op die tafel geplaas wat na regte verdere individuele aandag regverdig. Enkele kollegas het inderdaad in hulle evaluering ook hierna verwys. Die taakspan sou in die toekoms kan oorweeg om twee of drie sielkundiges/beraders/spesialiste te kontrakteer om in hierdie verband beskikbaar te wees en om langs die regte kanale daarvoor te begroot.
*4. Ons kan oorweeg om weer by geleentheid 'n groot gesamentlike wegbreek aan te bied.

# 7. WAT HOU DIE TOEKOMS VIR PREDIKANTEBEGELEIDING IN?

Buiten die toegekende verantwoordelikhede het die STPB tydens 'n werkwinkel deeglik besin oor die begeleiding van predikante in ons sinodale streek. Die volgende sake het duidelik na vore gekom:

## 7.1 Rolverwagting

Daar is by baie leraars onsekerheid ten opsigte van hulle rol in hulle gemeentes. Sake soos rolvinding, rolverwagting, rolvervulling en rolverlies behoort aandag te kry. Die veranderde samelewing maak dat dit 'n komplekse saak is waaraan dringende aandag gegee sal moet word.

## 7.2 Vergoeding

Die saak van vergoeding van leraars bly as 'n dringende saak op die tafel. Daar is gemeentes wat nie hulle leraars volgens die aanbevole skale vergoed nie terwyl ander gemeentes weer meer as die aanbeveling vergoed. Dit word waargeneem dat daar predikante is wat finansieel swaar kry en ook toenemend ander bronne van inkomste soek.

## 7.3 Professionele Identiteit

Die professionele identiteit van predikante kom nie altyd tot sy reg nie. Daar is baie keer 'n teologiese armoede by predikante en daar is selfs predikante wat meedoen om die beroep af te takel.

## 7.4 Toerusting

Daar is behoefte by predikante om teologiese en praktiese toerusting te kry om hulle roeping in die hedendaagse wêreld uit te leef. Sake soos loopbaanontwikkeling en leierskapsontwikkeling behoort meer aandag te kry. Mentorverhoudings bly uiters belangrik.

## 7.5 Teologiese Studente

Daar is 'n groot bekommernis oor ons teologiese studente wat lank moet wag om beroepe te kry. Daar word 'n patroon waargeneem dat poste wat vakant raak as gevolg van finansiële redes nie weer gevul word nie. Die sinode behoort weë te ondersoek om hierdie saak dringend aan te spreek.

## 7.6 Eie versorging

Daar word waargeneem dat predikante nie altyd verantwoordelikheid neem vir hulle eie geestelike, emosionele en fisiese versorging nie. Dit is sake wat onder andere by die wegbreke aan die orde kom. Daar bestaan behoefte dat daar na die wegbreke opvolggesprekke sal wees en 'n vangnet sal ontwikkel om predikante wat daartoe behoefte het geestelik, emosioneel en fisies by te staan.

## 7.7 Onderlinge verhoudings

Die STPB is bekommerd dat onderlinge verhoudings tussen medeleraars en leraars en hulle kerkrade nie altyd na wense is nie. Hoewel die sinode persone het wat toegerus is om sulke sake te hanteer, word daar nie altyd daarvan gebruik gemaak nie. Daar sal ook nuut gedink moet word oor ons beroepstelsel – veral waar daar 'n "miss match" tussen predikante en hulle gemeentes is.


## 7.8 Geografiese verskille

Die eiesoortigheid van gemeentes en die geografiese verskille tussen gemeentes behoort altyd in gesprekke verreken te word.


## 7.9 AANBEVELINGS

**7.9.1 Die Sinode dra dit aan die Moderatuur en SDR op om voort te gaan om op die beste wyse, ter ondersteuning van wat in ringe gebeur, aan die sake wat tot Predikantebegeleiding behoort (sien punte 2- 6 hierbo) aandag te gee.**

**7.9.2 Die sinode versoek die Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding om in noue samewerking met ringe voortgaande en dringend aan die sake in 7.1-7.8 genoem, aandag te gee.**



**PROF MALAN NEL (Voorsitter)**



**DS LEON FORSMAN (Sekretariaat)**

**SDR – Bylae 2**
**Vgl SDR-verslag pt. 3.7**

# BEMAGTIGING VAN RINGE

## 1. INLEIDING

Die primêre doel van meerdere vergaderings (dit wil sê ringe, sinodes en die Algemene Sinode wat almal vergaderinge is wat uit meer as een vergadering bestaan) is om gemeentes in hulle roeping by te staan. Ons staan baie sterk in die gereformeerde tradisie dat die gemeente volledige kerk (ekklesia completa) is, maar bely ook saam met mekaar dat die onderskeie gemeentes alleen nie die volle kerk is nie. Ons staan as gemeentes in verhoudings met mekaar sodat ons saam met mekaar na God en die wêreld rondom ons luister. Binne die NG Kerk kontrakteer ons dat die ring en die sinode die twee liggame is waar gemeentes saam mekaar help sodat ons nie elkeen in ons eie klein hoekie werk nie maar saam met mekaar in die metafoor van 'n liggaam God se koninkryk in ons konteks en wêreld doelgerig en konkreet soek. Elkeen van die twee liggame het plek in die sisteem. Sowel die perspektief van die kleiner kring van die ring as die breëre konteks van die sinode help ons om die diversiteit van gesprekke oor God en die roeping van die kerk voortdurend te beklemtoon.

## 2. OPDRAG VAN SINODE EN PROSES VAN UITVOERING

*2.1 In Oktober 2008 het die Noordelike Sinode die volgende besluit geneem:

*1. Die sinode besluit om tot by die volgende sinodesitting aktief aan die afwenteling van werksaamhede en leierskap na ringe te werk en om ook te werk aan die opbou van 'n sisteem waarvolgens die sinode sterk fokus op die bemagtiging van die ringe.*
*2. Die sinode gee opdrag aan die SDR om leiding te neem met die volgende proses as riglyn:*
*2.1 Die nuutverkose SDR evalueer in 'n gefasiliteerde werkswinkel die werksaamhede van die sinode aan hand van die volgende riglyne.*
**1. Die ring word deur die sinode erken as die primêre ruimte waarbinne gemeentes binne die presbiteriale kerkregering verantwoordbaar is. Binne die ringsisteem moet die saamdink oor teologiese sake, die profetiese stem in die gemeenskap en toesig oor die versorging en begeleiding van ampsdraers tot sy reg kom.*
**2. Die sinode aanvaar dat die huidige werksaamhede van die sinode en toedeling van bronne uit gemeentes daartoe kon lei dat ringe in teologiese en profetiese werksaamhede nie tot hulle reg kom nie.*
**3. Die belangrikste fokus van die sinode is om 'n sisteem van ringe te koördineer waar met maksimum deelname van gemeentes die kollektiewe gesprek oor konfessionele en teologiese sake sowel as die profetiese roeping in die gemeenskap kan geskied.*
**4. Die sinode aanvaar die roeping om op versoek van ringe of per besluit van 'n sinode die volgende sake te hanteer:*
**4.1 Gesamentlike werksaamhede wat nie slegs tot ringe beperk is nie byvoorbeeld teologiese opleiding, uitreikprojekte wat oor die hele sinodale gebied strek en studente bediening.*
**4.2 Gesprekke met provinsiale owerhede. Gesprekke met die provinsiale owerheid moet deur die betrokke ringe gekoördineer word.*
**4.3 Verantwoordelikhede soos kerkordelik aan die sinode opgedra.*
**4.4 Koördinering van effektiewe sisteem van rings- en Algemene Sinodale werksaamhede.*
**4.5 Die daarstel van ad hoc-werkgroepe om op versoek van ringe spesialiste in die sinode saam te groepeer wat as bronne vir die gesprekke en werksaamhede van die ringe kan funksioneer.*
**4.6 Daarstel van administratiewe steunstelsel vir die funksionering van ringe.*
**5. Die sinode aanvaar dat daar sterk klem geplaas moet word op die soek na samewerking met die breëre liggaam van Christus by projekte en werksaamhede wat in die breëre gemeenskap geloods word.*
*2.2 Die evaluering van die SDR moet deur die werkgroep van die sinode wat daarvoor aangewys is met ringe deurgepraat word met spesifieke aandag aan die volgende sake:*
**1. Die kapasiteit wat binne die ringe ontwikkel moet word om die werksaamhede van die ring effektief te laat verloop.*
**2. Die ondersteuning wat vanaf die sinodale struktuur benodig word om die werksaamhede van die ringe effektief te laat verloop.*
**3. Die moontlike herstrukturering van ringe om geografiese en kategoriale behoeftes aan die orde te bring.*
**4. Die werkgroep kan met die goedkeuring van die betrokke ringskommissies ringe saam groepeer vir gesprekvoering en onderhandeling.*

| |
|---|
| **5. Die ontwikkeling en bemagtiging van leiers om in die koördinering van die ringsisteem leiding te neem.<br>2.3 Die SDR kry afhandelingsbevoegdheid om die onderhandeling oor werksterreine, herstrukturering van ringe, die skep van kapasiteit en die koördinering van die sisteem te formaliseer en aan die eersvolgende sinode verslag te lewer.<br>2.4 As deel van hierdie ondersoek moet daar ook gefokus word op die grootte van ringe en die gevolglike moontlike hersamestelling van ringe.* |

*2.2 In die tydperk na die vorige sinode is daar aandag aan die opdrag gegee. Die hoofmomente van die proses het so gelyk:
1. 'n Gefasiliteerde werkwinkel met SDR en verteenwoordigers van ringskommissies op 11 Junie 2009.
2. Die bespreking van uitkomste van die 2009 werkwinkel by die SDR van 26 Februarie 2010 waar die implikasies van die kerkordelike ooreenkoms soos vervat in artikel 31 en 35 uitgeklaar is.
3. Besoeke by streekbyeenkomste waar die dokument van die SDR bespreek is en die moontlikheid van ringeforums getoets is.
4. Geleenthede in 2010 vir ringe om in forums te vergader en die sinvolheid van sulke byeenkomste te toets.
5. In 2011 het die SDR die proses en vordering geëvalueer en het verskillende groepe wat oor die saak werk se werksaamhede in hersaamgestelde kommissie gekoördineer.
6. Die hersaamgestelde kommissie het in 2012 die insette vanaf die SDO, DKB en die ringegesprek in ag geneem met opstel van verslag aan sinode.
*2.3 In die Noordelike Sinode is daar vanaf die herstruktureringsproses in 2001 baie saamgepraat oor die bevoegdhede en roeping van ringe en die sinodale strukture. Die doel hiermee was nie maar net om meer effektiewe strukture te ontwikkel nie, maar om die manier waarop ons in ons verband funksioneer te laat aanpas by die veranderende wêreld rondom ons. Al het die besprekings dikwels oorvleuel, word in hierdie verslag net op die primêre opdrag, naamlik die bemagtiging van ringe gefokus. 'n Verslag met aanbevelings oor die funksionering van sinodale strukture dien afsonderlik voor die sinode (SDR-verslag Bylae 3).

## 3. KERKORDELIKE BEVOEGDHEDE EN ROEPING BINNE VERBAND

*3.1 Bevoegdhede en roeping van ringe en sinodale strukture
*1. As eerste stap om die opdrag om ringe te bemagtig en werksaamhede af te wentel aan ringe moes ons seker maak of ons kerkordelike beskrywing van die verantwoordelikhede binne die verband dit vir ons moontlik maak. Die SDR het op 11 Junie 2009 'n werkwinkel gehou waar die saak aan die orde gekom het. Daar is aan ringe en ringskommissies geleentheid gegee om die resultate van die werkswinkel te bespreek en bydraes te lewer.
*2. In hierdie gesprekke het ons agtergekom dat ons probleem om ringe te laat funksioneer nie voor die deur van die kerkorde gelê kan word nie. Die kerkorde is baie duidelik oor die werk van die ring en sinode, maar dit het in praktyk deur jare gebeur dat ons nie die kerkordelike ooreenkoms altyd voluit nagekom het nie. Ons hoef geen veranderinge aan die kerkorde te doen om die opdrag van die sinode om ringe te bemagtig en werksaamhede na ringe af te wentel uit te voer nie!

| |
|---|
| *Artikel 18:<br>Daar is vier kerkvergaderinge: Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode.<br><br>Artikel 19<br>Die opsig oor, die regering van en die tug in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.<br><br>Artikel 20<br>20.1 Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.<br>20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.<br><br>Artikel 21<br>Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.<br><br>Artikel 22<br>22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuishoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.<br>22.2 'n Meerdere vergadering kan optree indien 'n kerkraad of ring nie meer bestaan nie of nie kan konstitueer nie.<br><br>Artikel 31<br>Tot die werksaamhede van die ring behoort:<br>31.1 kerkvisitasie;* |

*31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;*
*31.3 advies en hulp aan kerkrade;*
*31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;*
*31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor die ringsvergadering gebring word;*
*31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;*
*31.7 die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (sien Art. 62.2).*

*Artikel 35*
*Tot die taak en bevoegdhede van die sinode behoort:*
*35.1 die opstel en wysiging van bepalinge en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;*
*35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;*
*35.3 die opleiding van evangeliedienaars soos deur Artikel 5 bepaal;*
*35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;*
*35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;*
*35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode.*

**AANBEVELING:**
**Die Sinode**
**1. handhaaf die kontraktuele verdeling van werksaamhede in die verband soos in artikels 22, 31 en 35 van die Kerkorde beskryf word;**
**2. gaan voort om binne die vorige besluite van die Sinode**
**2.1 ringe te ontwikkel en bemagtig in belang van die bediening in gemeentes;**
**2.2 om waar nodig en moontlik sinodale werksaamhede na ringe af te wentel.**

## 4. DIE ALGEMENE SINODE

*4.1 Die ring en Sinode bestaan in noue verband met die Algemene Sinode. In Oktober 2011 het die AS belangrike besluite geneem om ook hulle werksaamhede te beperk en strenger by hulle opdrag soos in die verband verwoord te bly. Die nuwe bewoording van artikel 43 wat die werksaamhede van die AS beskryf is:

*Artikel 43*
*43.1 Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:*
*43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid;*
*43.1.2 dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;*
*43.1.3 dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak [1];*
*43.1.4 die viering van ons onderlinge verbondenheid;*
*43.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;*
*43.1.6 die vasstelling van die Belydenisskrifte ooreenkomstig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundels(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;*
*43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;*
*43.1.8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;*
*43.1.9 die beheer oor algemene kerklike media;*
*43.1.10 die hantering van appèlsake wat voor hom gebring word.*

*4.2 Dit is belangrik om raak te sien dat in die NG Kerk die prosesse van saamdink oor roeping en beleid deur die Algemene Sinode gekoördineer word. In die verlede is insette meestal deur die sinodes na die Algemene Sinode gelewer. Sodanige insette sal altyd belangrik bly – maar prosesse moet ontwikkel waar die insette nader aan die gemeentes plaasvind. Dit is veral belangrik omdat by die laaste vergadering van die Algemene Sinode daar besluit is om die afvaardiging ter wille van kostebesparing en makliker funksionering drasties te verklein. In die beredenering oor die verkleinde afvaardiging was dit duidelik dat daar binne die verband makliker en vinniger insette oor AS werksaamhede gelewer moet word. Dit is maklik om te kla dat die AS ver van lidmate af funksioneer en besluite neem wat vir gemeentes spanning op grondvlak veroorsaak. 'n Effektiewe funksionering van die ringe en sinode sal baie help dat die AS nie hulle besluite in isolasie van gemeentes neem nie.

*4.3 Die verkleinde afvaardiging vra waarskynlik dat daar anders oor die samestelling van die afvaardiging en die aanwys van die afgevaardigdes na die Algemene Sinode gedink word. 'n Aanbeveling hieroor is in die verslag oor die funksionering van sinodale strukture, punt 8.

## 5. DIE VRAAG OOR DIE HERINDELING VAN RINGE!

*5.1 In die besluit oor die funksionering van ringe by die 2008-sinode van die Noordelike Sinode is daar die volgende bewoording goedgekeur: *2.4 As deel van hierdie ondersoek moet daar ook gefokus word op die grootte van ringe en die gevolglike moontlike hersamestelling van ringe.*

*5.2 Die gesprek oor die moontlike hersamestelling van ringe is reeds 'n geruime tyd in die sisteem aan die gang. In die oorweging van die opdrag aan ringe soos hierbo ooreenkomstig artikel 31 hanteer is, kom 'n mens telkens onder die indruk dat beide 'n groter of 'n kleiner ring voordele en nadele in verskillende omstandighede inhou. Vir veral die visitasie-opdrag en die advies en hulp aan kerkrade kan in 'n kleiner sisteem goed funksioneer, terwyl 'n gespreksatmosfeer oor teologiese sake, die saamdink oor die roeping van gemeentes en die hantering van tug in groter sisteme meer tot hulle reg kan kom. Die opdrag aan die sinodale struktuur om leiding en koördinering in die sisteem te verrig kan ook waarskynlik baie meer effektief geskied as daar minder ringe is waar byvoorbeeld die diensrade of spesialisgroepe met gemeentes in gesprek kan tree oor hulle opdrag. In die breëre kerklike sisteem is die nut van streeksbyeenkomste reeds in die praktyk bewys.

*5.3 In die proses om oor die herindeling van ringe die water te toets is in 2011 probeer om ringe in ringforums bymekaar te kry. Die oefening het aangetoon dat die herindeling van ringe nie 'n maklike saak is nie! Alhoewel daar by baie begrip was dat die idee oor groter funksionering van ringe positief is, was die algemene gevoel dat dit 'n te groot sprong is om die huidige ringe te vervang met 'n nuwe groepering van vyf groter ringe. Die sinvolheid van 'n groter groepering as daar oor teologiese sake saamgepraat word en gesamentlike projekte aangepak word, is egter ook sterk deur van die groepe uitgelig.

*5.4 As daar vorentoe 'n samesmelting van sekere ringe in groter ringe kan plaasvind sal dit 'n natuurlike proses moet wees wat saamval met die ontwikkeling van 'n sisteem waar ringe beter funksioneer. Vir die huidige word daar dus volstaan met die huidige indeling van die ringe. Ringe is natuurlik welkom om samewerking met ander ringe te soek. Indien samewerking tot eenwording sou oorgaan, word dit deur die SDR geformaliseer.

**AANBEVELING:**
**Die sinode besluit**
**1. om te volstaan met die huidige indeling van ringe.**
**2. dat, in gevalle waar ringe wat in belang van die uitvoering van Art 31 gesamentlik wil funksioneer, hulle kan saamsmelt en as 'n nuwe ring konstitueer met die goedkeuring van die SDR.**

## 6. 'n VOORTGAANDE PROSES

*6.1 Ons is in 'n nuwe hoofstuk van kerkwees waar ons opnuut erns maak met die waarheid dat kerkwees in gemeentes plaasvind en dat die verband ondersteunend tot die gemeentebediening moet wees. Hierdie is egter 'n geduldige proses waar ons saam met mekaar groei sonder om die geskiedenis van ons werk te minag. Dit is belangrik om dit te vier dat die SDR en spesifiek die moderamen in die afgelope tyd sterk leiding gegee het om ringe te bemagtig en werk af te wentel maar ook erns te maak dat dit nie so vinnig gebeur dat belangrike werk skade ly nie.

*6.2 Daar is baie moeite gedoen om die verskillende groepe in die sinode wat oor die implikasies van die bemagtiging van ringe en die afwenteling van werk gemoeid was, te koördineer. Die diensrade, en by name die SDO, het in ons sisteem aan die DKB en SDR leiding gegee oor strukturering en prosesse. Na gesprekke tussen die ringe werkgroep, die DKB en die SDO is almal baie positief daaroor dat die sinode in sy funksionering in die volgende paar jaar moeite moet doen om te vorder op hierdie pad van die bemagtiging van ringe.

*6.3 In die verslag oor die funksionering van sinodale strukture, punt 7, word 'n aanbeveling gemaak oor gewysigde funksies van die SDR waar pertinent voorgestel word dat sinodale funksies in oorleg met die ringe bepaal moet word. Die bemagtiging van ringe, en die versigtigheid dat 'n sinode nie werk na hom aantrek tensy dit glad nie deur 'n ring of gemeente gedoen kan word nie, kan in ons presbiteriale stelsel nooit genoeg beklemtoon word nie.

**SDR – Bylae 3**
**Vgl SDR-verslag pt. 4.1**

# FUNKSIONERING VAN SINODALE STRUKTURE

## INLEIDING EN AGTERGROND

Die onderstaande probeer om 'n kort oorsig te gee van die uitgangspunte wat in die "4S" (strategie, struktuur, stelsels en "staf") model onderliggend tot die Noordelike Sinode se bestuursbenadering is.

*1. Alle organisasies het 'n prinsipiële bestaansrede en identiteit. In die geval van besighede in 'n kapitalistiese samelewing is dit gewoonlik die lewering van 'n bepaalde produk of diens, met die oog primêr op etiese winsbejag. Dit voorsien die fokus vir die strategie van die organisasie (kernwaardes, visie en kernbesigheid), die ontstaan van 'n struktuur (kundigheid, verantwoordelikheid, bevoegdheid en rapportering) en stelsels (byvoorbeeld vir inligting, bemarking, finansiering, lewering, administrasie en kommunikasie), wat deur mense (staf) gedryf word. Hierdie vier volg mekaar aanvanklik in 'n strategiese oefening, en 'informeer' mekaar dan in 'n bestuursproses wat voortdurend gekontroleer en aangepas kan word.

*2. Die strategiese element bestaan daaruit dat die organisasie homself posisioneer in terme van sy produk/diens en identiteit, wat insluit sy visie ('hoekom is ons hier'), kernwaardes ('hoe is ons hier'), en kernbesigheid ('wat wil ons doen om die hoekom van ons hier wees op die beste manier te realiseer').

*3. Omdat verandering so 'n belangrike faktor is, volg dit dat wat ons wil doen nie vir altyd op dieselfde manier gedoen kan word nie. In die praktyk maak eksterne faktore soos die behoeftes van kliënte, politieke gebeure, demografiese en sosiologiese verskuiwings, ekonomiese siklusse, tegnologiese ontwikkeling, ens. koersaanpassing uiters noodsaaklik. In die huidige tydsgewrig is verandering ook geneig om meer diskontinu as inkrementeel te wees, wat dit baie moeilik maak om dit liniêr/outoritêr te bestuur. Daarom word daar op strategiese vlak fokusareas geïdentifiseer (uiteraard in interaksie tussen die onderskeie subsisteme in die organisasie), terwyl geleenthede en uitdagings bestuur word deur die leierskap binne die subsisteem waar die meeste energie en inligting beskikbaar is.

*4. Hieruit vloei die vraag oor die struktuur dan voort, wat in essensie is: watter kundigheid gaan ons nodig hê om ons kernbesigheid te bedryf en hoe moet hierdie kundigheid struktureel funksioneer om optimale sinergie te bereik in die aanwending van skaars hulpbronne? Kundigheid hou gewoonlik verband met die strategiese: 'n beleggingshuis gaan waarskynlik nie argitekte en mediese dokters as direksielede kies nie. In effek is dit 'n vraag na leierskap en interaksie. Hier moet veral in gedagte gehou word dat die Sinode nie iets anders is as die gemeentes en ringe nie. Die vraag waarmee strategies gewerk moet word is: 'watter insette moet deur watter subsisteem van die organisasie gemaak word om die optimale uitset vir die organisasie te realiseer'. Die gedagte is dat die rings- en sinodale leierskap, soos deur die gemeentelike leierskap verkies, bepaalde rigtinggewende opdragte ontvang, in die vorm van die fokusareas wat tydens die sinode in sitting geïdentifiseer word.

*5. Daarna word die stelsels ontwerp wat ondersteunend tot die struktuur benodig word, byvoorbeeld 'n stelsel of stelsels vir die doelmatige verkryging van bestuursinligting (watter inligting is nodig en hoe moet die versamel word), 'n stelsel vir doeltreffende interne en eksterne kommunikasie (wie moet die inligting ontvang en hoe moet dit voorsien word), 'n Stelsel vir effektiewe besluitneming (wie mag wat besluit, wie moet vergader, watter tipe vergadering, hoe dikwels), 'n Stelsel vir kontrole (boekstawing van transaksies en besluite) en 'n sisteem vir argivering (wat moet bewaar word, waar en hoe moet dit bewaar word en hoe lank moet dit bewaar word).

*6. In die lig van die struktuur en die nodige sisteme word die kundiges verkies en werknemer poste vasgestel. Daaruit volg posbeskrywings, waarin die kritiese prestasie areas, verantwoordelikhede en bevoegdhede van personeel geïdentifiseer word. Die leierskap doen dan by die volgende sinodesitting verslag van die uitkoms van insette wat ten opsigte van die fokusareas gemaak is.

*7. Die nut van so 'n oefening en dokument lê waarskynlik daarin dat dit die energie van die pragmatiese en die strategiese op 'n manier integreer, sodat die organisasie as geheel die vrugte van die sinergie pluk. In die geval van die Noordelike Sinode sal dit byvoorbeeld. tot gevolg hê dat die sinodale leierskap op 'n bepaalde manier, via die rings- en gemeente leierskap, by armoede as fokusarea betrokke raak (soos in sy kernbesigheid (4.3) voorsien), en nie in kompetisie met rings-, gemeentelike en ander bestaande vennote nie. Die beleid en besluite wat uit die oefening volg fasiliteer ook roluitklaring en besluitneming, in dié opsig dat daar nie voortdurende rolverwarring en twyfel oor bevoegdhede van individue en vergaderings ontstaan wat ontwrigting van en disfunksionele konflik tussen subsisteme van die verband stimuleer nie.

| *The components essential to meaningful change are:* |
|---|

- *Moral purpose: sharing the guiding purpose for an organization's existence.*
- *An understanding of change: developing a working knowledge of the key dimensions and dynamics of change.*
- *Relationship building: seeking relationships with diverse people and groups, especially those on the fringe and those who resist change.*
- *Creation and sharing of knowledge: sharing information in a way that it becomes usable both to layman and initiate, to sustain change.*
- *Achievement of coherence: bringing sense and common purpose to the ambiguity that is change.*

*(Micheal Fullan)*

## 1. PRINSIPIËLE OORWEGINGS

Die prinsipiële oorwegings waarmee in hierdie verslag gewerk word, is die volgende:
*1. Die Kerk van Jesus Christus is God se geskenk aan die wêreld en God kom deur die kerk na die wêreld.
*2. God se koms na en deur die Kerk geskied deur die bedieninge of modi, naamlik die:
- Kerugma (prediking)
- Leitourgia (erediens)
- Paraklese (pastorale sorg)
- Didaché (onderrig)
- Koinonia (gemeenskap)
- Diakonia (barmhartigheid)
- Marturia (getuienis)
- Kubernesis (leierskap en administrasie)

*3. Hierdie bedieninge moet afsonderlik en gesamentlik doeltreffend in die gemeente realiseer sodat die gemeente die wêreld doeltreffend kan bereik.
*4. Die rol van ringe en die sinode is ondersteunend tot die welwese van die gemeente. Die ring is die primêre verantwoordelike instansie, en waar die ring nie in staat is om die nodige leiding en ondersteuning te lewer nie, kan die sinode toetree. Die rol van die sinode se verkose leiers is dus om, saam met die verkose leiers van die ring, die beskikbare bronne (soos mense, grond, geld en inligting) binne die sinodale verband so te prioritiseer en bestuur, dat alle gemeentes optimaal kan uitreik na die wêreld.

## 2. VISIE

Die volgende herbewoording word voorgestel:

*Die Noordelike Sinode erken dat God ons, deur gemeentes, binne die gemeenskap waarbinne ons geplaas is, gebruik om HOOP bring en 'n VERSKIL te maak.*

*As Sinode wil ons 'n ondersteunende rol speel deur 'n verhoudings-gefokusde organisasie te wees wat, in afhanklikheid van God Drie-enig en in die kreatiewe krag van die Heilige Gees, help om gemeentes te bou wat elkeen in eie konteks die Koninkryk van God soek en om die gemeenskap na buite te bereik deur gesamentlike werksaamhede wat nie deur ringe en gemeentes afsonderlik gedoen kan word nie.*

**AANBEVELING: Die sinode aanvaar die herbewoording van die visie van die Sinode.**

## 3. KERNWAARDES

Die Noordelike Sinode wil hom, ten opsigte van die verstaan van sy identiteit, in al sy aktiwiteite laat lei deur die volgende kernwaardes:
* Besluitneming gegrond op sy verstaan van die Bybel en die belydenisskrifte.
* Verbintenis aan die kerkordelike ooreenkoms oor die werkterreine van die onderskeie dele van ons kerklike verband.
* Gemeenskaplikheid met ander gelowiges in sy soeke na die wil van God in 'n veranderende wêreld.
* 'n Deernis vir mense in die hantering van diversiteit.
* Sensitiwiteit vir die ryke verskeidenheid van gawes wat ringe, gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede bied.
* Die wydste moontlike betrokkenheid en aktiewe benutting van leraars, kerkraadslede en lidmate by die werksaamhede van die Sinode.

* Deursigtige besluitneming en administrasie.

**AANBEVELING: Die sinode aanvaar die herbewoording van die kernwaardes van die sinode.**

## 4. KERNBESIGHEID

Die bedryfsdoelstelling van die Noordelike Sinode is die koördinering van beskikbare hulpbronne, (soos mense, grond, geld en inligting) saam met en deur ringe, om alle gemeentes te bemagtig om HOOP te bring en 'n VERSKIL te maak.

Om dit te bereik fokus die Sinode op die volgende breë aktiwiteite:

*1. 'n Sinodesitting waartydens
* sinodale leiers verkies word,
* verhoudings gebou word,
* visionering plaasvind en die strategiese rigting van die Sinode bepaal word, en
* fokusareas van die Sinode geïdentifiseer word wat deur die SDR geprioritiseer en gekontroleer word

*2. Vergaderings van die sinodale leierskap waartydens
* aktiwiteite van die onderskeie subsisteme gekoördineer en gekontroleer word, met die oog op die doeltreffende realisering van die visie van die Sinode.

*3. Aktiwiteite van die leierskap wat veral sal insluit
* Navorsing,
* Kontekstualisering,
* Aktivering van netwerke, waaronder die ringe inbegrepe is,
* Vestiging van vennootskappe,
* Verspreiding van inligting,
* Motivering en leierskapontwikkeling
* Opleiding.

**AANBEVELING: Die sinode aanvaar die bewoording van die kernbesigheid van die sinode en gee opdrag aan die SDR dat die riglyne nagestreef word in die evaluering en beplanning van alle werksaamhede.**

## 5. FOKUSAREAS

Die fokusareas van die sinode se werksaamhede kan eers na die sinode in sitting bepaal word. Die fokusareas moet streng die werksaamhede van die sinode weerspieël en die ringe en Algemene Sinode se ondersteuning aan gemeentes eer. Om kontinuïteit tussen die sinode en SDR se werksaamhede te bewerk word aanbeveel dat die spanleier wat die beplanning en fasilitering van die sinode in sitting hanteer het die SDR fasiliteer om die fokusareas van die werksaamhede te bewoord.

**AANBEVELING: Die sinode versoek die taakspan wat die beplanning en fasilitering van die sinode in sitting hanteer het om die SDR direk na die sinode te fasiliteer in die bepaling van prioriteite en die fokusareas van die sinode se werksaamhede.**

## 6. STRUKTUUROORWEGINGS

### 6.1 Oorwegings

*1. Vanuit die prinsipiële moet die funksionele so goed moontlik in die struktuur verreken word met die oog op die doeltreffende funksionering van die kerkverband. Die modi funksioneer in die eerste plek binne die gemeentes. Binne die sinode en ringe moet daar 'n struktuur wees om gemeentes in die uitleef van die modi te help en begelei. Die sinode hanteer slegs daardie aspekte van die modi wat nie by mindere vergaderings aandag kry nie (vgl KO art 22).

*2. Struktureel beteken dit dat die sinode en ringe die volgende werkterreine kan hê om gemeentes by te staan in die nastreef van die modi in die gemeente:
* Diensgetuienis
* Geloofsvorming/ontwikkeling
* Prediking en erediens
* Pastorale sorg en predikantebegeleiding
* Administrasie waarby leierskapbegeleiding ingesluit is

*3. Elke ring kan self besluit hoe die terreine in die spesifieke ring aandag sal geniet.

*4. Die Algemene Sinode het in 2011 besluit om nie met permanente taakspanne of kommissies te werk nie. Die opsies in punt 6 hieronder hou met hierdie moontlikheid rekening. Binne die sinodale sisteem moet daar na aanleiding van die fokusareas wat in 'n spesifieke tyd ontstaan taakspanne aangestel word wat behulpsaam kan wees met spesifieke doelwitte.
*5. 'n Belangrike vertrekpunt bly steeds dat ringe nie werk doen wat deur gemeentes afgehandel kan word nie en dat die sinode nie werk moet doen wat deur gemeentes en ringe afgehandel kan word nie (vgl KO art 22).
*6. In uitvoering van die sinode se besluit om ringe te ontwikkel en bemagtig word die volgende aanbeveel:

**AANBEVELING: Die sinode besluit**
**1. Dat ringe in die uitvoer van die visitasie by gemeentes, opsig oor gemeentes en advies aan kerkrade (KO art 31:1-3) aangemoedig word om die volgende werkterreine in gemeentes te bevorder:**
*** Diensgetuienis**
*** Geloofsvorming**
*** Prediking en erediens**
*** Pastorale sorg en predikantebegeleiding**
*** Administrasie**
**2. Dat elke ring self besluit hoe hierdie werkterreine in die spesifieke ring aandag geniet;**
**3. Dat die sinode in die uitvoering van sy kernbesigheid en fokusareas dieselfde vyf werkterreine onderskei.**

## 6.2 Voorgestelde sisteem vir moderatuur, diensraadleiers en SDR

### 6.2.1 Die huidige stelsel

*1. Volgens die huidige model word die sinodale werksaamhede gelei deur die moderatuur, 'n DKB en 'n SDR.
*2. Die moderatuur word tydens die sinode verkies word en bestaan uit 'n moderator, assessor, aktuarius en een addisionele lid. Die PSD en saakgelastigde staan die moderatuur adviserend by.
*3. Die DKB bestaan uit die moderatuur plus die PSD en saakgelastigde asook vier diensraadvoorsitters wat tydens die sinode verkies word.
*4. Die SDR bestaan uit die lede van die DKB plus een leraar plus een ouderling/diaken uit elke ring plus 'n maksimum van vyf bykomende lede wat deur die SDR aangewys kan word.
*5. Die sinode kan oordeel om die huidige model onveranderd te behou of om enkele wysigings aan te bring, byvoorbeeld aan die aantal addisionele lede van die moderatuur, of dat die aktuarius nie ter vergadering verkies word nie, of dat 'n skriba ter vergadering gekies word. 'n Ander moontlikheid is dat die aantal diensrade aangepas word, byvoorbeeld deur dit te laat saamval met die werkterreine soos in 6.1.2 hierbo genoem. Dit is ook moontlik om die SDR te verklein of om nie weer bykomende lede vir die SDR aan te wys nie.

*Die huidige funksies van die SDR en DKB word in die bepalings so omskryf:*
*Bepaling 35.1.4*
*Die SDR behartig:*
*1. alles wat deur die sinode aan hom opgedra word met die fokus op visionering, ekumene, predikantebegeleiding en teologiese refleksie;*
*2. onderhewig aan bepaalde besluite van die sinode, voorlopig alle spoedeisende sake wat tot die terrein van die sinode behoort, waar nodig deur die aanwys van ad hoc-spanne;*
*3. die benoeming van predikante in sinodale diens nadat die sinode goedkeuring verleen het tot die daarstelling / kontinuering van die pos;*
*4. die goedkeuring van die begroting op voorlegging van die Sinodale Diensraad vir Ondersteuning en die arbiterstaak wanneer 'n verskil van mening oor die begroting ontstaan wat nie onderling opgelos kan word nie;*
*5. in buitengewone gevalle die ontmoeting van persone of instansies met die oog op pastorale gesprek;*
*6. die aanwysing van 'n taakspan wat appèlle met afhandelingsbevoegdheid hanteer;*
*7. skakeling met die owerheid, indien nodig.*

*Bepaling 35.2.3*
*Die DKB hanteer*
*1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad aan hom opgedra is;*
*2. dag-tot-dag bestuursake;*
*3. die bepaling of wysiging van funksies en groepering van die diensrade en die aanwysing van taakspanleiers;*
*4. die koördinering van die diensrade se aktiwiteite;*
*5. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;*
*6. die opstel van 'nskema van werksaamhede vir die volgende sinode.*

**6.2.2 'n Gewysigde stelsel**
Daar is 'n legio moontlike variasies vir 'nnuwe stelsel. Hier word slegs enkeles genoem.
**6.2.2.1 Die huidige stelsel**
Dit is moontlik om te verkies dat die huidige stelsel in sy geheel behou word. Indien wel, en indien die aanbeveling by 6.1.6 aanvaar word, moet die diensrade aangepas word.
**6.2.2.2 Die moderatuur**
*1. Dit is moontlik om die moderatuur uit te brei om te verseker dat die koördinerings- en bestuursfunksie wat tans deur die DKB gedoen word nie skade ly nie. Dit kan op een van twee maniere gedoen word.
*1.1 Daar kan tydens die sinode vyf persone gekies word om elk op 'n eie spesialisterrein leiding gee. In die praktyk sal hulle soos die huidige diensraadvoorsitters funksioneer. Die getal vyf word benoem na aanleiding van die werkterreine in 6.1.2 genoem.
*1.2 'n Ander moontlikheid is om vyf persone te verkies om as deel van 'n groter moderatuur toe te sien dat die werk gedoen word. Hierdie groter moderatuur sal dan volgens behoefte aksies lei en taakspanleiers aanwys soos en wanneer benodig. In die verkiesing van die vyf addisionele lede word kundigheid ten opsigte van die werkterreine (6.1.2) in ag geneem. Die moderatuurslede moet in staat wees om kollektief al die sinodale werksaamhede te koördineer en te bestuur. Taakspanne kan aangewys word soos en wanneer benodig.
*2. Die moderatuur sal steeds die leiding neem by die SDR en sal as sy dagbestuur optree.
*3. Die aktuariusfunksie vra besondere kundigheid en ervaring van die betrokke persoon. Die sinode kan oorweeg om nie 'n aktuarius ter vergadering te verkies nie maar om 'n persoon uit die lede van die sinode te vind wat die funksie sal kan verrig. Die huidige bepaling 32.2.9.2 waarvolgens die DKB minstens drie name kan voorlê van kandidate wat as geskik vir die pos beskou word, behoort egter voldoende te wees.
*4. Indien die sinode verkies om 'n skriba ter vergadering te verkies sal die PSD (wat tans die skribaat hanteer) se funksies aangepas moet word. 'n Ander moontlikheid is om nie nou 'n skriba te kies nie maar om by 'n PSD-vakature 'n skriba deur die SDR te laat aanwys.

**AANBEVELING: Die Sinode besluit**
**1. dat die DKB verval;**
**2. dat die moderatuur bestaan uit 'n moderator, assessor en aktuarius plus 5 addisionele lede wat almal ter vergadering verkies word;**
**3. dat die moderatuur kollektief ten opsigte van die diensterreine verantwoordelikheid neem en taakspanne aanwys soos en wanneer benodig;**
**4. dat die PSD steeds die skribaat hanteer en dat die SDR by 'n vakature 'nreëling tref.**

**6.2.2.3 Die Sinodale Diensraad (SDR)**
*1. Die SDR word tans saamgestel uit die moderatuur plus een leraar plus een ouderling/diaken uit elke ring.
*2. Dit is moontlik om 'n verkleinde SDR saam te stel. Die huidige samestelling het hom egter in die praktyk bewys. Die enigste moontlike wysiging is dat daar nie weer bykomende lede aangewys word nie.

**AANBEVELING: Die sinode wysig Bepaling 35.1.1 om te lui:**
**Tydens die sinode word daar 'n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:**
**1. Die moderatuur.**
**2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.**
**3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.**
**4. Die saakgelastigde van die sinode.**

## 6.3 Personeel
*1. Die SDR sal krities na die benutting van die personeel moet kyk. Daar sal geoordeel moet word of daar permanente bedieningpersoneel ("diensraadvoorsitters") moet wees en dat dit permanente funksies moet wees of dat funksionarisse ad hoc tydelik aangewys word. Die SDR sal ook die huidige reëling van vaste kontraktering moet beoordeel. Daar sal ook gevra moet word watter werk wat tans deur sinodale funksionarisse gedoen word dalk na ringe verwys kan word.
*2. 'n Nuwe bepaling van fokusareas kan implikasies vir die pos van die PSD hê. Sy funksies kan deur die SDR opnuut met hom onderhandel word. Indien daar voor die volgende sinode 'n vakature ontstaan behoort die pos nie sonder meer gevul te word nie maar behoort die SDR 'n tydelike reëling tot met die volgende sinode te tref.

**AANBEVELING: Die sinode besluit dat 'n vakature in die PSD-pos nie deur die SDR gevul word nie. Die sinode sal op 'n volgende vergadering oordeel of so 'n pos wel nodig is en indien wel, met watter inhoud.**

## 7. FOKUSAREAS VAN DIE SDR

Die SDR moet tussen sinodes toesien dat die sinodale werksaamhede uitgevoer word en dat dit volgens die fokusareas, soos deur die sinode bepaal, gedoen word.

**AANBEVELING: Die sinode aanvaar die volgende uiteensetting ten opsigte van die SDR se locus standi en funksies en gee opdrag aan die Sinodale Taakspan Regte om dit in die bepalings te verreken:**
**Die SDR is die verteenwoordigende regspersoon van die Sinode tussen sittings en:**
***1. Keur beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas;**
***2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake;**
***3. Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en teologiese opleiding;**
***4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas;**
***5. Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die Sinode.**

## 8. AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE

Die afvaardiging na die Algemene Sinode word bepaal deur Bepaling 35.5. Die Algemene Sinode het by sy vergadering van 2011 besluit om die aantal afgevaardigdes van 'n maksimum van 400 na 'n maksimum van 200 te verminder. Uit elke sinode kan tien leraars en tien ouderlinge/diakens afgevaardig word plus 'n aantal bykomende afgevaardigdes wat volgens 'n proporsionele formule bepaal word. Hierdie wysiging veroorsaak dat die huidige Bepaling 35.5 gewysig moet word.

**AANBEVELING: Die sinode besluit om Bepaling 35.5 soos volg te wysig:**
**Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:**
**1. Tydens die sinodevergadering word 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) verkies.**
**2. Die SDR finaliseer die afvaardiging deur bykomende afgevaardigdes volgens die Algemene Sinode se proporsionele formule by te voeg, eerstens uit die verkose sekundi en, indien nodig, uit lede van die vorige Sinode.**
**3. Waar 'n stemming benodig word kan dit ook elektronies geskied.**

**SDR – Bylae 4**
**Vgl SDR-verslag pt. 4.2**

# GESAMENTLIKE SINODALE KOMMISSIE VAN DIE VIER TRANSVAALSE SINODES (GSK)

## Verslag aan Sinodes 2012

## 1. SAMESTELLING EN OPDRAG

1.1 Die GSK bestaan uit vyf verteenwoordigers (met sekundi) uit elk vanuit Sinode Wes-Transvaal, Noordelike Sinode, Sinode Hoëveld en Oostelike Sinode en 'n verteenwoordiger van die Kuratorium van die Universiteit van Pretoria met adviserende stem. Die vyf lede per Sinode is vier lede van die Moderatuur of gelyksoortige kommissie plus 'n kundige lid vir fondse.
1.2 Die GSK hanteer sake wat gesamentlike besluite van die vier Transvaalse sinodes noodsaak. Spesifieke funksies is om as die voortsetting van die Sinodale Kerkkantoorkommissie (SKKK) en gevolglik as regsbevoegde orgaan van die NG Kerk van Transvaal op te tree; om gesamentlike fondse van die NG Kerk van Transvaal te beheer; om regshandelinge namens die NG Kerk van Transvaal te hanteer; en om trustees vir die De Jager Steynfonds volgens die Fonds se bepalings aan te wys.
1.3 Besluite word per konsensus geneem en is slegs bindend indien al vier Sinodes se afgevaardigdes aandui dat hulle die betrokke mosie ondersteun.
1.4 Die GSK het twee vaste onderkomitees, naamlik die Kuratorium en die Gesamentlike Kommissie vir Fondse. Ander taakspanne word, wanneer nodig, ad hoc aangewys.
1.5 Die GSK vergader na behoefte, ongeveer 2-3 keer per jaar. Die sinodes hanteer die voorsitterskap en sekretariaat op 'n rotasiebasis. Vir die tydperk 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2013 hanteer Sinode Hoëveld die funksie.

## 2. SAKE HANTEER

In hierdie verslag word sake gereflekteer wat in die tydperk Maart 2009 tot Februarie 2013 hanteer is.

### 2.1 Teologiese opleiding

2.1.1 In die verslagtyd was daar heelwat ontwikkelings ten opsigte van die posisie by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, onder meer ten opsigte van 'n nuwe ooreenkoms met die universiteit, ontwikkelings ten opsigte van kerkeie opleiding en meer permanente reëlings ten opsigte van Excelsus en voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO). Die gespreksvoering is wedersyds as baie positief beleef.
2.1.2 'n Meer volledige verslag word deur die Kuratorium direk aan die sinodes voorgelê.

### 2.2 Argief

2.2.1 Met die verkoop van die Sinodale Sentrum in 2001 het dit nodig geword om ander huisvesting vir die argiefmateriaal te vind. Die Sinode Wes- en Suid-Kaapland was destyds besig om 'n eie argief in Stellenbosch op te rig. Na onderhandelings was Wes-Kaap bereid om die ruimte te vergroot om ook die Transvaalse materiaal te akkommodeer.
2.2.2 Aanvanklik was daar slegs 'n huurooreenkoms waarvolgens die NG Kerk van Transvaal spasie in Wes-Kaap se argiefgebou sou huur. Vanaf 21 Julie 2004 is ernstig onderhandel om 'n eenheidsargief te skep – aanvanklik tussen NG Kerk van Transvaal en Wes-Kaap. Hierdie ooreenkoms is in Maart 2005 onderteken. In 2006 het die Algemene Sinode ook 'n vennoot geword – inderwaarheid meer as net 'n vennoot maar wel die bedryfsagent van die argief. Die oordrag na die Algemene Sinode het op 1 Junie 2006 plaasgevind.
2.2.3 Met verloop van tyd het dit duidelik geword dat hierdie reëling te veel probleme skep. Na lang besinning en onderhandelings is ooreengekom dat die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland vanaf 1 September 2011 die bedryfsagent van die argief in Stellenbosch word en dat die ander sinodes per ooreenkoms dienste by Wes-Kaap kan kontrakteer.
2.2.4 Waar die NG Kerk van Transvaal vroeër 'n baie groot betrokkenheid by die bedryf en bestuur van die argief gehad het, is dit nou (veral weens die feit dat elke sinode apart met die Stellenbosch-argief kontrakteer) so verminder dat die GSK nie meer 'n vaste onderkomitee vir die argief het nie.

### 2.3 Pensioenfondse

2.3.1 Na 'n ontmoeting met die trustees van die PPF het die GSK die groen lig gegee dat die trustees van die Predikante Pensioenfonds kan voortgaan met die instelling van 'n Tipe A sambreelfonds mits dit (1) dit nie tot kostes lei wat 'n wesentlike impak op die Fonds sal hê nie, (2) dit tot vordering is van harmonie binne die kerklike omgewing, en (3) dit lei tot beter voordele vir lede. Bykomend is besluit dat die trustees n deeglike risiko-analise rakende moontlike implikasies moet onderneem.
2.3.2 'n Ad hoc-taakspan van die GSK is tans besig om sekere aspekte van die inskakeling by 'n sambreelfonds te kontroleer.

## 2.4 De Jager Steynfonds


2.4.1 Volgens die Fonds se trustakte moet die GSK vyf persone uit sy geledere aanwys om as trustees op te tree en toe te sien dat die trust met die oog op die volgende doelstellings bestuur word:
*1. om behoeftige verdienstelike studente geldelik te help om hulle voor te berei as Evangeliedienare (predikante of sendelinge) van die NG Kerk van Transvaal;
*2. die oprigting van klein Sendingkerkies te finansier, hulpbehoewende gemeentes finansieel te ondersteun en enige ander dringende behoefte van die NG Kerk van Transvaal, wat deur die Trustees goedgekeur word, geldelik te ondersteun;
*3. geldelike hulp te verleen ingevolge 1.1 en 1.2 uit die rente van die Trustfonds.
2.4.2 Tans word jaarliks R800 000 vir teologiese opleiding, R600 000 vir voortgesette bedieningsontwikkeling en R80 000 vir "sendingkerkies/ander behoeftes", op rotasiebasis aan die vier sinodes, uit die fonds beskikbaar gestel.

## 2.5 Gesamentlike Fondse


Die effek van die proses van die ontbondeling van die destydse sinodale kerkkantoor kan die beste by die hantering van gesamentlike fondse gesien word. Van die destydse groot bedryf en baie aksies is daar slegs twee aksies wat die nog die aandag van die Gesamentlike Kommissie vir Fondse (GKF) vra. Dit is naamlik die Kuratorium en die (klein!) administrasierekening van die NG Kerk van Transvaal.

## 3. SAMEVATTEND

Die oorgang vanaf die destydse vergaderings van die vier moderature na die GSK het aanvanklik met 'n mate van "probeer-en-tref" gepaardgegaan. Tans funksioneer die GSK goed. Die gladde hantering van sake soos hierbo genoem getuig van goeie verhoudings tussen die sinodes en van bekwame persone wat die sake kan hanteer. Beslis baie om oor dankbaar te wees!



**DR CdK DU RANDT (voorsitter)**



**DR AS KOORTS (skriba)**

**SDR – Bylae 5**
**Vgl SDR-verslag pt. 4.3**

# VERSLAG VAN DIE KURATORIUM AAN NOORDELIKE SINODE
**September 2012**

## 1. ALGEMENE AGTERGROND
Die teologiese opleiding by UP is vanaf die begin (1938) per ooreenkoms tussen die Kerk en die Universiteit gereël. Dit was ook die situasie sedert 2000 toe die Fakulteit Teologie 'n veel-kerklike fakulteit geword het.

Op 8 Julie 2009 is 'n nuwe, opgedateerde ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria gesluit. As 'n belangrike vennoot aan die Fakulteit Teologie dra die vier noordelike sinodes 30% by tot die salarispakkette van tien dosente van die NG Kerk. Hierdie nuwe ooreenkoms het geen sperdatum nie maar is slegs onderworpe aan 'n drie-jaar opseggingsperiode deur een van die partye. Die Kuratorium is baie dankbaar vir die ruimte wat die Universiteit van Pretoria aan die Kerk bied om onder hierdie gunstige voorwaardes die teologiese opleiding van sy predikante aan UP te kan voortsit.

## 2. STUDENTE
### 2.1 Getalle
Daar studeer vanjaar 177 studente van die NG Kerk aan die Teologiese Fakulteit waarvan 21 eerstejaars, 39 tweedejaars, 38 derdejaars, 25 vierdejaars; 31 vyfdejaars en 23 sesdejaars is.

Dit is 'n verblydende kenmerk dat tussen vyf-en-twintig tot dertig persent van die studente van die NG Kerk dames is. Heelwat studente wat aanmeld, waaronder 'n groot aantal ook skoolleiers was, kwalifiseer om enige rigting op universiteit te kan studeer.

Die afgelope paar jaar is die volgende aantal persone gelegitimeer (die getal tussen hakies is persone wat Colloquium Doctum afgelê het): 2007: 21 (6); 2008: 23 (8); 2009: 29 (4); 2010: 25 (8); 2011: 25 (3).

### 2.2 Kommerwekkende tendens
Volgens alle navorsing en gegewens van beide Kerkspieël en die kerklike pensioenfondse sou daar vanaf 2008 'n bepaalde tekort aan opgeleide predikante wees. Die afgelope paar jaar is studente dus ook redelik vinnig geabsorbeer binne die Kerk.

Met die mooi getal van 25 wat verlede jaar afgestudeer het, is dit egter nie die geval nie. Vanjaar is die opname in gemeentes baie stadiger as gewoonlik. Juis daarom is daar ook 'n berig hieroor aan Kerkbode gegee. Sedertdien het die situasie ietwat verbeter, maar is nog nie normaal nie.

Verskeie faktore kan hiervoor verantwoordelik wees: die algemene finansiële toedrag van sake wêreldwyd en ook dus in die kerk, gemeentes wat poste wat vakant raak nie weer vul nie en dan natuurlik gemeentes wat slegs gelegitimeerdes met gemeentelike ondervinding wil beroep.

Die feit is egter dat elke gemeente, ring en sinode ernstig aandag moet gee aan maniere om werksgeleenthede te skep.

Die Kerk het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie geroepe en goed opgeleide proponente.

### 2.3 Voornemende studente
Die tekort aan opgeleide predikante sal in die toekoms beslis ernstiger afmetings aanneem. Dit is daarom uiters jammer dat in die huidige ekonomiese klimaat die boodskap moes uitgaan dat nie alle studente dadelik geholpe kon raak nie. Een van die negatiewe gevolge hiervan is dat hierdie soort boodskap jongmense kan ontmoedig om hulle roeping as predikant uit te leef. Dit bly daarom belangrik dat predikante en kerkrade die boodskap sal uitdra dat dit nie net die jong proponente is wat tans nie maklik werk kry nie. Dit geld op alle terreine.

Juis ten opsigte van voornemende studente word gemeentes ernstig versoek om die boodskap in hulle omgewing uit te dra dat die predikanteberoep steeds 'n lofwaardige roeping is. In dieselfde verband word kerkrade ook herinner aan die besluite wat die Algemene Sinode geneem het ten opsigte van die "A tot Z-Beleid". Hiervolgens behoort geen student wat teologie wil studeer by die Fakulteit op te daag sonder 'n aanbevelingsbrief van beide die gemeente en die ring nie. Sou die kerkrade meer inligting verlang, of afskrifte van die dokumente soek, is hulle welkom om hierdie kantoor te kontak.

## 3. DOSENTE

Die volgende tien dosente van die NG Kerk is tans betrokke by teologiese opleiding: prof JC (Julian) Müller (vise-dekaan en van die Departement Praktiese Teologie); prof DJ (Dirk) Human en dr EE (Sias) Meyer (Ou Testamentiese Wetenskap); prof GJ (Gert) Steyn en prof J (Kobus) Kok (Nuwe Testamentiese Wetenskap); prof DP (Danie) Veldsman en dr W (Willem) Fourie (Departement Dogmatiek en Christelike Etiek); prof CJ (Cas) Wepener (Departement Praktiese Teologie); prof CJP (Nelus) Niemandt (Departement Godsdiens en Sendingwetenskap) en dr JM (Johan) van der Merwe (Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis). Hierbenewens is die twee dosente wat deur UP aangestel is, prof A (Alphonso) Groenewald (Ou Testament) en dr J (Johann) Meylahn (Praktiese Teologie) ook gelegitimeerdes van die NG Kerk. Die vakature wat aan die einde van Augustus ontstaan met die emeritaat van prof Müller is intussen in die proses om gevul te word. Besonderhede hieroor sal aan die Sinode voorsien word.

Prof J Buitendag is sedert Maart 2010 die Dekaan van die Fakulteit Teologie aan UP. Die ander personeel is: dr J Beyers (Departement Godsdiens en Sendingwetenskap), prof Y Dreyer (Departement Praktiese Teologie), prof E van Eck (Nuwe Testament) en prof PM Venter (Ou Testament) - almal van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Vanuit die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa (UPCSA) is daar proff G Duncan (Kerkreg en Kerkgeskiedenis) en MJS Masango (Praktiese Teologie). Die ander personeel: prof ST Kgatla (Godsdiens en Sending-wetenskap) van die VGKSA, drr E Mahlangu (Nuwe Testament) en VS Vellem (Dogmatiek). Die VGKSA het in 2011 ook 'n kerklike vennoot geword. Kragtens hulle Ooreenkoms met UP is ds MS Makulubele aangestel vanaf 1 Julie 2012.

Dr Gerda de Villiers is medeverantwoordelik vir die webblad www.teo.co.za terwyl prof Dirk Human die redakteurskap van die wetenskaplike tydskrif Verbum et Ecclesia hanteer waarby die kerk ten nouste by gemoeid is.

## 4. EXCELSUS

Die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling (SBO) gee veral aandag aan die aanvullende kerkeie opleiding van ons studente en die Voortgesette Bedieningsontwikkeling van predikante en lidmate.

Die afgelope paar jaar is baie moeite gedoen met die kerkeie komponent van die teologiese opleiding. Vir 3 jaar was dr Lourens Bosman hiermee gemoeid op 'n deeltydse basis.

Die verantwoordelikhede ten opsigte van voortgesette bedieningsontwikkeling is vir 'n paar jaar deur prof Malan Nel behartig. (Hy het ook met die Lentekonferensie begin.) Ook hier is die deeltydse dienste van dr Ferdie Clasen die afgelope drie jaar ingekoop.

Dit is daarom met groot dankbaarheid dat die twee fasette van Excelsus (kerkeie opleiding en voortgesette bedieningsontwikkeling) sedert 1 Februarie 2012 op 'n voltydse basis hanteer kan word deur dr André Bartlett. Daar word met groot verwagting uitgesien na die uitbouing van hierdie werk.

Intussen het die Raad van Excelsus die eerste keer vergader en is dr Gustav Claassen as Voorsitter aangewys.

## 5. BESOEKE AAN RINGE

Beide drr Du Toit en Bartlett sou graag ringe wou besoek wanneer hulle vergader. Die doel van die besoeke is om inligting te gee, asook om te verneem welke behoeftes daar bestaan waaraan die Kuratorium kan voldoen asook welke behoeftes aan kursusse sou bestaan.

## 6. FINANSIES

Die Kuratorium is deeglik bewus van die finansiële verantwoordelikheid wat die vier Noordelike sinodes aanvaar vir teologiese opleiding. Hiermee word daar groot waardering uitgespreek teenoor die Noordelike Sinode vir die groot bydrae wat hulle maak.

## 7. STRATEGIESE BEPLANNING

Die Kuratorium is besig met strategiese beplanning. Die bedoeling is om voortdurend die rol van die Kerk in hierdie verband te evalueer. Daar word ook rekening gehou met die feit dat die totstandkoming van 'n Algemene Kuratorium bepaalde voordele asook uitdagings inhou.



**DR DJ (DANIE) DREYER (Voorsitter)**



**DR PR (FLIP) DU TOIT (Skriba)**

GEBROKE VRYGESPREEK DIENSBAAR

**SDR – Bylae 6**
**Vgl SDR-verslag pt. 4.4**

# BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011 OOR KERKHERENIGING

## Die Algemene Sinode besluit soos volg ten opsigte van kerkhereniging:

## 1. INLEIDING

* Ons is diep oortuig dat die Gees van God sy kerk lei om die eenheid van die kerk van Jesus Christus na te jaag. Daarom is ons hartseer en jammer omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie een nuwe kerkverband gevorm het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses baie moeilik maak, is ons oortuig dat ons die verantwoordelikheid het om die proses hoopvol voort te sit.
* Ons bevestig die belangrikheid van sigbare kerkeenheid en wil onsself wy aan die vorming van een kerkverband as uitdrukking van die eenheid. Ons glo dat die versoening wat Jesus Christus bring ons help om ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk dit moeiliker maak om ons roeping uit te voer en dat ons ook nie ons verantwoordelikheid teenoor die Suider-Afrikaanse samelewing op so 'n manier nakom nie.
* Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerkfamilie vir 'n inklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons familie saam te neem op die pad vorentoe.
* Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit deel wil maak van die nuwe verband. Ons is verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.
* Ons erken dat daar in die NG Kerk baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar onderskryf. Ons erken ook dat daar baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid maar om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.
* Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het. Ons is oortuig dit is moontlik om een te word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal – insluitende ons verskille.
* Ons is baie jammer oor die moontlikheid dat 'n belydenisskrif wat die eenheid van die kerk bely, die kerke uit mekaar kan hou.
* Ons pleit by die familie van NG Kerke sowel as ons lidmate vir sigbare hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons die verskille wat oor die loop van tyd ontstaan het aanvaar, maar steeds oortuig is dat 'n hegte en sigbare eenheid deur Gees moontlik is. Die verskeidenheid wat volg uit verskillende gawes, ons geskiedenis en ook taal en kultuurverskille verruim en verryk ons sodat ons mekaar en die wêreld beter kan dien.
* Ons sien die kerk en ook kerkhereniging as 'n organiese groeiproses wat beteken dat ons baie geduld en liefde met mekaar nodig het, maar altyd daaraan vashou dat die Gees kragtig is om meer te doen as wat ons dink of droom.
* Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar kan ontmoet en 'n saam kan groei.
* Ons hoop dat ons uitdrukking aan sigbare eenheid kan gee en een nuwe herenigde kerkverband kan vorm. Ons is oortuig dat dit tot eer van die Hoof van die kerk en tot die voordeel van al die kerke en lidmate van die Familie van NG Kerke sal wees.

## 2. VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, naamlik die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika – sodat die wêreld kan glo.

## 3. 'n KEUSE OM GOU WEER OP GANG TE KOM MET DIE PROSES EN SAAM TE GROEI NA GROTER EENHEID

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses so stadig vorder. Ons vertroue in die Here van die kerk gee ons egter hoop dat die proses kan voortgaan:
(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en is diep onder die indruk van die feit dat al die kerke in die familie oortuig is dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die Drie Formuliere van Eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.
(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.
(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.
(5) Lidmate in die familie van NG Kerke gee uitdrukking aan die feit dat geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap is deur oor en weer deel van kerke in die familie te word.
(6) Die moratorium van die VGKSA skep probleme vir die proses. Ons vertrou dat hulle dit op grond van die gees van die Belydenis van Belhar by hulle eersvolgende Algemene Sinode sal ophef.
3.2 Ons is diep oortuig dat die vordering wat wel gemaak is, ons gedeelde geloof en tradisie en veral die onbeperkte moontlikhede wat die Gees skep, die moontlikheid bied om met nuwe energie en toewyding te werk aan sigbare eenheid. Ons is oortuig dat ons baie moeite moet doen om die hindernisse uit die weg te ruim en sodat sigbare eenheid as kosbare gawe nagejaag kan word.
3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus en die werking van die Gees wat ons steeds nader aan mekaar bring en ons laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

## 4. 'n PAD WAT BAIE GEDULD, BEGRIP EN TEGEMOETKOMENDHEID VAN ALMAL VRA

Die geskiedenis en ervaring van ander gereformeerde kerke leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes gehoorsaamheid, geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken onder meer dat ons moet onderskei om mekaar te vind en bereid moet wees om ter wille van 'n geloofsaak op te offer. Liefde beteken ons sal rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit onderskeidend met groot geduld en sensitiwiteit hanteer.

## 5. DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE)

5.1 Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat
(a) 'n Groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk weens 'n verskeidenheid faktore nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).
(b) hierdie verskille kan oorbrug word deur 'n deeglike studie te maak van Belhar self.
5.2 Soos ooreengekom met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om deur middel van 'n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons saam in beide kerke met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.
5.3 Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).
5.4 Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.
5.5 Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt 5.4) vir 'n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:
1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in
1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en
1.2 die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.
2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.
3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter.
4. Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.

## 6. MODEL: 'n VERENIGDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES

6.1 Ons besluit dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode.
6.2 In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar en samevoeging van gemeentes.

## 7. GEMEENTES SE REG OM HUL OOR HUL EIE WERK TE BESLUIT, WORD ERKEN

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade funksioneer binne die gereformeerde aard in terme van hulle besluitnemingsbevoegdheid oor gemeentes.

## 8. ANDER KWESSIES WORD GEDURENDE DIE PROSES ONDERHANDEL

Daar is 'n aantal sake waaroor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van spoedige kerkhereniging behoort te staan nie.

## 9. WESENLIKE ROL VAN GESAMENTLIKE GESPREK EN BESINNING OP ALLE VLAKKE ASOOK FASILITERINGSHULP VAN BUITE

9.1 Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onsself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.
9.2 Ons is intens bewus van die huidige onvermoë van die gespreksvennote om self die gesprekke weer op dreef en die onderhandelinge aan die gang te kry. Ons is dankbaar vir die hulp van die WGGK en in besonder die fasiliteerder dr Jerry Pillay. Ons bevestig ons volledige verbintenis en samewerking tot die fasiliteringsproses.

## 10. KERKSKEURING MOET TEN ALLE KOSTE PROBEER VERMY WORD

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring moet vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

## 11. VERSOENING

11.1 Ons erken dat onversoende kerke en kerkleiers deel van die stadige vordering is.
11.2 Die hofsake tussen die NGKA en die VGKSA is 'n bron van groot kommer. Ons sal graag 'n konstruktiewe rol wil speel om die spanninge op te los.
11.3 In die fasiliteringsgesprekke is daar ook gesprekke aan die gang oor herstellende geregtigheid. Ons is ook verbind om deel van die gesprekke te wees en 'n oplossing te vind.
11.4 Ons is oortuig dat 'n kerklike waarheids-en versoeningsproses in die familie van NG Kerke ons gaan help om die kerkherenigingsprosesse te laat vorder. Ons wil graag met die Familie hieroor gesprek voer.

## 12. DIE BYEENBRING VAN ALLE GEREFORMEERDE KERKE

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

## 13. RAADPLEGING VAN GEMEENTES

13.1 Gemeentes is na die 2007 Algemene Sinode geraadpleeg oor die Achterbergh-voorstelle. Ons wil dit duidelik stel dat dit nie 'n stemming of kwantitatiewe meningspeiling was nie. Ons het die water in 'n raadplegende proses getoets.
13.2 Die Algemene Sinode is verbind om ons gemeentes te raadpleeg en mettertyd te toets. Die kerkverband moet hierdie pad saam kan loop. Dit vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar mekaar ook in liefde en respek hanteer.

## 14. PROSES VERDER

14.1 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerkfamilie het die status van beleidsbesluite vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.
14.2 Hierdie besluite word deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die verdere gesprekke met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad /moderamen en word in oorleg met die Moderamen van die Algemene Sinode (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging. Die gesprekke gaan oor die volgende:
14.2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2011;
14.2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalings van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002).
14.3 Daar word onderskeidend te werk gegaan na afhandeling van hierdie gesprekke. Die NG Kerkfamilie is, sover moontlik, deel van die onderskeidingsproses.
14.4 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 word in beide bilaterale gesprekke asook gesamentlike gesprekke met die kerke van die NG Kerkfamilie bespreek.
14.5 Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van gesprekke met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die Moderamen van die Algemene Sinode plaasgevind het.
14.6 Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op rings- en gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet ringe/ gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander ringe/ gemeentes van die NG Kerkfamilie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk asook eenheidstrukture te vestig. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die Moderamen in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

## 15. APPROBASIE BY KERKEENHEID

15.1 Die Algemene Sinode besluit soos volg oor die wyses waarop die instemming van en approbasie deur die gemeente verkry kan word by die voorgestelde wysiging van die belydenisgrondslag van die NG Kerk en/of die voorgestelde wysiging van die kerkverband by moontlike eenwording van die Familie van NG Kerke:
15.1.1. Voeg die volgende voetnota by Kerkorde Art 44.1 "Vir die wyse waarop die besluit van Kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van gemeentes met die besluit te verkry, sien Kerkorde Regl 6: 6"
15.1.2. Verander die opskrif van KO Reglement 6 om te lees: "Reglement vir die Vermeerdering, Kombinasie, Eenwording en Samesmelting van gemeentes, en vir die Vorming van 'n nuwe Kerkverband."
15.1.3. Voeg 'n nuwe pt 6 by Kerkorde Reglement 6, met die opskrif "Die Vorming van 'n Nuwe Kerkverband".
15.1.4. Die nuwe Reglement 6: 6 lees soos volg:
*"6.1 Die kerkraad lê sy voorstel oor die wysiging/handhawing van die belydenis/kerkverband éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die Kerkraad sy besluit met 'n tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.*
*6.2 Die Kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:*

*6.2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as ampsdraers van hierdie vergadering.*

*6.2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.*

*6.2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens 14 (veertien) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.*

*6.2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys.*

*6.3 Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.*

*6.4 Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.*

*6.5 Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom."*

15.2 Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie geapprobeerde besluit verkry.

15.3 Elke sinode moet dan met 'n tweederde-meerderheid tot kerkeenheid besluit.

15.4 Nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederde-meerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met 'n tweederde-meerderheid aanvaar (Art 43 en 44).

## 16. SINODEVORMING

Aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig 'n langsame proses is, kan sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.

## 17. KERKHERENIGINGSPROSESSE TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA

Die Algemene Sinode neem instemmend en met groot dankbaarheid kennis van die versoek van RCA/NGKA, máár ook van die VGKSA se versoek om hierdie herenigingstree met groot wysheid en versigtigheid te gee. Ten einde nie met 'n kortpad die VGKSA te vervreem nie maar ook nie die RCA/NGKA-versoek te negeer nie, verwys die Algemene Sinode die voorstel na die bemiddelingsproses onder leiding van die WGGK.

NG KERK
NOORDELIKE
SINODE 2012

**SDR – Bylae 7**
**Vgl SDR-verslag pt. 4.4**

# BELYDENIS VAN BELHAR

## 1. BESLUITE

### 1.1 Belydenis van Belhar (Beskrywingspunt B.3)

Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.3, soos gewysig te aanvaar:
Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hieroor in werking te stel.

### 1.2 Belydenis van Belhar (Beskrywingspunt B.10)

1. Die Algemene Sinode aanvaar nie beskrywingspunt B.10 Belhar nie.
2. Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die AS aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar."
3. Die Algemene Sinode wys daarop dat die NG Kerk in gesprek is met die VGKSA. Die gesprek word gefasiliteer deur die WGGK. In die gesprek word ook aandag gegee aan die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.

### 1.3 Belydenis van Belhar: studie

Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om, as deel van die proses, 'n deeglike studie te doen van die historiese, teologiese en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis ten einde die volgende Algemene Sinode en alle kerkvergaderinge te adviseer.

## 2. PROJEKPLAN

### PROJEKPLAN VIR DIE BESTUUR VAN DIE BREË PROSESSE INSAKE DIE GESPREK OOR DIE BELYDENIS VAN BELHAR

#### 1. DIE OPDRAG VAN DIE TAAKSPAN

Die opdrag van die Moderamen aan die taakspan is om oorhoofs die verskillende prosesse insake die gesprek oor die Belydenis van Belhar te bestuur (sien ook punt 3). Die taakspan is saamgestel uit lede van die Dagbestuur van die Moderamen sowel as een verteenwoordiger van elk van die sinodes van die NG Kerk.

#### 2. DIE VERWAGTE UITKOMS

**2.1 Die Moderamen van die Algemene Sinode het die volgende twee uitkomste vir die projek voorsien:**

- Teen Oktober 2013 is daar 'n groep lidmate in die kerk wat op 'n praktiese wyse as "veranderingsagente" die verantwoordelikheid neem om die Belydenis van Belhar deel van die lewe van die NG Kerk te maak.
- Teen Oktober 2013 sal die kerkverband van die NG Kerk die relevansie van die Belydenis van Belhar vir die NG kerk en haar lidmate verstaan.

**2.2** Die taakspan oordeel dat die uiteindelike doel van die proses is om approbasie in gemeentes en die kerkverband te verkry vir die besluite van die Algemene Sinode (2011) insake die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as 'n belydenis van die NG Kerk by die sitting van die Algemene Sinode in 2015.
**2.3** Die taakspan is oortuig daarvan dat die proses van wesenlike belang vir die kerk is, aangesien dit in wese 'n proses van belydenisvorming is. Dit is daarom 'n proses wat lidmate (gemeentes) moet help om die Here se stem te hoor oor die (huidige) gebeure in Suider-Afrika, maar ook oor die rol van Sy kerk in hierdie konteks. Die mikpunt van die proses om elke lidmaat van die kerk te bereik.

#### 3. DIE ROL VAN DIE TAAKSPAN

**Die taakspan verstaan sy rol soos volg:**

- Om prosesse te beplan en sinodes te adviseer oor moontlike prosesse
- Om die verskillende prosesse van sinodes te koördineer

- Om die vordering met prosesse te monitor en die effektiwiteit van prosesse te evalueer en voortdurend terugvoer te gee aan die ASM en die kerkverband
- Om die werk van ander projekspanne wat ook op die Belydenis van Belhar fokus (byvoorbeeld studie van Belydenis van Belhar, Seisoen van Luister) asook die fasiliteringsproses van die WCRC, by die proses te integreer.

## 4. DIE PERSONEEL VAN DIE TAAKSPAN

Voorsitter : Nelus Niemandt
Skriba : Willie van der Merwe
Logistieke ondersteuning : Personeel van die kantoor
('n naamlys van die taakspan asook die persone se kontakbesonderhede is aangeheg.)

## 5. DIE PLAN

**5.1** Die taakspan oordeel dat die proses op twee vlakke moet verloop naamlik in sinodes en in gemeentes. Verder oordeel die taakspan dat drie subprosesse nodig is:

- 'n Pastorale gesprek wat fokus op die eksistensiële vrae van lidmate (byvoorbeeld die pyn van die verlede, die verlies, die onsekerheid). Wat is die relevansie van die Belydenis van Belhar in die verband?
- teologiese besinning en 'n onderskeidende gesprek
- die kerkregtelike aspekte (die besluit)

**5.2 Daar is 'n aantal kritiese suksesfaktore wat in ag geneem moet word:**

- Die diversiteit van die kerk (byvoorbeeld stedelik en landelik, verskillende spiritualiteite, verskillende generasies)
- Lidmate se belewing van die gebeure in die lande
- Die persepsies en mites wat bestaan oor die Belydenis van Belhar
- Ideologiese en politieke ondertone by lidmate en in gemeenskappe
- Die leierskap van sinodes en ringe (die verband)
- Die leierskap van predikante
- Die weerstand van gemeentes (Kerkrade) om verder oor die belydenis te praat
- Die apatie en onkunde van lidmate oor belydenis en belydenisskrifte
- Wil die NG Kerk 'n belydeniskerk wees of eerder 'n belydende kerk?
- Die "gevaar" dat die gesprek 'n debat oor tegniese sake kan raak in plaas van 'n onderskeidende gesprek oor God se wil vir sy kerk

**5.3** Die plan rus op twee pilare naamlik effektiewe kommunikasie met die kerk op 'n deurlopende basis en gefokusde leierskap.

## 6. TYDLYN

**6.1 Die volgende tydlyn word voorgestel:**

| | |
|---|---|
| 2012 - 2013 | Sinodes vergader* |
| 2012 | • Kommunikasie met gemeentes begin<br>• prosesse word gefinaliseer en belyn<br>• voorbereiding van materiaal |
| 2013<br>Lydenstyd | • 'n tyd van lament, nadenke en besinning oor die gebeure in die lande<br>• wat is die kollektiewe pyn in die lande<br>• wat is die eksistensiële vrae in lidmate se harte? |
| 2013 Koninkrykstyd | • 'n teologiese besinning oor belydenisvorming,<br>• die belydenis van Belhar as 'n belydenis wat vir ons die geloofstaal gee in die huidige situasie<br>• 'n onderskeidende gesprek in gemeentes |
| 2013 | 'n algemene predikante konferensie |
| 2014 | Die kerkregtelike proses in gemeentes – tyd van besluitneming |

**** Die gesprekke in gemeentes moet verkieslik plaasvind nadat sinodes vergader het. In gevalle waar sinodes nie in 'n afsienbare tyd vergader nie, besluit die leierskap van die sinode (bv Moderatuur of Moderamen) op 'n gepaste proses.***

## 7. AKSIEPLANNE

### 7.1 Vir sinodes:

Die rol van die komende sinodesittings is om die gesprek aan die gang te sit (atmosfeer en kultuur van gesprekvoering te skep). Die sinodes dien as rolmodelle vir die gesprek in gemeentes. Dit is die plek waar gemeentes die onderskeidende gesprek ervaar. Daarom moet die gesprek in die sinodes eerlik, oop en deursigtig wees. Die gesprek behoort deurgaans 'n pastorale aard te hê, maar ook ruimte bied vir teologiese uitvoering. Duidelike informasie waarom die gesprek gevoer word is nodig.

| | | |
|---|---|---|
| Wat | Sinodes word gevra om tydens die sitting 'n geleentheid te skep vir 'n gesprek om tafels waar die volgende vier vrae aan die orde gestel word:<br><br>1. Wat is in ons land aan die gebeur en hoekom gebeur dit?<br>2. Plaas die gebeure in die land die waarheid van die evangelie op die spel?<br>3. Wat glo ons van eenheid, geregtigheid en versoening?<br>4. Kan die Belydenis van Belhar vir ons in 2012 taal gee om hieroor te getuig? | |
| Aksies | **Doelwitte vir die tafelgesprekke**:<br><br>↘ Die tafelgesprekke moet die geleentheid skep dat mense hulle stories kan vertel en dat mense se pyn en die kollektiewe pyn in die lande op die tafel kom<br>↘ Daarom moet die tafelgesprekke veilige ruimtes wees<br>↘ Die tafels moet ruimtes wees waar mense ondersteuning, aanvaarding en heling kan ervaar<br>↘ Verteenwoordigers van die ander kerke in die familie van NG Kerke asook ander kerke in die ekumene behoort genooi te word om deel van die gesprekke te word as volwaardige gespreksgenote | |
| Wie | Sinodes reël self die fasilitering van die gesprekke | |
| Datum | 2012 – 2013 | |
| Koste | ? | |

### 7.2 Vir gemeentes:

| | | |
|---|---|---|
| Wat | **7.2.1 Verdere kommunikasie met gemeentes oor die proses**<br><br>↘ *'n persoonlike brief van die Voorsitter van ASM*<br><br>↘ *'n brief aan gemeentes oor die besluitneming:* gemeentes word versoek dat die besluit met integriteit geneem te word (deursigtig, eerlik, sonder enige manipulasie)<br><br>↘ *persoonlike kommunikasie met leraars en gemeenteleiers* ("Padberade")<br><br>↘ *'n begeleidende brief vir die Belydenis van Belhar Vanuit NG Kerk perspektief*<br><br>**7.2.2 Voorbereiding van die "toolkit" wat moet insluit**<br><br>↘ Materiaal vir gesprek oor belydenisskrifte en wat belydende kerke konstitueer<br>↘ Liturgiese materiaal soos preeksketse en liturgieë<br>↘ Informasie oor die totstandkoming van Belydenis van Belhar | voor Junie 2012<br><br>voor Junie 2012<br><br>res van 2012<br><br>Konsep by ASM Maart 2012<br><br>Res van 2012 |

| | | |
|---|---|---|
| | - Materiaal om 'n teologiese diskussie in die gemeente te stimuleer<br>- Materiaal vir die kerkregtelike proses byvoorbeeld voorbeeld van stembriewe, hoe om gemeentevergaderings te konsitituer<br><br>**7.2.3 Materiaal vir Lydenstyd 2013**<br><br>**7.2.4 Materiaal vir koninkrykstyd 2013** | Res van 2012<br><br>Res van 2012 |
| Wie | Taakspanne moet nog aangewys word. | |
| Koste | Moet nog bepaal word | |

### 7.3 Algemene Predikantevergadering

| | | |
|---|---|---|
| Wat | Algemene predikante vergadering vir die predikante van die NG Kerk | |
| Aksies | Algemene Sinode Kantoor in samewerking met sinodes (Michiel Strauss, Norma Rossouw en Immanuel van Tonder plus een verteenwoordiger van elke sinode vorm die kernprojekspan) | |
| Datum | Tussen November 2012 en Februarie 2013 | |
| Koste en Plek | Moet nog bepaal word | |

### 7.4 Belyning van proses

Die taakspan belyn voortdurend die plan met aksies/prosesse soos Seisoen van Luister, studie van Belhar en fasilitering van WCRC.

**SDR – Bylae 8**
**Vgl SDR-verslag pt. 4.5**

# BESKRYWINGSPUNTE

## B.1 BESKRYWINGSPUNT: DIE NG KERK SE STANDPUNT OOR HOMOSEKSUALITEIT (Sentrale Kerkraad van die Wonderboom-Suid)

### B.1.1 Beskrywingspunt

Die Sinode besluit om 'n beskrywingspunt aan die Algemene Sinode deur te stuur waarin gevra word dat die Algemene Sinode (2007) se besluite oor Homoseksualiteit in heroorweging geneem word in die lig daarvan dat –

* pt 5 die indruk skep dat slegs promiskuïteit (dit wil sê seksuele verkeer met 'n verskeidenheid maats) as sonde veroordeel word – en dat homoseksuele verkeer met 'n maat van dieselfde geslag in 'n vaste verhouding van liefde en trou by implikasie Bybels geregverdig kan word;

en dat

* pt 7 die indruk skep dat dit van homoseksuele leraars verwag kan word om 'n selibate lewenstyl te beoefen, terwyl dit by implikasie nie van ander homoseksuele lidmate verwag word om selibaat te lewe nie.

Die Sinode besluit om aan die Sinodale Diensraad opdrag te gee om toe te sien dat die beskrywingspunt voorberei, gemotiveer en betyds deurgestuur word na die Moderamen van die Algemene Sinode vir behandeling tydens die volgende sitting van die Algemene sinode.

### B.1.2 Motivering

*1. Die genoemde punt 5 word reeds deur talle lidmate as verskoning gebruik waarom seksuele verkeer wel buite die wetlik-voltrekte huwelik mag plaasvind; en punt 7 dien reeds as motivering waarom lidmate wat nie in die leraarsamp dien nie, nie selibaat hoef te lewe nie. Indien die beginsel dat die seksuele sy regmatige plek binne die ruimte van die wetlik-voltrekte huwelik het, prysgegee word, is daar in beginsel niks wat teen willekeurige en vrye seksuele verkeer van ongetroudes ingebring kan word nie en is die deure wyd oopgegooi vir groeiende losbandigheid.

*2 Genoemde punt 5 vertroebel ook (ten spyte van punt 4) die definisie van wat 'n wetlik-voltrekte huwelik is. Gevolglik ondervind gemeentes probleme wanneer ongetroude paartjies wat saamwoon en babas het, hulle babas wil laat doop. Sou 'n gemeente sulke kindertjies doop, sanksioneer dit sulke ongetroude saamwonery. Dit het ook al daartoe gelei dat sulke ongetroude saamwoonpaartjies, wie se gemeente met die doop wou wag tot nadat die paartjie wettig in die eg verbind is, net na 'n volgende NG gemeente gegaan het wat die doop sonder meer bedien het sonder dat hulle wettiglik in die eg verbind was. Dit skep dus groot verwarring – en ondermyn die gemeentelike ampsdraers (en die NG Kerk in die algemeen) se geloofwaardigheid en gesag in die oë van lidmate. Dit laat hulle ook toe om gemeentes teen mekaar af te speel.

### B.1.3 Respons en aanbeveling vanaf die SDR

| |
|---|
| **AANBEVELING: Op aanbeveling van die SDR besluit die Sinode**<br>***1. Dat die beskrywingspunt ontvanklik is;**<br>***2. Dat die Sinode hom nie uitspreek oor die meriete van die beskrywingspunt se inhoud nie maar dat die Sinode die beskrywingspunt as die standpunt van die Kerkraad van Wonderboom na die Algemene Sinode deurstuur vir aandag wanneer die saak weer deur die Algemene Sinode hanteer word.** |

## B.2 BESKRYWINGSPUNT: BELYDENIS VAN BELHAR (Ds Petrus Kriel, Levubu)

### B.2.1 Beskrywingspunt

1. Die Sinode erken dat die begrip "armes" en "onderdruktes" in Lukas 4:16-19 e.a. soos aangehaal deur die Belharbelydenis nie verwys na sosiale klasse en gemeenskappe nie, maar na die verbondsgemeenskap van God.

2. Die Sinode stel dat God net besonders God vir sekere mense teenoor ander mense in sy verbondsgenade vir sy kinders teenoor ongelowiges is, en nooit vir sekere sosiale klasse en gemeenskapsgroeperinge teenoor ander ander sosiale klasse en gemeenskapsgroeperinge is nie.

3. Daarom besluit die Sinode dat hierdie verwysing na God as God wat "op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy die kerk roep om Hom hierin na te volg" in die Belharbelydenis nie ooreenkomstig die Woord van God waar is nie.

4. Die sinode besluit dat geen leraar of lidmaat van die NG Kerk deur enige kerklike vergadering verplig kan word om die Belharbelydenis as "ooreenkomstig die Woord van God" as waar te moet aanvaar nie.

5. Die Sinode erken dat daar geen ander redes is om 'n geloofsbelydenis oor God te kan aanvaar as "waar ooreenkomstig die Woord van God", as die openbaring van God in die Skrif nie.

6. Die sinode stel dat dit nie kerkeenheid kan wees om 'n geloofsgemeenskap te konstitueer wat volgens die wette van 'n land en die gemenereg een in naam en organisasie is, maar waarvan predikante en lidmate die vryheid het om oor dieselfde geloofsbelydenis oor God te sou kon verskil of dit ooreenkomstig die Skrif waar of onwaar is nie.

## B.2.2 Motivering

Die besluite wat die Algemene Sinode in 2011 geneem het, het 'n proses in werking gestel waarvan die doelwit is dat die belydenis van Belhar 'n nuwe belydenisskrif van 'n nuwe voorsiene spirituele gemeenskap sal wees. Dit word voorsien dat hierdie nuwe spirituele gemeenskap gekonstitueer sal word as en wanneer die NG Kerk, as kerk wat net volgens die drie ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid gekonstitueer was, ontbind het.

Die Algemene Sinode van 2011 verwys reeds na die Belharbelydenis as 'n belydenis "ooreenkomstig die Woord van God". Dit beteken dat alles in die Belharbelydenis volgens die Woord van God waar is. Dit plaas my as NG predikant, wat gelegitimeer en georden is volgens die drie ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid, in die posisie dat ek nie 'n predikant vir so 'n nuwe spirituele gemeenskap, of vir die NG Kerk sal kan wees nie.

Dit is so omdat dit eerstens voorsien word dat daar na hierdie vereniging in 'n nuwe spirituele gemeenskap nie meer 'n NG Kerk in naam of konstitusie sal oor wees nie. Die NG Kerk sal vervang wees deur 'n nuwe spirituele gemeenskap met 'n nuwe naam en 'n nuwe konstitusie.

Tweedens sal ek waarskynlik die geleentheid gebied word om 'n predikant in hierdie nuwe spirituele gemeenskap te wees, met dien verstande dat ek die nuwe belydenisse van die nuwe spirituele gemeenskap sal moet onderskryf of stilswyend sal moet aanvaar dat ander dit as "ooreenkomstig die Woord van God" onderskryf.

Met hierdie verpligte stilswye sal die verbintenis aan die Woord van God dan in hierdie spirituele gemeenskap opsioneel wees. Hierteenoor is dit binne die Gereformeerde Kerkreg onmoontlik dat 'n Christelike kerk volgens 'n geloofsbelydenis gekonstitueer is, wat volgens die kerk in elke deel in ooreenstemming met die Woord van God die waarheid is, maar dat verbintenis aan hierdie belydenis opsioneel is. So 'n tipe spirituele gemeenskap kan nie die kerk van die Here wees nie. Ek sal nie hierdie opsionele verbintenis aan God se Woord of hierdie opgelegde stilswye aanvaar nie.

Die Noordelike Sinode het ook tot op hede toe nie 'n geleentheid geskep waar die inhoud van die Belharbelydenis óf deur predikante saam bespreek óf deur die sinode teologies saam oor besin is nie.

Terselfdertyd word ek as predikant net voor die feit gestel dat die Algemene Sinode reeds die inhoud van die Belharbelydenis aanvaar het as synde ooreenkomstig die Woord van God. Ek het geen toegang as predikant tot hierdie vergadering om self insette te maak nie. Terselfdertyd word hierdie nuwe spirituele gemeenskap, wat die NG Kerk moet vervang, reeds deur NG Kerk se verteenwoordigers in die openbare media bemark en verdedig. Predikante en lidmate wat nie met hierdie belydenis sou saamstem nie, word reeds van rassisme verdink en geredelik so gesien en so voorgestel in die gemeenskap.

Dit plaas my as predikant in die posisie dat indien ek sou swyg, dit kerkregtelik en gemeenregtelik sou impliseer dat ek deel van hierdie proses is om die Belharbelydenis te aanvaar. Daarom neem ek die vrymoedigheid om my geloof in Christus en waarom my geloof in Christus my nie toelaat om die Belharbelydenis te aanvaar nie, openlik te stel.

1. Die begrip "armes" in die Woord van God is allereers 'n verbondsbegrip. Dit beskryf die posisie van die verbondskinders voor God in hul onvermoë om regverdig vir God en hul naaste te wees deur hul onderhouding van die geregtigheid van God se wet. Hulle kan nooit self regverdig wees nie. Nog minder kan hulle self verteenwoordigers van geregtigheid wees. Dit beskryf ook die verbondskinders se status en posisie teenoor die mag van goddeloses en ongelowiges in hierdie wêreld wat hul eiegeregtigheid uitleef asof dit God se geregtigheid of goddelike geregtigheid is.

2. Die beskrywing van God in die Belharbelydenis as: "dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, en dat Hy die kerk roep om Hom hierin te volg", is nie 'n belydenis van wie God in sy verbondstrou aan sy kerk is nie. Dit is bloot 'n verklaring oor wie God vir al hierdie sosiale klasse en groeperinge van mense in die wêreld sou wees; dit is, vir álle armes, álle noodlydendes en álle verontregtes in die wêreld.

3. Daarom is "armes", "noodlydendes" en "verontregtes" in die Belharbelydenis nie 'n aanduiding van die verbondsgemeenskap nie, maar van die wêreldgemeenskap in armoede, nood en verontregting.

4. Die besondere wyse waarop God God is, is deur sy verbond met sy kerk. God is nie vir enige sosiale klas teenoor 'n ander klas in die wêreld op 'n besondere wyse God nie.

5. In hierdie verbond is God nie vir armes en verontregtes meer besonders God as vir rykes en bevoorregtes nie. In hierdie verbond ontvang armes en rykes presies dieselfde goedheid, genade, liefde en barmhartigheid van God op presies dieselfde wyse: net deur Christus en net deur geloof in Christus.

6. In God se voorsienigheid vir sy kerk is God ook nie meer besonders God vir gelowige armes en verontregtes as vir gelowige rykes en bevoorregtes nie. In sy voorsienigheid laat God die armoede en verontregting van sy kinders ten goede wees. Hy neem nie noodwendig die armoede, nood en onreg weg nie. Sy kinders ontvang rykdom en voorregte as gawes soos God dit wil en beskik. Arm en verontregte kinders van God, en ryk en bevoorregte kinders van God deel almal in dieselfde voorsienige sorg van God.

7. Buite God se genadeverbond is God ook nie vir armes en verontregtes in die wêreld op 'n meer besondere wyse God as vir rykes en bevoorregtes in die wêreld nie. Buite God se genadeverbond laat God armoede én rykdom, onreg én reg, nood én vreugde, goddeloses en afgodsdienaars tot oordeel wees. Goddelose en ongelowige rykes en bevoorregtes is nie meer of minder aan die oordeel van God onderworpe omdat hulle ryk en bevoorreg is nie, en armes en verontregtes is ook nie meer of minder onder God se oordeel omdat hulle arm en verontreg is nie. Buite God se genadeverbond is ryk én arm, verontregtes én bevoorregtes, noodlydendes én hulle wat in oorvloed leef, op dieselfde wyse onder die oordeel van God.

8. Nog minder is God buite sy verbond besonders God vir goddelose en ongelowige armes en verontregtes op so 'n wyse dat Hy hul reg op 'n besondere wyse herstel om ryk en bevoorreg te word nie. God kry hulle nie meer jammer as vir ryk goddeloses nie.

9. God in sy regering oor die wêreld is nie net besonders God waar Hy mense met welvaart en welsyn seën nie. God in sy regering in die wêreld, oor die wêreld, is ook besonders God waar Hy in sy toorn oor hul sonde, stede, volke, nasies en gemeenskappe verarm, oorgee aan die nood van vernietiging en die lyding van verwoesting; mense in sy grimmigheid oor hul magsug deur oorloë en geweld wees en kinderloos laat wees; mense weens hul gierigheid en luiheid in sy woede verarm deur ekonomiese ineenstortings en werkloosheid; mense in sy onbarmhartigheid aan die onreg van magtiges oorgee, omdat hulle dit van geen belang geag het om Hom as God te eer nie.

10. God is besonders in sy onvergelykbare andersheid as God. Die wyse waarop God in die Belharbelydenis besonders gemaak word, deurdat Hy vir een sosiale groep of gemeenskap teenoor 'n ander sosiale groep in besonder God sou wees, is nie besonders nie. Dit is hoe mense in hul goddeloosheid en ongeloof God met hul eie belange en godsbeelde identifiseer.

11. Hierdie identifikasie met God volgens menslike klasse, groepe en ordes is nie geloof in die God wat Homself in die Bybel openbaar nie. Identifikasie met God is die kern van alle afgodsdiens, ook van die moderne christelikheid. In hierdie identifikasie met God, word God soos Hy Homself in die Skrif as onvergelykbaar anders as mense en hul godsbeelde openbaar, tot net nog 'n menslike afgod gemaak.

12. Die wyse waarop kerkeenheid in die Belharbelydenis verbind word aan die belydenis van God as die God wat in besonder en op 'n besondere wyse die God van armes, verontregtes en noodlydendes sou wees

teenoor welvarende, vrye en bevoorregte mense vir wie God nie besonders God op 'n besondere wyse is nie, neem die onderskeid tussen die kerk van die Here as verbondsgemeenskap en die wêreldgemeenskap in sy goddeloosheid en ongeloof weg.

13. Hierdie gelykstelling is vir die Belharbelydenis nodig, want dit roep die kerk in sy geloof en diens aan God op tot 'n klasse- en regstryd tussen armes, noodlydendes en verontregtes in hierdie wêreld teen welvarende, vrye en bevoorregte mense in die naam van God. Hierdie klassestryd word as God se saak voorgehou waarin die kerk God moet navolg.

14. Dit is hierdie gelykstelling tussen God se verbondsgemeenskap en armes in die gemeenskap, as gewoon sosiale groepering, saam met die identifikasie dat God in besonder die belange van hierdie gemeenskap sou dien, wat die Belharbelydenis van die begin af deel van die rewolusionêre gees en stryd teen die vorige politieke bedeling gemaak het. Dit is nou weer in hierdie rewolusionêre gees teenoor die nuwe regering wat die Belharbelydenis aan verarmende, verontregte en noodlydende Afrikaanses voorgehou word as juis die tipe belydenis waarin hulle spiritueel moet verenig. Dit is in hierdie gees dat kerklike amptenare en verklarings nou al in die NG Kerk neerhalend na die regering ná 1994 verwys as "Die Regime".

15. Ek glo in Jesus Christus as Here en deur Christus as Here weet ek dat identifikasie met God afgodsdiens en goddeloosheid is. Om een magsbedeling, waarin God met die Afrikanervolk en hierdie volk se saak gelykgestel is en wat voorgehou is as die wyse waarop God besonders God is, te verruil vir 'n nuwe magsbedeling, waarin God nou weer in besonder God is vir 'n spesifieke sosiale klas of gemeenskap, is geen bekering soos wat mense dit graag deur die Belharbelydenis wil voorhou nie. Dit is dieselfde goddeloosheid en afgodsdiens wat net in en deur 'n nuwe magsgroepering voorgehou word.

16. Ek glo in God omdat Hy God is en God is soos Hy Hom in sy Woord openbaar. Hierdie openbaring bely ek saam met die Gereformeerde Kerke in die drie ekumeniese geloofsbelydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid. In hierdie belydenisse word die besondersheid waarop God vir sy kerk God is, bely.

17. Ek sal nooit God kan bely as God wat vir spesifieke sosiale klasse, ordes en groeperinge in die burgerlike gemeenskap op 'n meer besondere wyse God is as vir ander groeperinge in die burgerlike gemeenskap nie. Dit is Skriftuurlik onwaar. Daar is nie só 'n God nie.

18. Ek sal dit nie doen nie. Al besluit die Algemene Sinode van die NG Kerk dat dit volgens húlle nou so is dat God meer besonders God is vir spesifieke burgerlike gemeenskappe as vir ander; ook nie al besluit ander kerke en kerkvergaderinge buite Suid-Afrika só nie. Die kerklike politiek van nog méér en nog gróter vergaderings sal my nie oortuig om só in God te glo nie.

19. Nog minder sal ek daarom God só bely net omdat ander God só sien, omdat dit vir hulle besonders was om met God op hierdie wyse te identifiseer of omdat hierdie identiteit met God in hierdie godservaring vir hulle kosbaar is. Ek glo nie in en bely nie my geloof in God om mense se godservarings te akkommodeer nie. Hierdie akkommodasie van godservarings is nie die Skriftuurlike gronde vir kerkeenheid nie. Skriftuurlike kerkeenheid is eenheid in die geloof in openbaring van God in die Skrif. Ek sal nooit met mense een kan wees in die geloof dat God meer besonders God vir een gemeenskapsgroepering as vir 'n ander is nie.

20. Nog minder sal ek hierdie tipe identifikasie met God aanvaar as Skriftuurlik om my nie-rassigheid te probeer bewys. Ek onderskei my nie as gelowige teenoor ander rasse, volke, kulture, sosiale klasse of groeperinge in en deur my geloof nie. Deur my geloof in Christus onderskei ek my slegs teenoor goddeloses en ongelowiges se identifikasie met God en hul godsbeelde deur hul identifikasie met God.

21. Nog minder sal ek hierdie identifikasie met God aanvaar as Skriftuurlik, net omdat yweraars voorhou dat die armes meer toeganklik vir hul spiritualiteit en sosiale opheffingswerk sou wees indien die kerk God as 'n besondere God vir armes sou voorhou. Uitreikaksies na arm, verontregte en noodlydende gemeenskappe, wat God voorhou as 'n God wat Hom in besonder oor hierdie sosiale groeperinge ontferm teenoor ander sosiale groeperinge, is nie besig met die sending van die kerk van die Here nie. Hulle is net besig om hulself met hierdie sosiale groeperinge te identifiseer ter wille van hul eie spirituele mag en belange.

22. Nog minder sal ek hierdie identifikasie met God as Skriftuurlik aanvaar omdat ek my werk as predikant in die nuwe spirituele gemeenskap wil behou. Ek wil my geloof in God behou dat God besonders God vir sy kerk is. Ek wil nie in hierdie tipe god glo waardeur mense, wat hulle as geestelike leiers voorhou, elke nuwe magsbedeling vergeestelik of vergoddelik en elke vorige magsbedeling vervloek of verguis nie.

23. Sou ek dan deur kerklike vergaderings gedwing gaan word om die Belharbelydenis as Skriftuurlik waar en reg te moet aanvaar, en só gedwing sou word om te moet glo dat God vir sekere gemeenskappe en klasse in gemeenskappe meer besonders God is, dan kies ek vir my geloof in Jesus Christus, nie vir my werk, my salaris, my pensioen en mediese fonds as predikant nie.

24. Vir hierdie ongeloof in God waar God meer God vir sekeres teenoor anderes in die burgerlike gemeenskap sou wees, sal ek nooit 'n prediker of net 'n stilswyende metgesel ter wille van my eie welvaart of welsyn word nie.

25. Ek sal bly glo dat ek met alle ander gelowiges uit ander tale, kulture, gemeenskappe in die belydenis van die Drie Ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid, een kerk is, en dat ons as een kerk ook in vergaderings, eredienste en alle kerklike werksaamhede hierdie eenheid moet uitleef.

26. Identifikasie met God, deur Hom as besonders voor te hou soos Hy in die Belharbelydenis voorgehou word, verskéúr geloof in Christus. Al is mense dan een spirituele gemeenskap, een organisasie, met een sosiale naam, al kom hulle almal in een taal, in een erediens of een spirituele vergadering byeen, en al is hulle een spirituele gemeenskap vir een nuwe nasie, is hulle nie meer die kerk van die Here Jesus Christus nie.

27. In hierdie nuwe, een spirituele gemeenskap is God net weer die voorkeurgod van 'n nuwe belangegroep. Ons het tog as NG Kerk hierdie tipe magsgreep op die kerk afgeskud toe ons met "Kerk en Samelewing" die identiteit tussen kerk en volksgroep of nasie, en daarmee enige sosiale of burgerlike groep, verwerp het. Kerk en samelewing kan nooit identies wees nie. Hierdie tipe afgodsdiens, wat God se Naam, Persoon, Wil en Krag opeis asof dit sy eie is, en só God self verdeel in 'n diversiteit van innerlike teenstrydige spiritualiteite en godsbeelde, waar God nog net as God een kan wees deurdat hulle wat Hom sou verteenwoordig, een in mag, struktuur, organisasie of naam is, het ons tog reeds verwerp.

28. Die Belharbelydenis is slegs een vorm van die verskuiwing van geloof in Christus na identifikasie met God. In die verskeuring van die eenheid van die kerk in sy geloof in hierdie verskuiwing van identifikasie van een geloof tot identifikasie met God na verbeelding, wil en smaak, kan eenheid nog net voorgehou word as die eenheid van die diversiteit van teenstrydige spiritualteite in één mag, één struktuur, één organisasie of één naam. Ek sal myself nooit deel van hierdie leuen maak nie.

29. Nog minder sal ek myself deel van die leuen maak asof hierdie eenheid van diverse spiritualiteite 'n demonstrasie sou wees van die wyse waarop God een is. Dit is 'n geestelike leuen. Hierdie sigbare openbare vertoon van hierdie tipe god se eenheid gaan bloot net oor die versugting om groter spirituele mag te kon kry om die wêreld aan hierdie geestelike mag te kan onderwerp. Hierdie eenheid in spirituele mag is nie die eenheid in die geloof waarin die kerk na die wêreld gestuur word nie. Wie met God wil identifiseer in die naam van Christus, verskeur die kerk in die eenheid van sy geloof in Christus.

30. Vir hierdie voorkeurgod met wie spesifieke burgerlike groepe mense nou weer in en deur Christus wil identifiseer asof Hy besonders húl god is, sal ek nie 'n predikant kan of wil wees nie.

31. Ek sal ook nie teenoor hierdie valse godsbeeld stilbly nie. Ek sal teenoor hierdie godsdienstige leuen openlik die waarheid van die Skrif preek: die wyse waarop God besonders God in sy genade en voorsienige sorg is, is vir sy verbondsvolk, sy kerk. Hier is God op dieselfde wyse God vir elke gelowige, sonder enige sosiale, klasse- of groepsonderskeid. Vir ongelowiges buite sy verbondsgenade is God besonders God in en deur sy oordeel oor ryk én arm, verontregtes én bevoorregtes, noodlydendes én hulle wat geen nood ervaar nie.

## B.2.3 Respons en aanbeveling vanaf die SDR

Die SDR het 'n ad hoc-taakspan aangewys om die beskrywingspunt te bestudeer en die sinode ter vergadering met 'n verslag te dien.

# SINODALE DIENSRAAD ONDERSTEUNING (SDO)

## 1. INLEIDEND

### 1.1 Doel van die verslag

Die doel van die verslag is om 'n oorsig te gee van die samestelling en werk van die SDO, aanbevelings te maak oor beleid-aanpassings en kortliks 'n toekomsblik te formuleer.

### 1.2 Samestelling van die diensraad

Die SDO is saamgestel uit verteenwoordigers van vyf 'ring-streke', met 'n uitgebreide diensraad (USDO) wat ringsgewys saamgestel is, asook amptenare vanuit die Sinodale kantoor.

#### 1.2.1 Diensraad

Voorsitter: dr. Michiel van der Merwe
Ondervoorsitter en verteenwoordiger Stad-sentraal streek: ds. Rehan Rheeder
Verteenwoordiger Verre-Wes streek: dr. Hennie Kotzé
Verteenwoordiger Stad-Noord streek: ds Pieter Viljoen
Verteenwoordiger Verre-Noord streek: ds Louis Pretorius
Verteenwoordiger Stad Suid- en Wes streek: ds André Joubert
PSD (adviserend): dr. Gerrit Cloete
Rekenmeester (adviserend): mev. Naomi van Wyk.
Saakgelastigde: mnr. Johan Kruger

#### 1.2.2 Uitgebreide diensraad

Die Diensraad, plus die volgende ringsverteenwoordigers:
Daspoort: Ds AR (André) Vivier (NG Eloffsdal-Wes); Derdepoort: ds KE (Karel) Albrechts, ds JH (Johan) van Loggerenberg (NG Noordoos-Pretoria) (sek); Krokodilrivier: ds JF (Kobus) Mouton (NG Elandsrand); Louis Trichardt: ds A (Anton) Kemp (NG Messina); Midde-Afrika: ds PF (Piet) Janse v Vuuren (DRC Harare); Northam: ds JA (Jannie) du Plessis (NG Northam) / oudl. HA (Amos) Schreuder (NG Koedoeskop); Pietersburg: ds GG (Deon) Haumann (Pietersburg Moedergemeente); Pietpotgietersrus: ds LJ (Louis) Pretorius (NG Naboomspruit); Pretoria-Noord: ds PA (Pieter) Viljoen (NG Wonderpark); Pretoria-Oos: dr AK (Braam) le Roux (NG Pretoria); Rustenburg: ds HES (Sterns) Pretorius (NG Rustenburg-Suid); Sesmylspruit: ds C (Christo) van Vuuren (NG Sesmylspruit); Sentraalmoot: ds SJ (Fanie) Scheepers (NG Pierneefrant); Suidoos-Pretoria: ds AT (Alan) Childs (NG Universiteitsoord); Valhalla: ds AJ (André) Joubert (NG Eldoraigne); Waterberg: ds FCA (Frans) de Beer (Springbokvlakte); Wonderboom: ds TA (Thomas) Verbeek (Magalieskruin).

### 1.3 Vergaderings

Vergaderings van die SDO vind normaalweg plaas voor vergaderings van die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur (DKB). Sedert die vorige sinodesitting het daar vyf en twintig vergaderings plaasgevind tot Mei 2012. 'n Verdere twee vergaderings is geskeduleer tot en met Augustus 2012. Daar is ook gespreksgeleenthede tussen SDO-vergaderings geskeduleer waartydens gemeentes en/of diensrade spesifieke behoeftes kon kom bespreek.

Die USDO vergader jaarliks met die oog op die beplanning van die onderhandelings met gemeentes ten opsigte van hul bydrae tot gesamentlike werk. Die ringe is ook deur die voorsitter besoek ten einde spesifieke tendense te bespreek.

### 1.4 Opdragte van die vorige sinode

Sentrale betalingstelsel: Word hanteer in die verslag van die Sinodale Diensraad (SDR).

### 1.5 Die Noordelike Sinode in syfers (soos op 28-02-2011)

#### 1.5.1 Ringe, gemeentes en leraars

Die Sinode bestaan uit 17 ringe, waarvan 1 (Midde-Afrika) geografies buite die grense van Suid-Afrika geleë is, en 120 gemeentes, waarvan 15 geografies buite die grense van Suid-Afrika geleë is. Van hierdie gemeentes het ongeveer 3% geen leraar nie, 42% een leraar en 27% twee leraars. Slegs ongeveer 28% van die gemeentes word bedien deur drie of meer leraars per gemeente.

#### 1.5.2 Gemeentelike finansies

Die jaarlikse inkomste vir al die gemeentes van die Noordelike Sinode (in Suid-Afrika), beloop ongeveer R199 mijoen. Dit wissel vanaf minder as R600 000 per jaar (±10%) tot meer as R3,5 miljoen (±13%). Die grootste deel (ongeveer 70%) val in die groep wat minder as R2,5 miljoen in bruto inkomste ontvang. 45%

van gemeentes dra teen minder as 50% dravermoë by en ongeveer 9% is as 'marginaal' geklassifiseer (minder as 5% dravermoë). 8% van gemeentes ontvang bedieningshulp van die Sinode.

Uitgedruk as 'n gemiddeld van die bruto inkomste van gemeentes beloop sinodale bydraes vir 2010/11 6,98%. Die syfer vir 2006/07 het 7,84% beloop. In praktiese terme beteken dit dat, as die persentasie dieselfde gebly het, 'n bedrag van ongeveer R2,06 miljoen meer van gemeentes ontvang sou gewees het vir 2010/11,

### 1.5.3 Predikante en Lidmate

Die gemeentes bestaan uit ongeveer 109 000 belydende en 30 000 dooplidmate, wat bedien word deur ongeveer 200 predikante. Die gemiddelde bedieningsverhouding is dus ongeveer 550 belydende lidmate per leraar. Van die gemeentes het ongeveer 13% minder as 300 lidmate, 19% tot 500 lidmate, 24% tot 1000 lidmate, 31% tot 2 000 en 13% meer as 2000 lidmate.

## 2. WERKSAAMHEDE VAN DIE SDO

(Die SDO vorm saam met die SDGO, SDGB en SDG die vier diensrade waardeur die werksaamhede van die Noordelike Sinode gekoördineer word. Die SDO hanteer die befondsing en bestuur van die begroting, bestuur bates en laste, diensverhoudinge, argivalia, en die kantoor.)

## 2.1 Beleidsdoelwitte van die SDO

Die SDO se beleidsdoelwitte, soos goedgekeur deur die SDR, is om:

1. uitvoering te gee aan Reglement 9 van die kerkordeboek van die NG Kerk (soos van toepassing) en Artikel 57 van die Kerkorde en Bepalings van die Noordelike Sinode;
2. jaarliks as uitgebreide SDO te konstitueer, en die inkomste uit sinodale bydraes met gemeentes te onderhandel, op 'n billike grondslag vir die gemeentes sowel as die sinode;
3. jaarliks 'n realistiese konsepbegroting op te stel vir prioritisering deur die DKB en goedkeuring deur die SDR;
4. beskikbare fondse deurlopend te belê om die opbrengs op kapitaal te optimaliseer;
5. die vaste bates en fondse van die Noordelike Sinode effektief te bestuur;
6. toe te sien dat jaarlikse eksterne oudits uitgevoer word, en verslag gedoen word oor die stand van die fondse en bates van die sinode aan die DKB, SDR en Ontvanger van Inkomste;
7. die DKB en SDR jaarliks so te adviseer dat die groei in die goedgekeurde sinodale begroting beperk word tot nie meer nie as die gemiddelde groei in gemeentelike inkomste;
8. diensrade deurlopend te adviseer, en van die nodige bestuursinligting en ondersteuning te voorsien, sodat hulle in staat gestel word om hulle doelwitte effektief te realiseer met die begrote fondse tot hulle beskikking;
9. bemagtiging van ringe en gemeentes om projekte self te bedryf waar enigsins moontlik, in plaas daarvan dat dit oorhoofs deur die Sinode bestuur word."
10. die jaarlikse pro forma ouditstate vir gemeentes en ringe op te stel in ooreenstemming met die ooreengekome bronne;
11. enige afwykings op die ouditstate van gemeentes, ringe of die sinode te hanteer op versoek van die saakgelastigde van die Sinode;
12. om ringsverteenwoordigers deurlopend op te lei en toe te rus vir hul onderhandelingstaak, asook skakeling en koördinering tussen SDO en die plaaslike gemeente of ring.
13. gemeentes deurlopend te moniteer en te motiveer tot die volledige en tydige betaling van sinodale bydraes;
14. begeleiding van gemeentes met die oog op verantwoordelike finansiële en batebestuur;
15. die diensverhoudinge van administratiewe (nie-geordende) personeel te bestuur in terme van goedgekeurde beleid;
16. op versoek as appèlliggaam op te tree vir diensverhoudinge dispute van nie-geordende personeel van gemeentes;
17. alle regshandelinge wat verband hou met diensverhoudinge, eiendomme en goedere en fondse van die sinode uit te voer, na oorleg met die Taakspan Regte en in opdrag van die SDR;
18. eisend sowel as verwerend op te tree in regsgedinge / dispute rakende diensverhoudinge, eiendomme en goedere en fondse van die Sinode, na oorleg met die Taakspan Regte en in opdrag van die SDR;
19. die argivalia van die sinode deurlopend te hanteer.

## 2.2 Sinodale finansies

### 2.2.1 Begrotingsbeleid


Die begrotingsbeleid van die Sinode word gedryf deur die volgende kernwaardes:

1. Zero basis begroting: Dit impliseer dat daar elke jaar, met arbeidsregtelike riglyne in ag geneem, de novo na elke item op die begroting gekyk word in terme van die prioriteit en bekostigbaarheid daarvan.
2. Inkomstegedrewe begroting: Eers nadat dit bekend is wat die beskikbare inkomste is in terme van die onderhandelde sinodale bydraes en opbrengs op reserwes, word die Sinode se begroting gefinaliseer.
3. Bekostigbaarheid vir gemeentes: Daar word met gemeentes ooreengekom oor hul bydrae tot die sinodale begroting, in die lig van elkeen se unieke omstandighede en finansiële posisie.
4. Deursigtigheid: Daar word nie vir diensrade begroot nie maar deur diensrade. Die SDO stel die finale aanvraag vir prioritisering deur die DKB vas, op grond van gemotiveerd aansoeke deur diensrade, wat in oorleg met die PSD voorgelê word. Die volledige begroting en jaareindstate dien by die SDR vir goedkeuring.
5. Volhoubaarheid: Die begroting neem 'n langtermynsiening van die werksaamhede van die Sinode en is gerig op die volhoubare befondsing van die primêre items daarop, wat veral insluit die subsidiëring van die mediese premies van emeriti en amptenare soos deur die Sinode besluit, die ondersteuning van die studentebedieninge binne die sinodale grense, die ondersteuning van die Christelike Maatskaplike Raad, die bedryf van die sinodale kantoor en die ondersteuning van gemeentes in nood.
*6 Gemeenskaplike belang: Aangesien al die gemeentes bydra tot die Sinodale begroting, is dit van wesenlike belang dat die besteding van hierdie fondse ook in belang van soveel moontlik van hierdie gemeentes moet wees. Begrotingsitems wat op ring(e)-vlak hanteer kan word, word dus eerder aan daardie spesifieke ring(e) toegewys.

### 2.2.2 Balansstaat

#### 2.2.2.1 Bedryfsbates

Die beweging op bedryfsbates vir die 5-jaar tydperk vanaf 2006/07 kan grafies soos volg voorgestel word:





Bates is hoofsaaklik opgebou uit die opbrengs op die verkoop van vaste eiendom soos Kranspoort, Bethesda, die Sinodale Sentrum, Oliekranse en die Van Riebeeck gebou, en die versigtige belegging en groei van hierdie surplus fondse. Die opbrengs op beleggings word hoofsaaklik aangewend om die mediese premies van emeriti en ander pensioenarisse te subsidieer (sien ook 2.2.3.2).

#### 2.2.2.2 Vaste Bates


*1. Die volgende vaste bates is die eiendom van die Noordelike Sinode: Emmarentia Geldenhuys Sending Sentrum, Badseloop Jeugkampterrein en Magaliesberg Jeugkampterrein. Gedurende die reses is besluit om Oppieberg Kampterrein aan die skenker, ds Machiel Odendaal, te verkoop teen die helfte van die markwaarde. Met die skryf van die verslag is die oordrag van die eiendom nog in proses.
*2. Die twee 'sendingpastorieë', Dendron en Soekmekaar, is as geskenk en op koste van die Sinode aan die VGKSA oorgedra.

### 2.2.3 Inkomstestaat
### 2.2.3.1 Aanwending van Fondse




Die grafiek (2.2.3.1) illustreer die aanwending van fondse in terme van die verskillende kostesentrums. Die vergelykende syfers vir 2006/07 was: SDR 8%, algemene administrasie 6%, mediese subsidie 17%, kantoor 10%, gesamentlik (Transvaal) 7%, gemeente ontwikkeling 12 %, getuienis 18%, gemeenskapsbetrokkenheid 18% en Hulpverlening 4%. Volledige finansiële state is beskikbaar by die sinodale kerkkantoor.

### 2.2.3.2 Sinodale bydraes relatief tot gemeente inkomste en dravermoë




*1. Die grafiek vergelyk die beweging in gemeentelike inkomste, sinodale bydraes deur gemeentes en die gemiddelde dravermoë van gemeentes. Die vergelyking moet gesien word in die lig van die belangrikste kernwaarde vir die sinodale begroting, naamlik die bekostigbaarheid van sinodale werk vir die gemeentes.

*2. In hierdie opsig is die uitgangspunt vir die SDO die integriteit van die onderhandelingsproses met ringe en gemeentes. Daar is nog altyd aanvaar dat gemeentes bona fide onderhandel in die lig van bekostigbaarheid, maar die grafiek wys duidelik dat die lyne vir gemeentelike inkomste, gemiddelde dravermoë en sinodale bydraes in verskillende rigtings beweeg. Gemeentelike inkomste styg met 26% oor die tydperk, sinodale bydraes styg met 9%, en die gemiddelde dravermoë neem af van 71% na 59%). Tot en met 2011 is die gaping relatief gemaklik deur die aanwending van opbrengs op reserwes gehanteer, en met behulp van donasies kon die balansstaat bly groei. In 2012 het die prentjie egter verander.

*3. Waar die balansstaatsaldo vir 2011 met ongeveer R1,8 miljoen gegroei het tot R41 464 069, is die 2012 toename slegs R602 704, tot R42 066 773. Dit korrespondeer met die totale surplus vir 2011 wat ongeveer R1,8 miljoen beloop het, terwyl dit vir 2012 slegs R604 558 is. Fondse op belegging vir 2011 het met ongeveer R3 miljoen gegroei, terwyl die syfer vir 2012 baie naby aan konstant gebly het. Lenings aan kerklike instansies het in 2011 gedaal met R0,4 miljoen. Vir 2012 het dit toegeneem met ongeveer R110 000. Die reële opbrengs op beleggings vir 2011 het ongeveer 1,8% beloop met 'n jaar-op jaar VPI van 3,7%. Vir 2012 is die syfer 1,02%, maar daar moet in ag geneem word dat die VPI jaar-op=jaar op 6,1% gestaan het op 29 Februarie 2012. Die opbrengs op kontantbeleggings was vir 'n deel van die jaar onder die inflasiekoers. Dit is insiggewend dat daar vir die eerste keer sedert 2000 'n tekort op die finale berekening van werklike sinodale bydraes (vir 2010/11) aangeteken is (R104 058). Die surplus op sinodale bydraes het nog R152 000 beloop vir 2010, en R300 000 vir 2009. Alhoewel daar jaarliks meer gemeentes is wat met 'n tekort afsluit, is die tendens aan die ander kant ook dat daar 'n beduidende hoeveelheid gemeentes is wat met 'n baie groot surplus afsluit en nie noodwendig hul dravermoë dienooreenkomstig aanpas nie.

*4. In 'n poging om hierdie neiging te stuit, het die SDO die volgende riglyn vir minimumbeginsels by onderhandeling goedgekeur:

• Gemeentes met 'n surplus van R30 000 – R60 000 ( R2500 – R5000 surplus per maand) moet minstens op dieselfde sinodale bydrae % as die vorige jaar bly.

• Gemeentes met 'n surplus van meer as R60 000 (R5000+ surplus pm) se sinodale bydrae % moet sodanig aangepas word dat ongeveer 10% van hul surplus bygereken kan word as sinodale bydrae (dit gaan die % aanpassing van gemeente tot gemeente laat verskil).

• Die lys van gemeentes kan verder gesuiwer word met behulp van die sinodale kantoor en/of ringsverteenwoordigers se insette.

*5. Die motivering vir bogenoemde minimumbeginsels is:

• Daar word met 'n zero-begroting gewerk – werk in die kerkverband kan dus slegs uitbrei as gemeentes meer gee uit hul oorvloed. Surplusse ontstaan nadat alle verpligtinge (binne gemeente en groter kerkverband) van die vorige jaar afgehandel is. Die motivering moet wees om, uit dankbaarheid vir 'n goeie jaar, minstens 10% van die gemeente se surplus aan die groter kerkverband (Koninkrykswerk) te gee.

• Dit kan ook gesien word as 'n eenmalige bydrae wat oor 'n jaar geskenk word en wat nie die gemeente se kontantvloei benadeel nie.

• Gemeentes het dan nog steeds 90% van die surplus oor met die oog op eie drome vir die komende jaar. Die vertrekpunt is dus nie dat die Sinode geld nodig het en dat die gemeentes nou meer moet gee nie.

*6. Die voordele van die minimumbeginsels by onderhandeling is:

• Die beleid moet daartoe bydra dat gemeentes se sinodale bydrae 'n groter korrelasie met hul inkomste tot gevolg het. Dit gebeur soms dat 'n gemeente (weens omstandighede van die verlede) volgens 'n lae persentasie bydra. Wanneer hulle situasie verbeter en hulle surplus groter raak, is hulle glad nie gretig om hulle sinodale bydrae in verhouding aan te pas nie!

• Aangesien ringsgemeentes mekaar nie regtig onderling help nie, bestuur die Sinode dit nou deur hierdie surplusse te ontvang sodat swaarkry-gemeentes beter gehelp word deur middel van korting op sinodale bydraes en deur bedieningshulp.

• Gemeentes behou steeds hul selfstandigheid deur eerste hulle fondse na goeddunke aan te wend. Daar word slegs oor 10% van gemeentes se surplus onderhandel

***7. AANBEVELING**
**Die Sinode versoek ringe om, in onderhandeling met gemeentes oor bydraes vir die sinodale verband, die riglyn van die SDO toe te pas soos in 2.2.3.2 uiteengesit.**

#### 2.2.3.3 Mediese premie subsidies

Mediese premie subsidies vir emeriti en pensioenarisse het, as persentasie van die bedryf van die Sinode, vanaf 2006/07 afgeneem van 17,0% na 14,8%. Indien die besluite ten opsigte van die betaling van subsidies nie in 2003 geneem is nie, is die geprojekteerde persentasie vir 2011/12 25,4%, gegewe 'n gelykmatige styging in al die ander begrotingsitems.

### 2.2.4 Eksterne Oudit

Die eksterne ouditeur van die Sinode is Logista Ingelyf. Die ouditstate word jaarliks by die SDO vergadering bespreek deur die vennoot ('n geoktrooieerde rekenmeester) wat die ouditverslag teken. Die state word deur die voorsitter en die saakgelastigde onderteken nadat dit deur die SDO goedgekeur is. Sedert 2006/07 is alle eksterne ouditverslae sonder enige kwalifikasie uitgereik. Die volledige state word aan die SDR voorgelê vir bekragtiging.

## 2.3. Diensverhoudinge

### 2.3.1 Pensioen

Die Christen Gemeenskap Pensioenfonds (CGP), 'n sambreel pensioenfonds waarvan die Predikante Pensioenfonds (PPF) die stigter was, funksioneer as onafhanklike regspersoon wat aan sy lede verslag doen. Die werkgewer trusteelid vir die Noordelike Sinode op die PPF is mnr. FT Saaiman en die werknemer trusteelid is dr. MN van der Merwe. Die PPF word op die CGP verteenwoordig deur ds H van der Schyff (Oostelike Sinode) met dr MN van der Merwe as sekunduslid. Die NG Kerk Amptenare Pensioenfonds is, by die skryf van die verslag, in onderhandeling om in te skakel by die CGP. Volgens beplanning sal die inskakeling reeds afgehandel wees wanneer die sinodesitting plaasvind.

**2.3.2 Mediese skema**

*1. Die SDO het gedurende 2012 ondersoek ingestel na die wenslikheid van 'n groep mediese skema en die moontlikheid van alternatiewe soos die ontbinding van die groep, 'n keuse van meer as een groep, of die verskuiwing van die groep na 'n ander mediese skema. Die bevinding was kortliks soos volg:

- Die Noordelike Sinode se groep is, as gevolg van profiel en eisegeskiedenis, nie 'n gesogte groep in die mediese skema mark nie.
- Indien die groep geskuif sou word, sal dit na alle waarskynlikheid nie sonder 'n wagtyd ten opsigte van sekere voordele, vir alle lede, vir 'n tydperk van drie maande gedoen kan word nie.
- Indien die groep ontbind sou word, sodat lede na enige mediese skema kan verskuif, sal alle nuwe lede die voordeel van inskakeling sonder 'n wagtydperk en uitsluitings verloor.
- Ontbinding sal ook 'n groot groep van die emeriti/pensioenaris lede op risiko plaas, wat as individuele lede blootgestel gaan word aan genoemde wagtyd en uitsluitings.
- Die administrasie van die groep se invorderings is uitgebreid en gekompliseerd. Invordering van premies vir aktiewe lede word nie individueel van werknemers gedoen nie, maar van 'n veelvoud van werkgewers. Bestmed doen hierdie administrasie teen geen addisionele koste nie.

*2. In die lig van bogenoemde het die SDO geoordeel dat dit tot die beste voordeel van die grootste groep van lede, asook veral die emeriti en pensioenaris lede, sal wees om die status quo ten opsigte van die werkgewergroep te handhaaf.

***3. AANBEVELING**
***3.1 Die Sinode versoek ringe om gemeentes in hulle gebied te motiveer om al hul personeellede by die mediese groepskema van die Sinode, naamlik Bestmed Mediese Skema, in te skakel met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hul gades se skema inskakel.**
***3.2 Die Sinode bevestig dat bestaande subsidies vir emeriti/pensioenarisse slegs betaal word aan lede wat ingeskakel is by die groepskema, met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hul gades se skema inskakel, aan wie 'n enkel subsidie betaal word.**

**2.3.3 Finansiële posisie van emeriti en pensioenarisse**

*1. Die SDO het, veral oor die afgelope twee jaar, toenemend die indruk gekry dat emeriti en pensioenarisse se finansies onder druk verkeer. Met mediese inflasie hoër as die gemiddelde VPI en pensioenfondse wat as gevolg van marktoestande minder-as-inflasie verhogings toestaan, krimp die koopkrag van pensioene baie vinnig.

***2. AANBEVELING**
**Die Sinode versoek ringe om, waar nodig, aandag te gee aan die nood van emeriti en pensioenarisse in hulle onderskeie gebiede, onder andere deur gemeentes te motiveer om spesifiek om te sien na die behoeftes van hierdie lidmate.**

## 2.4 Argivalia

*1. Die bestuur van die Argief het onlangs baie verander. Die agtergrond en huidige posisie word in punt 2.2 van die GSK se verslag uiteengesit (SDR-verslag, Bylae 4). Vanaf 1 September 2011 bestuur die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland die argief en lewer dienste per ooreenkoms aan die Noordelike Sinode.

*2. Die bestuur van die Argief het verander; die praktyk van die hantering van argivalia nie. Gemeentes en ringe moet steeds direk met die Argief in Stellenbosch skakel vir die indiening van argivalia soos afskrifte van lidmateregisters en die inventarisse met die oog op die Inligtingswet. Die Argief se webblad bevat al die belangrikste inligting wat gemeentes en ringe nodig het kerkargief.co.za.

*3. Met die verandering in die bestuur van die Argief het die sinode nie meer 'n aparte taakspan vir die argief nie. Argiefsake word nou deur die SDO hanteer. Die skriba van die Sinode is die verantwoordelike funksionaris.

# 3. DIE PAD VORENTOE

## 3.1 Finansiële begroting as uitdrukking van die Sinode se kernwaardes

*1. Die Noordelike Sinode se begroting word in oorleg met die Sinode se kernwaardes opgestel. Dit kan gesien word in onder andere die volgende:

• Die dalende tendens in die persentasie sinodale bydrae wat met gemeentes onderhandel word. Daar is 'n duidelike tendens dat gemeentes 'n al groter verantwoordelikheid ten opsigte van bedieninge in die sinodale gebied aanvaar. Die gevolg is dat werksaamhede steeds uitbrei,
• Die toewysing van sinodale fondse bevestig dat die Noordelike Sinode ernstig is ten opsigte van 'n missionêre gerigtheid.
• Die onderhandelings met gemeentes rakende hul sinodale bydrae bevestig dat die Noordelike Sinode op 'n deursigtige wyse hoop wil bring en 'n verskil wil maak.


## 3.2 Bemagtiging van Ringe en die begroting

Die bemagtiging van ringe lei tot 'n groter aanvaarding van eienaarskap vir spesifieke bedieninge. Die SDO wil graag ringe en gemeentes begelei tot 'n verantwoordelike uitbreiding van bedieninge in hul gebied.


## 3.3 Spesifieke uitdagings en/of geleenthede

Die volgende spesifieke uitdagings (binne die huidige ekonomiese klimaat) behoort vermeld te word:
- Dat die Sinode by sy begrotingsbeleid sal bly.
- Prioritisering van sinodale uitgawes ten einde gestalte aan ons kernwaardes te kan gee.
- Vertroue by gemeentes vestig ten opsigte van die bestuur van sinodale fondse.
- Pro-aktiewe begeleiding van gemeentes en ringe ten einde hul drome te laat realiseer.
- Kreatiewe denke en verantwoordelike optrede ten einde die begroting sinvol te diens.

Die verslag word voorgelê met GROOT dank aan die SDO lede en Ringsverteenwoordigers wat hul tyd en toewyding tot beskikking gestel het van werk in die verband, asook die gemeentelike, rings- en sinodale leierskap wat, met 'n positiewe gesindheid, dit vir die SDO moontlik gemaak het om te bly werk aan die missiestelling van die Sinode, naamlik 'om 'n verhoudingsgefokusde gemeenskap te wees wat, in afhanklikheid van God en in die kreatiewe krag van die Heilige Gees, gemeentes wil bou wat elkeen in eie konteks die Koninkryk van God soek.'



**DR MN VAN DER MERWE (Voorsitter)**



**MNR JB KRUGER (Skriba)**

# EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN REGTE

## 1. ALGEMEEN

1.1 Die Sinodale Taakspan Regte (STR) het bestaan uit drr. L Ungerer (aktuarius, vooristter), GJ Cloete (skriba) en dr PR du Toit; di DJ Strauss en CJJ van Vuuren, oudle E Kruger en SA Visser.
1.2 In uitvoering van bepaling 35.6 het die aktuarius advies gegee oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en ander bepalings van die kerk met verslag aan die STR.
1.3 Die STR is deur die SDR as appèlliggaam van die Sinode aangewys. Die STR het drie appèlle hanteer: teen besluite van die Ring van Krokdilrivier (stuiting van ds Rheinier Nel asook die bedanking van ds Anton van Zyl) en Lichtenburg (ds DF van Niekerk). Laasgenoemde appèl is deur die Sinode van Wes-Transvaal na die Noordelike Sinode vir hantering verwys volgens die besluite van die Algemene Sinode (2007), die Noordelike Sinode en die Sinode van Wes-Transvaal tydens die eksperimentele fase van die "tribunaal". Volgens dieselfde beginsel is 'n appèl van dr HP Jansen teen 'n besluit van die Ring van Rustenburg na Wes-Transvaal verwys. Vir 'n verdere appèl van ds Rheinier Nel het die SDR 'n ad hoc-appèlliggaam, bestaande uit regsgeleerdes, aangewys.

## 2. BEVOEGDHEIDSRAAD

2.1 Die Algemene Sinode het in 2007 die Noordelike Sinode en die Sinode van Wes-Transvaal versoek om die hantering van ondersoeke volgens die voorgestelde Reglement vir KerklikeTribunale proefondervindelik te toets. (Vir die Reglement: vgl Agenda AS 2007 bl 333-338.)
2.2 Die Noordelike Sinode 2008 het daarna die volgende besluit geneem: *"Die sinode*
**1. bevestig dat hy gewillig is om die Verslag oor Kerklike Tribunale (vgl Handelinge Algemene Sinode 2007 bl 216) proefondervindelik te toets;*
**2. gee opdrag aan die Sinodale Taakspan Regte om die leiding te neem en alle praktiese aksies te neem wat nodig is;*
**3. wys die lede van die STR aan om tydens die toetsperiode as lede van die Sinodale Tribunaal op te tree;*
**4. besluit dat, vir die toetsperiode, enige ondersoekliggaam wat volgens KO Art 63.1.2 saamgestel word, bygestaan moet word deur twee persone wat deur die STR aangewys word. Hierdie twee persone moet toesien dat die prosedures soos in die Kerkorde en in die voorgestelde Reglement vir Kerklike Tribunale met mekaar versoen word;*
**5. versoek dat kommentaar op die Verslag oor Kerklike Tribunale aan die STR gestuur word."* (Handelinge 2008:83:3.2):
2.3 In uitvoering van die besluit het die STR persone aangewys om ringsondersoekliggame met ondersoeke by te staan. Die algemene ervaring was dat dit 'n goeie reëling was wat tot die sinvolle hantering van ondersoeke bygedra het. Die STR het ook deurlopend kommentaar aan die Algemene Taakspan vir Regte deurgestuur. Die 2008-besluit het verval toe die Algemene Sinode in 2011 die Algemene Bevoegdheidsraad ingestel het.
2.4 Ondersoeke sal voortaan hanteer word volgens Die Kerkorde van die NG Kerk (2011). Die STR oordeel egter dat die reëling dat die ring kundiges as deel van die ondersoekliggaam benoem, moet voortgaan.

**2.5 AANBEVELING: Indien 'n ring besluit om van 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik te maak vir 'n tug- of dissiplinêre ondersoek, moet die ring twee kundige lidmate op aanbeveling van die Sinodale Taakspan Regte as lede van die ondersoekliggaam benoem.**

## 3. HERSIENING VAN BEPALINGS

### 3.1 Werkwyse

*1. Die STR het deurlopend aandag gegee aan die hersiening van die Bepalings van die Noordelike Sinode. Voorgestelde wysigings aan bepalings word hier vir goedkeuring voorgelê. Die STR sal die gewysigde bepalings saam met die artikels van die Kerkorde van die Algemene Sinode van 2011 en die huidige bepalings van die Noordelike Sinode inwerk en dit as die Kerkorde en Aanvullende Bepalings van die Noordelike Sinode 2012 na die sitting publiseer. Relevante reglemente en funksionele besluite sal ook in die publikasie opgeneem word.
*2. Die voorstelle vir wysiging is op die Sinode se webblad vir kommentaar gepubliseer en persone wat enige kommentaar op die hersiening van die bepalings het, is versoek om die STR voor die aanvang van die sinodesitting te ontmoet. Sodoende kon enige onduidelikhede en/of voorstelle voortydig uitgeklaar word om sodoende nie in die fyn detail tydens die sitting te verval nie.

*3. In die verslag van die Sinodale Diensraad word 'n aantal aanbevelings gemaak wat die strukturering van sinodale werksaamhede raak. Indien die aanbevelings aanvaar word sal dit wysigings op sekere bepalings noodsaak. Sien aanbeveling 3.3 hieronder.

## 3.2 Aanbeveling

Die Sinode keur die volgende wysigings aan bepalings goed:

**3.2.1 Bep 5**

*1. Met die instelling van die Algemene Kuratorium (vgl Handelinge Algemene Sinode 2011:__:__) kan die huidige bepaling verval aangesien die reëlings in die Reglement vir die Algemene Kuratorium getref word (vgl Die Kerkorde van die NG Kerk 2011, Reglement 9).

*2. Aangesien die Kuratorium vir die Teologiese Fakulteit Pretoria 'n gesamentlike werksaamheid van die vier Transvaalse sinodes is, kan die Noordelike Sinode nie eensydig nuwe bepalings reëlings, aanvullend tot Reglement 9 byvoeg nie. Dit moet deur die Gesamentlike Sinodale Kommissie gedoen word.

***3. AANBEVELING: Die Sinode besluit dat bepaling 5 verval en dat die funksionering van die Kuratorium vir die Teologiese Fakulteit Pretoria gereël word volgens die Reglement vir die Algemene Kuratorium en aanvullende besluite van die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier Transvaalse sinodes.**

**3.2.2 Bep 7.1.2**

*1. Huidige bepaling: *Emeriti wat kwalifiseer en in Kerkbode bekendgestel is.*

***2. Wysig om te lees:**

**7.1.2 Emeriti jonger as 65 jaar wat kwalifiseer en in Kerkbode bekendgestel is (vgl Bep 14.3).**

**7.1.3 Emeriti ouer as 65 jaar wat kwalifiseer aan die hand van die Reglement vir Vaste Termynposte.**

**3.2.3 Bep 7.2.3**

*1. Huidige bepaling: *Leraars wat afgesonder word vir diens in die sending/getuienis waar daar nog geen gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, kan beroep word deur een of meer kerkrade of deur die ring. Beroeping kan ook plaasvind deur die Sinodale Diensraad in 'n gesamentlike vergadering met die Sinodale Diensgroep vir Getuienis.*

***2. Wysig om te lees: Leraars wat afgesonder word vir diens in die sending/getuienis waar daar nog geen gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, kan beroep word deur een of meer kerkrade of deur die ring. Beroeping kan ook plaasvind deur die Sinodale Diensraad.**

**3.2.4 Bep 7.3.9 (nuwe bepaling)**

**Die voorsitter van die vergadering sien toe dat die beroepsbrief (diensaanbod) opgestel en met behulp van 'n verteenwoordiger van die ringskommissie gefinaliseer word. Die beroepsbrief word deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken.**

**3.2.5 Bep 7.4.2**

*1. Huidige bepaling: *7.4.2 Onmiddellik na die laaste aankondiging van die beroep en die tyd van approbasie deur die gemeente verby is, lê die voorsitter van die beroepende vergadering die volgende stukke aan die ringskommissie voor met die oog op die kontrolering van die kerkordelike vereistes van die beroep:*

*7.4.2.1 Die beroepsbrief,*

*7.4.2.2 'n verklaring dat alles in verband met die beroep volgens die kerkorde geskied het.*

*7.4.2.3 'n verklaring dat daar geen beswaar ingekom het nie.*

***2 . Voeg by: 7.4.2.4 die voorgestelde diensooreenkoms.**

**3.2.6 Bep 7.4.3**

*1. Huidige bepaling: *Nadat die beroep deur die ringskommissie gekontroleer is, word die beroepsbrief aan die beroepene gestuur.*

***2. Wysig om te lees: Nadat die beroep deur die ringskommissie gekontroleer is, word die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene gestuur.**

**3.2.7 Bep 7.7.1**

*1. Huidige bepaling: *By oorhandiging/versending van die beroepsbrief aan die beroepene, word 'n tyd afgespreek waarop daar oor die inhoud van die diensooreenkoms onderhandel kan word. Nadat onderhandelinge plaasgevind het en die diensooreenkoms vasgestel is, moet die beroepene binne 'n week - of anders soos ooreengekom - sy finale antwoord gee, en word die diensooreenkoms by ondertekening daarvan van krag.*

***2. Wysig om te lees: By oorhandiging/versending van die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene, word 'n tyd afgespreek waarop daar oor die inhoud van die diensooreenkoms onderhandel kan word. Nadat onderhandelinge plaasgevind het en die diensooreenkoms vasgestel is, moet die beroepene binne 'n week - of anders soos ooreengekom - sy finale antwoord gee, en word die diensooreenkoms by ondertekening daarvan van krag.**

**3.2.8 Bep 7.7.2 (Nuwe bepaling)**
**Die finale diensooreenkoms soos ooreengekom tussen die kerkvergadering en die beroepene word vir finale kontrolering aan die ring/ringskommissie voorgelê**

**3.2.9 Bep 7.10.2 (Nuwe bepaling)**
**Alle beroepe vir vaste termynposte geskied volgens die Algemene Sinode se Reglement vir Vaste termynposte (Reglement 13, Kerkorde 2011).**

**3.2.10 Bep 8.1.2 (Nuwe bepaling)**
**'n Verteenwoordiger van die ring/ringskommissie kontroleer die volgende stukke voordat 'n akte van demissie uitgereik word:**
***1. Die geskrewe verklaring van die beroepene waarin hy te kenne gee dat hy die beroep aanneem (vgl bep 8.1.1);**
***2. 'n Gekrewe verklaring van die kerkraad waarin hy te kenne gee dat die kerkraad beoog om die beroepene van die gemeente los te maak;**
***3. Die datums van diensbeëindiging en diensaanvaarding in die nuwe werkkring (vgl 8.2.3 soos gewysig).**

**3.2.11 Bep 8.2.3**
*1. Huidige bepaling: *Die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente, of diensaanvaarding in diens van die kerkverband, geskied op 'n datum soos ooreengekom. Dit behoort so gou doenlik na demissie te geskied, aangesien die beroepende kerkraad finansieel aanspreeklik is vanaf datum van demissie.*
***2. Wysig om te lees: Die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente, of diensaanvaarding in diens van die kerkverband, geskied op 'n datum soos ooreengekom. Die bevestiging moet so gou doenlik geskied, maar hoogstens een maand nadat die leraar demissie ontvang het, tensy verlof van die beroepende vergadering en die betrokke ringskommissie verkry is aangesien die beroepende kerkraad finansieel aanspreeklik is vanaf datum van demissie.**

**3.2.12 Bep 8.3.2**
*1. Huidige bepaling: *Die voorsitter van die beroepende vergadering gee in Kerkbode kennis van die bevestiging of diensaanvaarding.*
***2. Wysig om te lees: Die voorsitter van die beroepende vergadering gee aan die ABR en in Kerkbode kennis van die bevestiging of diensaanvaarding.**

**3.2.13 Bep 11.1**
*1 Huidige bepaling: *Die skriba van die Ringskommissie gee van alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van ampsbevoegdheid aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis sodat:*
*1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.*
*2. die skriba van die Algemene Taakspan Regte (bevoegdheidsregister) in kennis gestel word.*
*3. die Predikante Pensioenfonds ingelig word.*
***2 Wysig om te lees: Die skriba van die Ringskommissie gee van alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van ampsbevoegdheid aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis sodat:**
**1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.**
**2. die skriba van die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel word.**
**3. die Predikante Pensioenfonds ingelig word.**

**3.2.14 Bep 13.2.1 (Nuwe bepaling)**
**Elke leraar ontvang 'n vergoedingspakket soos ooreengekom en met inagneming van sinodale besluite, reglemente en riglyne. Die vergoedingspakket sluit minstens die volgende in:**
**1. 'n Traktement soos deur die sinode aanbeveel;**
**2. Gebruiklike toelaes soos deur die sinode aanbeveel wat insluit:**
*** 'n Reistoelaag;**
*** 'n Vry woning of 'n behuisingsubsidie;**
*** Kommunikasievoordele vir amptelike gebruik;**
*** 'n Werknemersbydrae vir mediese- en pensioenfonds;**

*** Verlof aan die hand die Reglement van Verlof van Predikante en Sinodale amptenare.**

**3.2.15 Bep 14.2**
*1. Huidige bepaling: *Die emeritus gee kennis van emeritaat aan die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor, sodat:*
*1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.*
*2. die Skriba van die Algemene Regskommissie (Bevoegdheidsregister) in kennis gestel word.*
***2. Wysig om te lees: Die emeritus gee kennis van emeritaat aan die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor, sodat:**
**1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.**
**2. die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel kan word.**

**3.2.16 Bep 14.3**
*1. Huidige bepaling: *Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Diensverhoudinge aangewys is, bevat. Die betrokkene word dan deur die aktuarius in Kerkbode bekendgestel met die oog op 'n beroep.*
***2. Wysig om te lees: Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Regte aangewys is, bevat. Kennis van die beroepbaarstelling met stawende dokumentasie word aan die Algemene Bevoegdheidsraad gestuur.**

**3.2.17 Bep 14.4.2**
*1. Huidige bepaling: *Tentmakers: vergelyk Reglement 16 punt 4.8 (Kerkorde 2007).*
***2 . Wysig om te lees:**
**14.4.2 Tentmakers / termynposte: vergelyk Reglemente 12 en 13 (Kerkorde 2011).**

**3.2.18 Bep 14.5**
*1. Huidige bepaling: *As 'n evangeliedienaar te sterwe kom, en hy laat 'n weduwee en/of afhanklike kinders na, word 'n bedrag gelykstaande aan die volle traktement en alle toelaes wat vir ses maande lank aan die betrokke pos verbonde sou wees, aan sy afhanklikes uitbetaal. Doeltreffende huisvesting of 'n huistoelaag vir ses maande (volgens die skaal soos bepaal deur die Algemene Taakspan Fondse) word voorsien en gefinansier deur die verpligte addisionele groeplewensversekeringskema.*
***2. Wysig om te lees: As 'n predikant te sterwe kom, en hy laat 'n weduwee en/of afhanklike kinders na, betaal die werkgewer 'n bedrag gelykstaande aan die volle traktement en alle toelaes wat vir ses maande lank aan die betrokke pos verbonde sou wees, aan sy afhanklikes uit. Waar die werkgewer 'n gratis woning voorsien het, voorsien die werkgewer ook doeltreffende huisvesting of 'n huistoelaag vir ses maande (volgens die skaal soos bepaal deur die Algemene Taakspan Fondse). Die werkgewer kan die uitgawes vanaf die verpligte addisionele groeplewensversekeringskema verhaal.**

**3.2.19 Bep 15.4.1**
*1. Huidige bepaling: 'n Kerkraadslid word gekies vir 'n bepaalde dienstermyn soos deur die kerkraad besluit. By verstryking van hierdie dienstermyn, kan die dienstyd op versoek van die kerkraad en met instemming van die betrokkene verleng word sonder verdere bevestiging.
***2. Wysig om te lees:**
**15.4.1 Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en behoort nie langer as vier jaar te wees nie.**
***15.4.2 'n Kerkraadslid word gekies vir 'n bepaalde dienstermyn. By verstryking van die dienstermyn kan die dienstyd op versoek van die kerkraad en met instemming van die betrokkene verleng word sonder verdere bevestiging.**

**3.2.20 Bep 18.21.2**
*1. Huidige bepaling: *Besluite van die ring en sinode is van krag sodra die vergaderingsnotule goedgekeur is.*
***2. Wysig om te lees: Besluite van die ring en sinode is van krag sodra die vergaderingsnotule goedgekeur is behalwe as die ring/sinode anders besluit.**

**3.2.21 Bep 29.1.4 (Nuwe bepaling)**
**29.1.4 Ringe kan onderling met mekaar in verband tree ten opsigte van gesamentlike werksaamhede:**
**29.1.4.1 Waar ringe saamwerk, vind dit plaas in terme van 'n ooreenkoms tussen die ringe onderling.**
**29.1.4.2 Waar ringe in so mate saamwerk dat die behoefte ontstaan om een nuwe ring te vorm neem die betrokke ringe ter vergadering 'n besluit om saam te smelt. Nadat die samesmeltingsooreenkoms deur beide ringe goedgekeur is en die Sinodale Diensraad die samesmelting goedgekeur het, konstitueer die nuwe ring.**

**3.2.22 Bep 30.1.1**
*1. Huidige bepaling: *In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is.*
***2. Wysig om te lees: In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is. Alle predikante, ook predikante in tentmakers- of vaste termynposte, behoort afgevaardig te word.**

**3.2.23 Bep 31.2.1.1**
*1. Huidige bepaling: *Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:*
*1. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi);*
*2. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan word*
*2.1 of met 2 ouderlinge/diakens (met sekundi);*
*2.2 of met een verteenwoordiger per ringsgemeente (met sekundi).*
***2. Wysig om te lees: Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:**
**1. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi);**
**2. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan word**
**2.1 of met 2 ouderlinge/diakens (met sekundi);**
**2.2 of met een verteenwoordiger per ringsgemeente (met sekundi).**
**3. Lede van die Ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.**


**3.2.24 Bep 32.2.9.3**
*1. Huidige bepaling: *Geen persoon mag by meer as drie gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.*
***2. Wysig om te lees: Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.**

## 3.3 Verdere wysigings van bepalings

**AANBEVELING: Die Sinode besluit dat enige verdere sake wat tot en met, of tydens die vergadering van die Sinode op die tafel van die Sinodale Taakspan Regte kom en enige implikasies mag hê op wysigings aan Bepalings van Noordelike Sinode, deel sal uitmaak van die Sinodale Taakspan Regte se tweede verslag.**



**DR. L UNGERER (Aktuarius)**



**DR. GJ CLOETE (Skriba)**

# VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GETUIENIS (SDG)

## 1. NG-LIDMATE EN GEMEENTES AS BRUGBOUERS



*Die brug oor die Zambezi by Caia, Mosambiek kort voor sy voltooiing. In die voorgrond is een van die ou ponte wat gebruik was (Mei 2009)*

### 1.1 Inleidend

Die verskil wat die voltooiing van die reuse padbrug oor die Zambezi in 2009 aan die Mosambiekse leefwyse gebring het, kan moeilik bereken word. Dit het reuse positiewe implikasies vir die ekonomie, sosiale en familielewe, toerisme, en ander sektore van die nasionale lewe, meegebring. Dit is ook 'n kragtige simbool.

### 1.2 Brugbouers

As 'n kerk wat histories vereenselwig is met die skeiding tussen mense, is daar vir die NGK van die Noorde ontelbare geleenthede om brugbouers van God te wees - waarvoor ons die Here dank. Die SDG se verantwoordelikhede het almal met een of ander vorm van "brugbou" te doen.

1.2.1 Sending en evangelisasie bied die voorreg om deur die Here gebruik te word om mense na die verlossings- en bevrydingsbrug wat Jesus tussen die Vader en sondaars gebou het, te begelei;

1.2.2 *Ekumeniese skakeling* help verhoudings, netwerke en vennootskappe bou tussen lede van dieselfde Liggaam en dienaars in dieselfde wingerd;

***Uitreikgesinde lidmate en diensgroepe bou daaglikse brûe***

1.2.3 *Uitreikgesinde lidmate en diensgroepe* bou daaglikse brûe tussen gemeenskappe, ekonomiese klasse, kulture, taalgroepe, geslagte - en eenvoudig tussen mense en mede-mense.

### 1.3 Sleutelspelers

Ons gee graag erkenning aan sleutelspelers wat leiding gee in die bou van sulke bande:

1.3.1 Aan die huidige en vorige **moderators, leiers** van diensrade en ander sinodale leiers, wat almal baie doen om bande met ander instansies en mense te smee;

1.3.2 Aan bedieninge soos **PEN, Echo, CMR** en baie ander, wat moeilike, soms gevaarlike, klowe oorsteek;

1.3.3 Aan **Getuienisforums** en soortgelyke liggame wat 'n sleutelrol speel - veral op die platteland - om binne die kerkfamilie ou grense oor te steek;

1.3.4 Aan **netwerkbouers** wat mense en instansies, werkers en ondersteuners, kerkgroepe en organisasies help om verbintenisse in belang van die Koninkryk aan te gaan;

1.3.5 Aan **interkulturele bedieninge** in 'n verskeidenheid gestaltes by verskillende gemeentes;

1.3.6 Aan allerlei **hulpskemas** wat 'n hand vanaf ons bevoorregte oewer na allerlei minderbevoorregte groepe uitsteek;

1.3.7 Aan **organiseerders** van konferensies en ander geleenthede waar mede-gelowiges mekaar kan vind, leer ken en waardeer – en na mekaar kan luister - en baie meer (Sien Bylae 1 vir voorbeelde).

### 1.4 Mikpunte

1.4.1 Die doel van hierdie verslag en ander inligtingstukke van die SDG is om erkenning te gee aan die versoening- en genesingswerk waarmee Jesus in die wêreld besig is – met mense as sy instrumente. Verder, om brûe van kennis en insig tussen persone, gemeentes en groepe te help bou, sodat ons saam meer effektief kan wees,

1.4.2 Die "normale" verslag handel oor wat lede van die SDG en hulle taakspanne oor die afgelope vier jaar, sedert die vorige sinodesitting, gedoen het, 'n veel groter deel (**Bylae 1**) gee 'n oorsig oor **wat lidmate, gemeentes en hulle bedieningsvennote doen**.

1.4.3 SDG bied opnuut sy dienste aan gemeentes, lidmate en leiers van die sinode: As ons saam iets kan doen wat die uitbreiding van die Koninkryk bevorder, gesels ons graag met julle.


***'n Groot deel van die verslag handel oor wat lidmate en gemeentes en hul uitreikvennote doen***

## 1.5 Fokusareas van die SDG (Kernbesigheid)

1.5.1 Die SDG se primêre doelwit was om gemeentes te motiveer, ondersteun en begelei om missionêre/ missionale gemeentes te wees.

1.5.2 Die SDG wil graag voortdurend met alle lidmate deur middel van webwerf/nuusbrief/blog kommunikeer. Dit het nog nie ten volle gerealiseer soos ons gehoop het nie. Ons vertrou dat ons in die toekoms die mees sinvolle kommunikasiekanale mag vind en benut om dié doel te bereik.

1.5.3 Tydens 'n bosberaad wat kort na die vorige sinode plaasgevind het, het ons as Diensraad onderskei tussen "Erfgoed" en "Nuwe Fokusareas".



## 1.6 Samestelling en Vergaderings

1.6.1 Die diensraad bestaan uit die sameroepers van die verskeie taakspanne (sien die vlg hoofopskrifte) en die SDG-voorsitter.

1.6.2 Die Diensraad het jaarliks 2 of 3 keer vergader.

1.6.3 Ter wille van blootstelling aan die werksaamhede van die Getuienisforums is vergaderings op verskillende plekke gehou, waar gesprekke met leiers en lidmate van VGKSA en die forums gevoer kon word, en die omstandighede van naderby beskou kon word: Koedoeskop (en gebied van die Kwena Getuienisforum), Potgietersrus (en gebied van die Judea Getuienisforum) en Ellisras (en gebied van die Limpopo-Wes Evangelisasieforum), PEN in Pretoria het ook aan die beurt gekom.

1.6.4 Ander vergaderings is in verskillende gemeentes van Pretoria gehou.

1.6.5 Van elke taakspan is verwag om jaarliks minstens twee hoof-uitsette te beplan en uit te voer en gereeld daaroor terugvoering te gee.

1.6.6 Die voorsitter is **Thinus Grobler** (Noordoos-Pretoria) tgrobler@vodamail.co.za.

## 2. TAAKSPAN VIR BEDIENING AAN MIDDESTEDE EN INFORMELE STEDELIKE NEDERSETTINGS

2.1 Fokus op middestede en informele nedersettings.

2.2 Die taakspanleier is **Francois Smit** (PEN en NGK Pretoria) franco@pen.org.za.

2.3 Die volgende konferensies is die afgelope tyd gereël:

2009: 'n Konferensie oor bediening in die middestad is gehou met die tema, ***Doing theology, doing city, doing theology...anew!.***
2011: Hierdie konferensie het ontwikkel in ons eerste SiCiLi-konferensie (2011). SiCiLi staan vir ***See it, Change it, Live it!*** Die SDG, PEN en Echo het dit saam aangebied en het ook hande gevat met die Diensraad vir Gemeenskapsbetrokkenheid se Armoede-konferensie.
2012: Vanaf 26-28 Augustus 2012 hou ons SiCiLi 2. Hierdie keer vat ons hande met die *Institute for Urban Ministry* se tweejaarlikse konsultasie, SKB by UP, Echo en SDG. Dit beloof om 'n uitsonderlike gebeurtenis te wees. Die tema is ***Barefoot***.

2.4 Sinodale fondse het dit vir 'n paar rolspelers help moontlik maak om eerstehandse kennis op te doen oor belangrike stedelike bedieninge in Afrika en ander lande. Twee toere is in die tydperk gehou:

2008: Ses persone het die ***Drie Stede-toer*** meegemaak en bedieninge en kerke in Kaapstad, Johannesburg en Maputo besoek.
2010: Vier persone het 4 stede en verskeie bedieninge en sosiale opheffingsprojekte op die **Indiese vasteland** besoek, naamlik: Dhaka, Kalkutta, Varanassi en New Delhi.

2.5 Die SDG het in dié tyd finansieel gedra tot 'n aantal stedelike projekte in ons sinodale gebied.


2.6 Die sinode en PEN, as een van die prominente bedieninge wat uit die werk van die NGK ontstaan het, het ook in dié tyd nader aan mekaar beweeg. (sien www.pen.org.za).

## 3. TAAKSPAN VIR PLATTELANDSE BEDIENING

3.1 Fokus in besonder op die werk van die Getuienisforums.

3.2 Andries Louw (Sinodale Getuienisforum), Danie Jordaan (Ellisras-Wes), Hannes Peens (Marken) en Pieter Prozesky (Ring van Pietpotgietersrus) het leiersrolle vervul en aan die SDG verslag gedoen.

3.3 Die SDG het moeite gedoen om die werk eerstehands te leer ken (sien 1.6.3).



## 4. TAAKSPAN VIR INTERKULTURELE BEDIENING

4.1 Die taakspanleier is Martiens Swart (NGK Pretoria) mjswart@icon.co.za.
4.2 'n Konferensie oor interkulture bediening onder leiding van dr Ryk van Velden van TIW (Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers) is in samewerking met die SDG by E. Geldenhuys-terrein aangebied.
4.3 'n Paar gemeentes het finansiële bystand van die sinode ontvang met die oog op plaaslike interkulturele bedieninge. Nuwe geloofsgemeenskappe word geïdentifiseer en bygestaan (byvoorbeeld geloofsgemeenskap by Susan Strijdom-aftreeoord).
4.4 Vir meer inligting oor interkulturele bedieninge, sien www.getuienis.com en Bylae 1:3).

## 5. TAAKSPAN VIR INLIGTINGSTELSELS EN KOMMUNIKASIE

Verantwoordelik vir SDG-webwerf: www.getuienis.com, blogtuiste: http://kremetart.iblog.co.za, elektroniese nuusbriewe en uitreikopname, onder leiding van Francois Smit (sien 2) en Ernst Muller (sien 7).

## 6. TAAKSPAN VIR ARBEIDSBEDIENING

6.1 Fokus op skakeling met en ondersteuning aan IMSA (Industrial Ministries SA).
6.2 Die taakspanleier is Hennie Horn (NGK Pretoria-Tuine) henniehorn@telkomsa.net.
6.3 Daar word jaarliks finansiële ondersteuning aan beide bedieninge uit sinodale fondse toegeken.

**6.4 IMSA (Industrial Ministries in South Africa)** is gebore uit die samesmelting van die 100+ jare ou NG-Spoorwegbediening en twee ander organisasies. Die aktiwiteite van IMSA (Gauteng) het die afgelope finansiële jaar uitgebrei, danksy die genade van die Here en die ywer van drie voltydse geestelike werkers. Dienste word gelewer by Transnet-Ingenieurswese, Infrastruktuur-afdeling by Koedoespoort, asook Metrorail (by Capital Park, Rebeccastraat en Hercules depots). IMSA Gauteng is onder finansiële druk omdat Metrorail steeds nie hulle kontrak hernu het nie. Een van die werkers het bedank. Daar is veral drie belangrike vorms van persoonlike kontak met werknemers naamlik berading (22%), kantoorbesoeke (49%), en boodskapdienste (11%). Daar is 2 225 sms-boodskappe aan werknemers gestuur om bepaalde behoeftes aan te spreek. Vergaderings word met Skriflesing en gebed geopen. Dr Luther Backer, voorsitter van IMSA (Gauteng) se Bestuursraad, het twee boekies oor die uitleef van die Christelike geloof by die werk geskryf, wat wyd versprei word. Arbeidsbediening Gauteng spreek sy dank uit teenoor die Noordelike Sinode vir finansiële ondersteuning. Volledige verslag by www.getuienis.com.


## 7. TAAKSPAN WÊRELDSENDING EN MISSIONÊRE EKUMENIESE SKAKELING

7.1 Die taakspanleier is Ernst Muller (Florandia) nuusbrief@getuienis.com.
7.2 Ons SDG het sitting op die Algemene Sinode se GSM (Gesamentlike Sendingkommissie vir Mosambiek) en die NGK/IRM Mosambiek-werkgroep wat albei jaarliks vergader.
7.3 Besoeke aan RCZ Morgenster (2010 en 2011) en IRM Hefsiba is afgelê (2011).
7.4 Die diensgroep het bande met dosyne sendingorganisasies, opleidinginstansies, christelike NRO's en netwerke, en honderde sendingwerkers en -leiers in SA en Suider-Afrika.
7.5 In 2011 is 'n werkwinkel vir uitreikspanne by NGK The Reeds aangebied onder leiding van dr Ryk van Velden van TIW, in vennootskap met NGK/IRM Mosambiek-werkgroep en Mosambiek-Hub.
7.6 Van die taakspanlede het onder meer werkwinkels/konferensies van WENSA (2008 en 2011) en MANI (2008 in SA, en 2011 in Nigerië) bygewoon, asook 'n deel van Cape Town 2010 (Lausanne III) en die gelyklopende Connected 2010. 'n Satteliet-byeenkoms van Lausanne III is by NGK Villieria aangebied onder leiding van die SDG (sien www.getuienis.com en Bylae 1:14 vir meer inligting).
7.7 As koördineerder van Navorsingspanne speel Willie Botha (Inserv en NGK Valhalla) 'n kosbare rol in diens van missionêre netwerke en kerke dwarsoor SA en Afrika (www.inserv.org.za).

## 8. TAAKSPAN VIR SAMEWERKING MET RCA:

8.1 Daniël de Vos is die taakspanleier (sien 9).

*8.2* ***RCA-GEMEENTE CHARISMA***
is geleë aan die westekant van Pretoria, in die oorwegend Asiërwoonbuurt, Laudium. Daar woon ongeveer 70% Moslems, 30% Hindoes en 7% Christene in dié gemeenskap. Alhoewel Christene 'n kleiner groepie vorm, is daar elf gemeentes van verskillende denominasies. Die gesig van die



gemeenskap verander voortdurend weens 'n toevloei uit informele nedersettings asook buitelanders uit Malawi, Zimbabwe, Mosambiek, ander Afrikalande, Indië en Pakistan. Die visie van die gemeente is: ***"Using God's gifts (charisma) to be a praying, evangelising, mission and caring church".*** *(I Corinthians 4:12 and 1 Peter 4:10).* Naas die erediens op Sondae en ander byeekomste gedurende die week, het die gemeente begin met 'n gemeenskapsprojek, *"Charisma Community Support and Care Centre – COMSAC".* Hier val die klem op 'n sopkombuis, gevangenisbediening en gemeenskapsberading. Die grootste uitdaging, volgens ds Victor Pillay, is: *"to reach the large Muslim and Hindu communities with the gospel message of salvation in Jesus Christ. Therefore every aspect of the ministry has to have a strong emphasis on evangelism. This is not always an easy road to walk. The dominant Muslim community has approximately 52 Islamic Institutions or mosques in Laudium and Erasmia. There are also many Hindu institutions and temples in Laudium. Please remember us in your prayers especially in this area of the ministry of our congregation. A special note of our deep sense of gratitude and appreciation to the DRC Northern Synod for your financial support that enables us to have a fulltime resident minister. Our appreciation also goes to all the DRC congregations that are in partnership with us and many who support the ministry of RCA Charisma in some form or the other".*

## 9. MISSIONÊRE FUNKSIONERING VAN GEMEENTES:

9.1 Die taakspanleier is Daniël de Vos (Sesmylspruit) dan.devos1@gmail.com.

9.2 Relevante boekbesprekings is van tyd tot tyd tydens vergaderings gehou om lede van die SDG verder toe te rus.

9.3 In 2011 is dr Frederick Marais van Stellenbosch genooi om 'n werkwinkel te lei oor maniere waarop gemeentes en gemeentelede begelei kan word tot groter sensitiwiteit en vaardigheid in praktiese getuienis.

Volgens dr Frederick is die verskuiwings in ons wêreld nie primêr politieke, ekonomiese, demografiese, mentalistiese of magsverkuiwings nie, maar tekens van die direkte ingrype van God-Drie-enig in ons geskiedenis en konteks. In hierdie verskuiwings, hoe ongemaklik of bevrydend ons dit mag beleef, is God aktief teenwoordig. Hy is besig om die Koninkryk te laat deurbreek en nooi ons uit om deel te neem aan die vestiging van 'n alternatiewe gemeenskap waarin sy Koninkryk beliggaam word. Ons leef in 'n tyd van Koninkryksdeurbrake, maar die vraag is of ons dit raaksien?

## 10. AD HOC TAAKSPAN VIR SOKKER 2010

10.1 Thinus Grobler (Pretoria) en Carel Grundlingh (Polokwane) het die leiding geneem.



10.2 2010 se Sokkerwêreldbeker in Suid-Afrika was 'n wonderlike geleentheid vir verskillende kerke en organisasies om die Evangelie op kreatiewe wyse sáám aan besoekers én mede-Suid-Afrikaners te bring.

10.3 Die Suid-Afrikaanse Sportkoalisie (SASCOL) het uitreik- en ontwikkelingsprojekte gekoördineer, onder meer UBABALO eAFRICA (lewensvaardigheidsontwikkeling gerig op die jeug van Afrika via sokkerafrigting) en The Ultimate Goal (TUG - gerig op Evangelie-verkondiging).

10.4 Aktiwiteite het ingesluit: vakansieklubs, kreatiewe kunsprojekte, opleiding van gemeentes en groepe, sokkerklinieke, sleepwabediening, gasvryheid aan toeskouers langs die paaie, straatdramas, en baie meer.

10.5 **Talle NGK-gemeentes het by hierdie inisiatiewe ingeskakel of op hulle eie gewerk.**

10.6 Dit was 'n besondere paar weke waarin ouer en jonger gelowiges van verskillende denominasies hartlik saamgebid en -gewerk het. Gemeentes het onder meer voorbidding gedoen vir elkeen van die lande wat deelgeneem het. Groepe het uitgereik na informele nedersettings en wedstryde en getuienisse van Christen-sokkerspelers daar vertoon.

10.7 Besondere aandag is aan die SAPD gegee: sop, toebroodjies en beskuit is onder meer daagliks vanaf Universiteitsoord voorsien.

10.8 Dit was vir Christene 'n geleentheid om sout en lig in die wêreld te wees en bande met ander Christene te versterk.

10.9 PEN en Inserv het 'n "2010 Tshwane Roetekaart" ontwerp en versprei, waardeur publieke ver-

voorstelsels sowel as 'n "Weg van die Lewe"-roete aan besoekers verduidelik is.

# 11. ERFGOED

## 11.1 Ooreenkomste en beurse

(Onder leiding van Gert Badenhorst, Wonderboom-Suid).

11.1.1 Sedert die vorige sinodesitting in 2008 is daar elke jaar beurse aan VGKSA-studente toegeken vanuit die Emmarentia Geldenhuys Sendingstudiefonds, die MM Hammond Trust vir Teologiese Studies en die Margherita Dippenaar Sendinggedenkfonds.

11.1.2 Oorbetalings geskied via die Northern Theological Seminary van die VGKSA en word deur prof JNJ Kritzinger in belang van die studente geadministreer.

11.1.3 In 2009 is ses beurse (totaal: R23 400), in 2010 nege (totaal: R35 350), in 2011 twee (totaal: R20 000) en in 2012 vyf beurse (totaal: R25 000) toegeken.

11.1.4 Op 29 Februarie 2012 was die stand van die fondse soos volg: R262 988,04 (Emmarentia Geldenhuys), R 59 888,19 (MM Hammond) en R 106 939,04 (Margherita Dippenaar).

## 11.2 Navorsing en hulpbronne

(Taakspanleier Willie Botha manager@inserv.org.za).

11.2.1 Daar is allerlei voorbeelde van dokumentasie op die Noordelike Sinode se webwerf.

11.2.2 Deur dié verbintenis, kon INSERV sekere dienste lewer:

11.2.2.1 INSERV het Limpopo-Wes Evangelisasieforum gehelp met beplanning.

11.2.2.2 INSERV was betrokke by die opstel van die Tshwane Roetekaart vir die sokkerwêreldbeker.

## 11.3 Subsidies aan VGKSA, RCA en Forums

(Onder leiding van Thinus Grobler, sien 1).

11.3.1 Slegs die VGKSA gemeente Mabaleng word tans volledig met 'n predikantspos gesubsidieer.

11.3.2 Die sinode ondersteun ook etlike VGKSA gemeentes binne ons sinodale gebied (vir 2011/12 is die bedrag R989 154 en vir 2012/13 word R1049 335 begroot).

11.3.3 Die Sibs Marais-kooksentrum in Mamelodi, asook Tsilidzini-skool ontvang kleiner toekennings.

11.3.4 Tshitandane op Louis Trichardt word jaarliks sedert 2009/10 finansieel ondersteun.

11.3.5 Limpopo-Wes Evangelisasieforum word reeds vir 'n paar jaar met 2/3 van 'n predikantpos gesubsidieer. 'n Verslag van dié forum se werk op die webwerf www.getuienis.com te sien.

11.3.8 Judea Getuienisforum word jaarliks sedert 2009/10 gesubsidieer (verslag op SDG-webwerf).

11.3.7 Die RCA gemeente Charisma word jaarliks met 50% van 'n predikantpos gesubsidieer.

11.3.8 Daarbenewens het die taakspanne instansies finansieel ondersteun uit diskresionêre sinodale fondse. Dit is begroot en goedgekeur deur die Sinodale Diensraad (SDR).

11.3.9 **Portugal**: Dr Manie Taute en sy eggenote werk vanuit Massama in Portugal. Daar is 'n aantal gemeentes in ons sinode wat ook dié bediening ondersteun. Manie bied onder meer Hebreeuse klasse by 'n Bybelskool aan, is betrokke by 'n M-graadkursus in teologie wat aan studente dwarsoor die Portugeessprekende wêreld (onder meer in Afrika) oor die internet aangebied word. Gerrie en Arlene Coetzee, deurwinterde sendelinge, werk sedert 2011 saam met die Tautes en die Igreja Reformada Evangélica (IRE) in Portugal. Sien: www.igrejareformada.pt/IRE - SulAf-FINAL en www.getuienis.com.

11.3.10 **Mosambiek**: Ons sinode dra saam met ander NGK-sinodes by tot die salaris van een van die dosente by **Hefsiba Christelike Tersiêre Instituut** op Vila Ulongue, waar die teologiese opleiding van leraars van die IRM en ander kerke plaasvind, en daar ook kursusse in sosiale en ekonomiese wetenskappe aan inwoners aangebied word. Sien www.hefsiba.org en www.getuienis.com.

11.3.11 **Zimbabwe**: 'n Paar gemeentes is betrokke by uitreike na Zimbabwe. Daar word van tyd tot tyd donasies gestuur aan die Morgenster Kerksentrum van die RCZ, waar die nood baie groot is. Die Ring van Pretoria-Noord en NGK Florandia het hulp verleen in die vorm van dienswerk en ondersteuning van dr Adriaan van den Berg, wat as vrywillige bestuurskonsultant, betrokke is by die stigting van die Morgenster Christelike Universiteit (as ontwikkelingsbestuurder en eerste dosent in Sielkunde), hulp aan die Skool vir Dowes, kerkplase en RCZ-moderamen, instandhouding, evangelisasie, ens.

# 12. BYLAE

Die SDG het in 'n opname by gemeentes navraag gedoen oor aktiwiteite op die terrein van uitreik/getuienis. Die resultate is saamgevat in **Bylae 1: Ondersoek na uitreik-aktiwiteite van gemeentes en hulle bedieningsvennote**. Aangesien hierdie ondersoek nog in 'n vroeë stadium is, moet die waarnemings en menings wat in die bylae vervat is, as voorlopig beskou word.

## 13. AANBEVELINGS

Alhoewel hierdie aanbevelings ter wille van vergaderingsprosedure aan die einde van die hoofverslag geplaas is, sal dit meer sin maak nádat **Bylae 1** ook deeglik bestudeer is.

**Die Sinode**

**12.1 Verbind hom opnuut tot sy uitreikroeping soos verwoord in die Reglement vir die Sending/ Getuienis van die NG Kerk (Reglement 15:2007:1.4) in die bediening van *"die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die kerk".***

**12.2 Herbevestig sy medewerking met al die lede van die NGK-familie as gelyke vennote in die bediening van die Koninkryk in al sy dimensies aan die mense van ons gebied, en daarbuite.**

**12.3 Vereenselwig hom opnuut met die liggame en netwerke wat oor die hele Afrika en die res van die wêreld besig is om die omvattende heil in Christus aan die mensdom in woord en daad te verkondig.**

**12.4 Moedig gemeentes en diensgroepe aan om kennis te neem van, en studies te maak van, belangrike internasionale missionêre oproepe soos die volgende:**

**12.4.1** ***"The Accra-Verklaring"*** (by www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap/dokumente)

**12.4.2** ***"The Cape Town Commitment"*** (www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html)

**12.5 Moedig ringe en kerklike vennootskappe aan om, in die beplanning van gesamentlike uitreikprojekte, samewerking met ekumeniese missionêre netwerke na te streef.**



**Thinus Grobler**
(Voorsitter SDG)
tgrobler@vodamail.co.za



**Ernst Muller**
(Onder-voorsitter SDG
nuusbrief@getuienis.com



**Francois Smit**
Skriba SDG
franco@pen.org.za

**SDG - Bylae 1**
**Vgl SDG-verslag pt 12.1**

# ONDERSOEK NA UITREIK-AKTIWITEITE VAN GEMEENTES EN HULLE BEDIENINGSVENNOTE

## 1. IS ONS WERKLIK UITREIKGERIG?



1.1 Is die gemeentes van die Noordelike Sinode 'n versameling geloofsgemeenskappe wat in liefde UITREIK: lewende organismes wat 'n positiewe verskil in 'n stukkende wêreld maak, en die hoop van Christus bring – of in-onsself-gekeerde organisasies wat met mooi slagspreuke speel? Maak ons soveel impak op gemeenskappe om ons en lande van die wêreld as wat ons graag wil glo?

1.2 Om dié vraag met groter sekerheid te kan beantwoord, het SDG se dagbestuur besluit om 'n vinnige, maar omvattende opname oor uitreik-aktiwiteite onder die 127 gemeentes van ons sinodale gebied te doen (sien vraelys hieronder).

**Maak ons regtig 'n positiewe verskil – of speel ons net met mooi slagspreuke?**

1.3 Omdat dit bykans onmoontlik is om "barmhartigheid", "sending" en "evangelisasie" in die praktyk van mekaar te skei, het ons die inligting met SDGB (Sinodale Diensraad Gemeenskapsbetrokkenheid, vroeër "Barmhartigheid") gedeel, en is daar wedersydse verwysings in ons verslae.

1.4 Die ondersoek het meer inligting (en werk) opgelewer as wat ons verwag het, maar ook baie onvolledige data wat opgevolg moet word. Daarom is hierdie slegs 'n opsomming van ons voorlopige bevindinge, met die vooruitsig van meer omvattende – en opwindende – terugvoer (met méér verhale en gevallestudies, kontakbesonderhede, uitdagings en geleenthede) in verskeie ander formate (byvoorbeeld SDG-webtuiste, e-pos, "Verskil"-nuusbrief, en "Koninkryksfees" en uitstalling) voor of tydens die sinodesitting.

1.5 Die menings wat uitgespreek is en die vrae wat gevra word, weerspieël die verskeidenheid van uiteenlopende menings en rigtings in die breër Liggaam van Christus, en spesifiek in die NGK - en ook in die geledere van die samestellers. Dié verskille beleef ons nie negatief nie, maar as hulpmiddels tot selfondersoek, verdraagsaamheid, gesonde gesprekvoering en samewerking ten spyte van diversiteit. So wil ons graag groter ruimte vir openhartige gesprekvoering help skep.

***"Wat maak jou opgewonde oor uitreikaktiwiteite van julle gemeente?"***

| OPSOMMING VAN DIE VRAELYS |
|---|
| 1. Wat maak jou die mees OPGEWONDE oor jou eie gemeente se gemeenskapsbetrokkenheid, uitreik- of sendingwerk? |
| 2. Hoe is jou gemeente betrokke in julle GEMEENSKAP? |
| 3. Watter Gemeentes, Ander Kerke en Organisasies doen vlg jou inspirerende uitreikwerk/gemeenskapswerk in julle omgewing? |
| 4. Wat is die grootste UITDAGINGS in julle omgewing? |
| 5. Wat is die grootste GELEENTHEDE in julle omgewing? |
| 6. Hoe is jul gemeente betrokke by sending-/uitreikwerk in ons SA e.a. dele van AFRIKA? |
| 7. Hoe is julle gemeente betrokke by sending-/uitreikwerk OORSEE? |
| 8. Hoe is julle gemeente betrokke by koninkrykswerk in VENNOOTSKAP met ander kerke, netwerke en organisasies? |
| 9. Op 'n skaal van 1 - 10, HOE MISSIONAAL is julle gemeente? *(Missionaal = Elke aksie/ program/uitdrukking van dié persoon of gemeente word gekenmerk deur 'n sending-intensie).* |

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Morsdood** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | **Ons kook!** |

***Die ondersoek en gesprek gaan voort tot die sitting, en hopelik ook lank daarna...***

1.6 Ons hoop om ook in ons verslagtyd tydens die vergadering opwindende breër perspektiewe, sowel as méér van hierdie inspirerende voorbeelde, met sinodegangers te kan deel.

1.7 Met 'n dik stapel antwoordstelle op die tafel het ons die inligting begin rangskik na aanleiding van 'n aantal diepsnydende vrae. Dié vrae dek na ons mening die omvangryke uitdagings aan die gemeentes van NGK Noordelike Sinode, en vorm die onderafdelings van hierdie hoofstuk. Tydens die skryf

van hierdie verslag, stroom daar steeds inligting in, en word ons met baie gapings gekonfronteer. Daarom bied ons hier slegs 'n voorlopige, onvolledige oorsig, wat net soveel vrae ontlok as wat dit beantwoord.

## 2. NOORDELIKE SINODE: IN-HULSELF-GEKEERDE LAERTREKKERS?

2.1 Hierdie inleidende vraag weerspieël iets van ons diep besorgdheid oor die NGK in die besonder, en Westerse kerke in die algemeen. Die woorde "survival mode" en "oorlewingskrisis" word dikwels gebruik – het dit ons kenmerkende eienskap geword, of is ons gemeentes en lidmate steeds bruikbare instrumente wat *"die ander"* se lewens verryk?

Elke volgende hoofstuk word ingelei met 'n ewe ongemaklike en diepsnydende vraag – ook nie denkbeeldige vrae nie, maar weerspieëlend van aantygings wat dikwels teen die kerk gerig word. Die doel is nie kits-verontskuldig nie, maar indringende selfondersoek in die lig van die feite, feesviering oor dit wat wel 'n verskil maak en hoop bring, en die aangryp van nuwe uitdagings en geleenthede.

***"Ons reik nie uit nie"***

2.2 Wanneer daar verteenwoordigers van gemeentes is, wat bely: *"Ons reik nie uit nie"* of *"Hierdie gemeente is morsdood"*, is dit duidelik dat alles beslis nie wel is met ons kerk en sy roeping nie. Ten spyte van 'n indrukwekkende lys van uitreik-aktiwiteite (van enkeles in sommige gemeentes tot 'n verstommende hoeveelheid in ander), eggo dié verslae die woorde van 'n leraar van 'n groot gemeente, wat bekend is vir sending- en deernis:
*"Slegs 'n klein groepie in die gemeente is missionaal gerig. Die res fokus op instandhouding van die eie. Moeilik om dié kopskuif te maak ten spyte van 4 jaar betrokkenheid by Vennootskap Gestuurde Gemeentes".*

***"Slegs 'n klein groepie in die gemeente is missionaal gerig"***

2.3 Sonder 'n *"Gideonsbende"* van visionêre sleutelpersone (*"champions"*) en groepies getroue uitreikers, sal meeste aktiwiteite spoedig doodloop – en gebeur dit ook (by die vraag oor uitreikaksies, skryf 'n respondent: *"Geen. Die uitreikouderling is ongesteld"*). Vir die getroues en yweriges dank ons – en hulle wat by dié dienslewering baat – die Here (2 Kor. 9:11-14 *"Hulle sal Hom prys oor… julle opregte mededeelsaamheid"*).

***"Daar is 'n persentasie lidmate wat meer en meer besef dat ons nie in hierdie wêreld ter wille van onsself is nie"***

2.4 Vir die herontwaking van werklike Bybelse "uitreik-gees" en 'n wydlopende sin vir "gestuurdheid", en vir die herontdekking van outentieke dissipelskap moet ons aanhou bid. (Sien: www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html)

2.5 *"Wie is die getroue en verstandige slaaf?...van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word".* Luk. 12:48.

2.6 Daar is baie inligting uit die gemeentes se terugvoer wat mens warm om die hart maak, heelwat wat mens gerusstel, maar daar is ook baie vrae wat uit dié inligting voortspruit, wat verdien om beantwoord te word.


## 3. 'n EENSAME VLOT OP 'n DONKER STORMSEE?

### 3.1 'n Brug na ander kultuurgroepe

Met hierdie beeld van 'n vlot wil ons die vraag na die stand van rasseverhoudinge vierkantig en openhartig op die tafel plaas (in plaas daarvan om om dit heen te dans asof dit bestaan nie).

***"Ons kerke is net eenvoudig nie altyd ingerig om die brug na mense van ander rasse te slaan nie"***

*"Ons kerke is net eenvoudig nie altyd ingerig om die brug te slaan na mense van ander rasse nie. Onmiddellik hoor ek die koor wat ons wil herinner aan al die wonderlike werk wat "onder" swart mense gedoen word. Inderdaad, en hierdie hulp aan swart gemeenskappe en indiwidue moet nie gering geag word nie, maar as kerk sukkel ons om ons kerkwees met mense van ander rasse te deel as mede-én-gelyke-gelowiges. In ons onlangse opname onder gemeentes het dit weer geblyk dat baie gemeentes steeds hulle verhouding met URCSA (VGK) as deel van hulle gemeente se sending-*



Théodore Géricault: The Raft of the Medusa (1819)

*werk, eerder as ekumene, beskou. Sien ons dalk steeds ander kultuurgroepe en die VGK as minderwaardige groepe wat gehelp moet word "om nader aan ons te kom". Ons Europees-Amerikaanse siening van die lewe is vir baie steeds dié norm waarby Afrika moet aanpas. En dit sou ons inderdaad baie alleen op die donker oseaan van Afrika laat voel - veral hiér in die noorde van ons land".*
*Francois Smit (NGK Pretoria & PEN). Sien en reageer op volle artikel by www.getuienis.com.*

## 3.2 Verhale en tendense wat inspireer (Sien ook www.getuienis.com):

Wat wel duidelik is, is dat ons gemeentes ***oor die algemeen redelik betrokke is met hulpverlening oor die kleurgrens heen***. Sommige lê méér klem op verarmende witmense in hulle omgewing, maar meeste reik na wit én swart – soms nog oor 'n afstand of met 'n tjekboek. Min lidmate is *persoonlik* by mense van ander kulture betrokke. Dit is veral waar van sommige voorstedelike gemeentes. Een respondent noem as uitdaging: *"...dat die gemeenskap oper sal word en meer sal meng. Almal is agter hulle mure..."* . Dieselfde persoon voel dat een van die grootste geleenthede is *"...om mense wat hulle toestroom (swartes) in die omgewing te leer ken en hulle stories aan te hoor."* In die middestede, waar gemeentes meer blootgestel word aan ander kulture, is daar wonderlike getuienisse van samewerking oor die kleurgrens heen. Ook op die platteland is daar rede om baie hoopvol te wees, maar dit wil tog voorkom asof betrokkenheid soms nog deur 'n sterk paternalistiese houding gedryf word.

***"Een van die grootste geleenthede is om mense in die omgewing te leer ken en hul stories aan te hoor."***

3.2.1 **Pretoria-middestad**: Moedelose inwoners van Schubartpark het in mense van PEN en Echo-Jeugontwikkeling nie net simpatieke kombersuitdelers ontdek nie, maar ook gelowiges wat na hulle kant van die saak kon luister en met hulle nood vereenselwig.
3.2.2 **NGK Marken** se leraar, ds Hannes Peens, bedien dié klein gemeentetjie as tentmaker-leraar sowel as verskeie VGK-gemeentes as funksionaris van die Limpopo-Wes Getuienisforum. Op sommige Sondae volg 'n Engelse of Sotho-diens na die Afrikaanse diens. Daar word onder meer baie opleiding gedoen. Dieselfde geld vir ander Getuienisforums (sien 14.2.7 en www.getuienis.com).
3.2.3 **NGK Elandsrand**: *"Ons is vir baie jare reeds die kleurlinggemeenskap Damonsvolle se voog (VGK) en verleen aan hulle finansiële hulp vir die bediening en het die afgelope twee jaar 'n werkersklasgroep met die naam "Lidia" waar programme aangebied word op alle vlakke vir opheffing en bemagtiging. Sowat 20 mense is weekliks hierby betrokke, maar baie meer gesinne word gehelp en gevoed deur die projek"*
3.2.4 **NGK Pretoria** se kerkraad (en Martiens Swart se interkulturele bediening) weerspieël iets van die kulturele diversiteit van die middestad. Bosmanstraat-gebou word ook vir Franse- en Setswana-dienste gebruik.
3.2.5 **NGK Messina** sien die strome van Zimbabwiërs in hulle dorp nie net as 'n sosiale probleem nie, maar ook as geleentheid. Hulle versprei Bybels en reik uit na dié ontwrigte mense. Daar is ook ander gemeentes wat spesifiek op vlugtelinge en vreemdelinge uit ander dele van Afrika fokus.

## 3.3 Uitdagings en geleenthede


3.3.1 **SA Reconciliation Barometer 2011** sê *"The diagnostic finds that while 'goodwill is there', the current 'pragmatic reality' is that South Africa remains 'a divided society and the major dividing line in society is still race' (NPC, 2011g: 1; NPC, 2011a: 26). Certainly, there can be little doubt that historic divides along racial lines continue to keep us apart, but the findings of the SA Reconciliation Barometer also point to more complex social fault lines beyond race alone".* Help ons gemeente die "dividing lines" oorbrug, of hou ons dit in stand? (http://reconciliationbarometer.org/2011/12/2011-reconciliation-barometer-released/)
3.3.2 Spreek ons leraars die probleem van swak rasseverhoudinge (en swak rassehoudings) aan in die prediking of deins ons terug van onderwerpe wat mense kriewelrig maak? Doen ons alles wat ons kan om die situasie geleidelik te help verbeter?
3.3.3 In die afsluitingsparagrawe praat **Cape Town Commitment** oor versoening: *"Two repeated themes were heard: The need for radical obedient discipleship, leading to maturity, to growth in depth as well as growth in numbers; The need for radical cross-centred reconciliation, leading to unity, to growth in love as well as growth in faith and hope. Discipleship and reconciliation are indispensable to our mission. We lament the scandal of our shallowness and lack of discipleship, and the scandal of our disunity and lack of love. For both seriously damage our witness to the gospel".* (http://www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html)
3.3.4 Om versoening te beskou in die lig van die behoefte aan christelike restitusie. Sien: http://restitution.org.za.

***Doen ons alles wat ons kan om die rasse-situasie te help verbeter?***

# 4. EKSKLUSIEWE VOORSTEDELIKE HOËR-MIDDELKLAS KERKKLUBS?

## 4.1 Die heersende lewens- en wêreld-beskouing van *'n deel* van die NG Kerk

Daar is 'n wesenlike gevaar dat die NGK hom so tuis vind in die oorbekende bedding van sy hoofsaaklik hoër-middelklas bestaan in die voorstede van ons stede en groter dorpe dat dié kultuur normatief word in sy interaksie met mense uit ander lewenskringe. Ten diepste is al hierdie sake teologies van aard. Wit Afrikaner middelklas voorstedelinge teologiseer ook in hierdie kategorieë en dié teologieë kom nie op die grond uit waar middestedelike en/of plattelandse gemeentes sukkel met heel ander kontekste nie. Dit kan dit vir die oorgrote meerderheid lidmate moeilik maak om ander se ervaring, lewens-beskouing en -omstandighede te verstaan, sinvolle met die "ander" te kommunikeer en hulle op die mees gespat wyse te bedien. Is ons in staat om te leer by mense uit ander cringe? Weet ons hoe om na hulle uit te reik sonder om hulle te verneder en minderwaardige te laat voel? Kan ons *"Jode wees vir die Jode en Grieke vir die Grieke"?*



| | All Africans | Rural Africans | Urban Africans | Coloured | Asian | White | All South Africans |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1998-2000 | 7.5 | 0.5 | 14.6 | 40.9 | 75.0 | 83.3 | 23.4 |
| 2001-2003 | 10.7 | 1.1 | 19.8 | 46.1 | 78.7 | 84.0 | 24.6 |
| 2004-2006 | 12.8 | 1.4 | 22.2 | 47.6 | 74.6 | 85.3 | 26.2 |

**Figure 1: Percent of households with a middle class standard of living.**

## 4.2 Bronne van Inspirasie uit ons eie Gebied (sien ook www.getuienis.com)

In die Noordelike Sinode is daar mooi voorbeelde van gemeentes en instansies wat nie gevangenes van 'n voorstedelike lewensbeskouing en/of teologie is nie. Enkele voorbeelde:

4.2.1 Die **Getuienisforums** in ons sinode is besig om sensitiewe modelle te ontwikkel vir bediening aan arm gemeentes op die platteland. Hannes Peens skryf byvoorbeeld vanuit Limpopo-Wes forum:

*"Die doelwit van die forum is om te fokus op prosesse wat onderlinge verhoudings verder bou en eienaarskap en deelname bevorder. In die nastreef van hierdie doelwit word gelykheid nagestreef tussen alle groepe en antwoorde gegee op uitdagings wat gemeentes in die gesig staar en op sosiale vraagstukke. In die soeke na antwoorde word nie net die lede van die forum betrek nie maar ook ander vennote uit ander kerkgroepe en sosiale verbande".*

***Fokus op prosesse wat onderlinge verhoudings verder bou en eienaarskap en deelname bevorder***

4.2.2 **Echo Jeugontwikkeling** is 'n voorstedelike aksie in die Moot-area van Pretoria. Hulle beskryf hulleself as 'n *"omgeegemeenskap wat veral fokus op jongmense in nood met min of geen ondersteuningsbasis".* Hierdie jongmense word in huise of kommunes geplaas saam met jong christenvolwassenes wat hulle tot genesing en bevryding begelei. www.echoyouth.co.za.

4.2.3 **Gemeentes wat snelle en grootskaalse demografiese veranderinge beleef**, vra opnuut: "Wat is die rol van die kerk?" Dit geld vir middestadsgemeentes (Rustenburg, Pietersburg, Pretoria, Bulawayo, Harare, Brits), plattelandse gemeentes wat begin leegloop (byvoorbeeld Soekmekaar, Sanddrif, Vorentoe) en selfs voorstedelike gemeentes soos Lynnwood, wat spook met "besigheidsindringing". Hier word nuwe modelle vir kerkwees ontwikkel. NGK Pretoria het onlangs 'n struktuurverandering ondergaan om plek te maak vir van PEN-Aksie se jeug- en uitreikaktiwiteite. Dié gemeente moet stelselmatig anders begin dink oor sy samewerking met 'n sogenaamde "para-kerklike" organisasie.


## 4.3 Uitdagings en geleenthede:

4.3.1 Om in nederigheid ons só aan dié wat anders as ons leef, dink en beweeg, bloot te stel dat ons in staat is om te verstaan en waardeer wat dit beteken om *anders* gelowige en kerk te wees – en hulle hopelik dan beter te kan bedien – en onsself deur hulle te laat bedien.

4.3.2 Om nuwe modelle van betrokkenheid saam met ander (en nie vir hulle nie) te ontwikkel.

4.3.3 Om die ontwrigting van ons gemaklike voorstedelike bestaan nie as 'n bedreiging of 'n ramp te beskou nie, maar as 'n God-gegewe geleentheid tot groei en kerklike en missionêre ontwikkeling.

4.3.4 Om doelbewuste langtermyn verhoudings te bou met "andersoortige" gemeentes, mense en instansies (in ander kontekste, ander kulture, ander "klasse") met wedersydse bediening in die oog.



## 5. UIT VOELING MET DIE BUITEKERKLIKE JEUG?

5.1 Terwyl daar baie moeite gedoen word vir (en baie besorgdheid is oor) die jongmense wat oor is in ons gemeentes, wil dit voorkom of daar relatief min gedoen word vir die duisende jongmense buite ons kerke. Ons gemeentes en manier van dink, het eenvoudig min aantrekkingskrag vir dié nuwe geslag wat in 'n ander wêreld leef.

### 5.2 Verhale en Tendense (sien ook www.getuienis.com)

5.2.1 **Echo-Jeugontwikkeling** en die jeugbedieninge van PEN kom onmiddellik in gedagte, waar 'n groot deel van die energie na "buite" geprojekteer word. (Sien www.echoyouth.co.za en www.pen.org.za).

5.2.2 **NGK Marikana** het opgeval met hulle sterk jeug-vriendelike benadering...

5.2.3 Een van die opvallende sterk punte van baie van ons gemeentes ten opsigte van die jeug, is die betrokkenheid by **skole** (van VCSV lei by groot stedelike hoërskole tot by banke maak vir klein arm plattelandse skooltjies - en alles tussenin).

***Een van die sterk punte is betrokenheid by skole***

5.2.4 Daar is elders reeds melding gemaak (sien ook SDGB se verslag) van ywerige betrokkenheid by ons eie en ander instansies se **kinderhuise**.

### 5.3 Geleenthede en uitdagings

5.3.1 Daar word dikwels in die verslae melding gemaak van die uitdaging van die groot getalle **VIGS-weeskinders** – dit bly een van die groot uitdagings van ons tyd vir staat, kerk en ander instansies.


5.3.2 **Dwelmprobleme** word ook genoem (sien ook SDGB-verslag). Skram ons daarvan weg?

5.3.3 Dit bly steeds 'n uitdaging om dié wat reeds by buitekerklike jeug betrokke is, se hande te sterk, nie net finansieel nie, maar ook deur praktiese dienswerk, kundige advies, bemoediging en gebed (wat natuurlik waar is van alle werk wat in hierdie dokumente genoem word).

## 6. AFGESONDERDE EILAND IN 'n HOEKIE VAN AFRIKA?

### 6.1 *"Ons gaan Afrika-toe".*

Die manier wat ons praat, gee ons weg – asof Afrika 'n entiteit is waarvan ons nie deel is nie. Na eeue is die naelstring aan Europa nooit geknip nie. Maar dit is nie van almal waar nie...."



*Karel Landman-Gedenkteken (G Moerdijk & C Steynberg), Alexandria, Oos-Kaap. Erkenning aan R Fisher www.artefacts.co.za*

### 6.2 Bronne van inspirasie

6.2 1 Kinders wat op Morgenster en ander "sendingstasies" in ander dele van Afrika grootgeword het, hou bande met dié plekke en steek ander aan om betrokke te raak. Daar is gemeentes wat by hierdie "kerkdorpe" gaan diens lewer en tuis hulle fasiliteite beskikbaar stel vir lede van die kerkfamilie (byvoorbeeld Pietersburg-Oos en Hartbeesspruit-Queenswood vir Reformed Church of Zimbabwe-wyke).

6.2.2 Daar vind jaarliks dosyne diensbesoeke vanuit Noordelike Sinode na basisse in ander Afrika-lande plaas, waar ons lidmate diep spore trap en onmisbare diens aan inheemse kerkleiers en sendelinge en ander koninkrykswerkers uit SA en elders lewer.

6.2.3 Willie Botha (NGK Valhalla) en Ernst Muller (NGK Florandia) skakel nou met netwerke wat deur Afrika-leiers bestuur word, insluitende **WENSA** (World Evangelisation Network of SA) en **MANI** (The Movement for African National Initiatives). Sien www.maniafrica.com, www.wensa.co.za en SDG-blad.

6.2.4 'n Beter voorbeeld van Afrika-bewuste blootstelling en samewerking as vanjaar se **IUM/PEN SiCiLi-konferensie** (26 Aug 2012) kan moeilik bedink word, waar daar werklik geluister en geleer word van mede-Afrikane uit 'n verskeidenheid agtergronde. Webwerf: www.iumsicili.co.za.

### 6.3 Uitdagings en geleenthede

6.3.1 Om onbevange na (die res van) Afrika te luister – as mense wat besef dat ons nie alles weet en oor al die wysheid beskik nie – en die gesag en leiding van inheemse leiers te erken en eerbiedig;

6.3.2 Om as 'n kerk van Afrika ons plek meer dikwels en geesdriftig in te neem waar gelowiges vanuit Afrika bymekaarkom om "the blessings, challenges and opportunities" (MANI 2011) te vier en sáám te bid en te besin oor die pad vorentoe.

6.3.3 Om meer oor Afrika te leer, te lees, te kyk (films, programme, webwerwe) en ons vasteland en sy (ander) kinders meer kans te gee om ons te beïnvloed. Vir eenvoudige programme wat mens help om te leer wáár elke Afrika-staat geleë is (99% van ons gaan beter vaar in 'n toets oor Europa), sien:


www.yourchildlearns.com/mappuzzle/africa-puzzle.html en www.ilike2learn.com/ilike2learn/africa.html.

# 7. ONBESORGD OOR DIE ONBEREIKTES VAN DIE AARDE?

## 7.1 'n Lae Prioriteit

- Van 16 654 etnies-linguïstiese volksgroepe globaal, is 7 034 groepe (42.2%) nog onbereik;
- 5994 groepe lê in die 10/40-venster in Noord-Afrika en die Ooste.
- Meeste van die armste mense vind ons onder dié groepe;
- Hulle kom voor waar Islam, Buddisme en Hindoeïsme die sterkste is;
- ...maar party van hulle is minder as twee dagreise van ons af (of selfs nader: 7.3.1)

Inligting voorsien deur INSERV. Sien ook www.getuienis.com en www.joshuaproject.net.




7.1.1 In die lig van sulke syfers en die klem wat wêreldwyd op die bereiking van dié groepe geplaas word (vgl. Cape Town Commitment IID 1), is dit opmerklik dat die nood van ***"Unreached People Groups" (UPGs)*** en in besonder **"Unengaged UPGs (UUPGs)** skaars in die terugvoering van gemeentes ter sprake gekom het;
7.1.2 Daar is egter wel 'n paar gemeentes wat sendelinge ondersteun wat onder sulke groepe werk.
7.1.3 Dit versterk die indruk dat ons interaksie gedomineer word deur 'n verskraalde perspektief op die nood en dat ons normaalweg op ons eie terme "uitreik".

## 7.2 Verhale en Tendense

(Sien ook www.getuienis.com)
7.2.1 Noordelike Sinode se gelowiges het nie hulle rug gedraai op dié mede-gelowiges wat vér van huis en eie kultuur uitreik nie – wat dikwels onder bitter moeilike omstandighede uitreik na dié wat andersins moeilik 'n kans sou kry om die Evangelie te hoor. Daar is kaarte op die webwerf, maar hier is 'n opsomming van bande tussen ons gemeentes en sendingwerk in die res van Afrika en die wêreld:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18+ bande met Sentraal en Oos Asië | 10+ bande met gewese USSR-lande | 8+ bande met Noord Afrika en Midde-Ooste | 10+ bande met Europa | 10+ bande met Sentraal-Afrika | 47+ bande met Suider-Afrika & Indiese Oseaan-Eilande | 3+ bande met seemanne (via CSO) |

7.2.2 **Gemeentes wat "spesialiseer" in ondersteuning van koninkrykswerkers in ander lande:**
7.2.2.1 **NGK Rietfontein-Suid** (deur Sending sonder Grense in vennootskap met bedieninge in Oosblok-lande, maar ook met 50 ander gemeentes in ons sinodale gebied).
7.2.2.2 **NGK Florandia** met hulle Gaius-bediening en ondersteuning via Mosambiek-Hub.
7.2.3 **Uitreike**: Gemeentes met groepe lidmate wat oor jare heen gereelde diens- en evangeliserings-besoeke aan ander lande aflê, sluit in:
7.2.3.1 **NGK Sesmylspruit** (Lesotho);
7.2.3.2 **NGK Wonderpark** (Zambië);
7.2.3.3 **NGK Wonderboom** met langstaande verbintenisse in Mosambiek en Madagaskar, en baie ander (waarvan ons meer sal vertel soos wat meer volledige inligting ons bereik)..
7.2.4 Ons kan nie in hierdie oorsig aan alle gemeentes se werk reg laat geskied nie. Sien asseblief die www.getuienis.com en ander hulpbronne waarna daar in die webwerf verwys word.

## 7.3 Reuse uitdagings en Geleenthede

7.3.1 Om "versteekte onbereikte groepe" tussen ons te bereik. Willie Botha, direkteur INSERV, skryf:
*"SA word beskou as 'n geëvangeliseerde land in terme van taal- en volksgroepe. Kyk ons egter na sosiale groeperinge, vind ons prostitute, straatkinders, VIGS-wesies, werkloses, vlugtelinge en ander wat dikwels ook relatief onbereik is, of kleiner immigrantegroepe wat maklik misgekyk word soos "Bhojpuri Bihari, Malay, Cape, Griqua, Gujarati, Gypsy, Somali, Urdu, Indo-Mauritian, Hindi". Islam as godsdiensgroepering is besig*

*om met rasse skrede in Suid en Suider Afrika te groei. Die kerk in die hele streek het nie 'n antwoord of plan om die mense te bereik nie. Dalton Greyling stel dit dat tussen 1997 en 2006 die getal vlugtelinge in SA van* 6619 tot amper 30 000 gestyg het. Gedwonge migrante word geskat op tussen 2 en 8 miljoen".
http://www.tips.org.za/publication/refugees-and-forced-migrants-south-africas-urban-areas-definitions-rights-levels-wellbei.

7.3.2 *"Om die geleentheid van besoekers, immigrante en vlugtelinge te herken"*
(Sien: www.getuienis.com vir meer, onder meer oor NGK Pretoria en ander se interkulturele bedieninge)
7.3.3 Om opnuut deel te word van die internasionale gemeenskap van missionêre kerke en nie terug te deins van die globale sendingvelde nie. (Sien www.getuienis.com vir die aangrypende verhaal van die NGK se Nigerië-verbintenis).
7.3.4 Om ons ryk sendingervaring, kundigheid, hulpbronne, versorging en gebede tot beskikking te stel van dié wat die roepstem antwoord om teen groot opoffering in dié moeilike plekke te gaan werk.
7.3.5 *"Die uitdaging om oor kerk- en denominele grense hande te vat en saam te werk om uit te reik na die groeiende Moslem-gemeenskappe in ons land en streek".*
7.3.6 Identifiseer die buitelanders in ons gemeenskap en reik uit op spesifieke en kultuur-sensitiewe manier uit na die persone.
7.3.7 *"South African missionaries are some of the best in the field, and the worst looked after"* het 'n buitelandse sendingleier vir een van ons Suid-Afrikaanse leiers gesê. Dit is ongelukkig waar, ook soms van werkers in die middestede en elders. NGK Florandia se Gaius-Bediening dra dié behoeftes aan behoorlike "member care" swaar op die hart, en gesels graag met ander wat sterk daaroor voel of raad nodig het. Hulle daag gemeentes uit om dié werkers te hanteer n.a.v. 3 Joh. 5-8.
7.3.8 Om ten minste te BID vir die onbereiktes en die mense wat onder hulle werk (NGK Groenkloof het 'n gebedsmuur met 40 lande in Afrika waarvoor hulle om die beurt bid). NGK Rooihuiskraal skryf:
"Hier is 'n gebedstyd elke Sondagmiddag om spesifiek vir Sending te bid. Sendelinge word hier ontvang en omvou met persoonlike gebed. Uitreike word hiervandaan uitgestuur Dit is die geleentheid per week wat nie misgeloop behoort te word nie".
7.3.9 Neem hande met hulle wat ook in bepaalde bedienings betrokke is en werk saam sodat daar 'n meer effektiewe aanwending van hulpbronne is.

## 8. SONDAGCHRISTENE, ONSIGBAAR OP DIE MARKPLEIN MAANDAG?

8.1 Alhoewel een of twee gemeentes na die getuienisroeping van lidmate verwys het, en die amp van gelowige teologies goed begrond is, is ons indruk dat ons hierdie aspek ernstig verwaarloos word. Daar is min gemeentes wat spontaan melding maak van 'n doelgerigte opleidingsprogram in dissipelskap of getuienisskap vir alle lidmate. Is ons besig om ons belangrikste sendingmag te misken?



### 8.2 Ligpunte

8.2.1 Georganiseerde dienswerk bied kosbare in-diens-opleiding vir lidmate;
8.2.2 Ons weet nie hoe prakties en getuienisgerig die prediking in gemeentes is nie, maar wil graag glo dat baie lidmate wel tot 'n mate toegerus word vir hulle unieke bedieninge;
8.2.3 Waar EEIII-metodiek (en ander evangelisasiemetodes) gebruik word, veronderstel dit dat daar opleiding plaasgevind het;
8.2.4 Daar is hier en daar in breër verband werkwinkels aangebied in byvoorbeeld interkulturele bediening, korttermyn-uitreikwerk, ens. (ons vermoed daar gebeur veel meer).


### 8.3 Uitdagings en geleenthede

8.3.1 Onder die hoof *"Bearing witness to the truth of Christ in a pluralistic, globalized world"* behandel The Cape Town Commitment onder meer ***"Truth and the workplace"*** en sê:
*"The Bible shows us God's truth about human work as part of God's good purpose in creation. The Bible brings the whole of our working lives within the sphere of ministry, as we serve God in different callings... In spite of the enormous evangelistic and transformational opportunity of the workplace, where adult Christians have most relationships with non-Christians, few churches have the vision to equip their people to seize this. We have failed to regard work in itself as biblically and intrinsically significant, as we have failed to bring the whole of life under the Lordship of Christ". (http://www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html#p2-1 IIA 3)*
Voorstel: bestudeer en behandel dié uitspraak in geheel met gemeenteleiers en lidmate.
8.3.2 Spesifiek aan die leraars en kerkrade word dié oproep van CTC (IIA 3 D) gerig:

*"We urge church leaders to understand the strategic impact of ministry in the workplace and to mobilize, equip and send out their church members as missionaries into the workplace, both in their own local communities and in countries that are closed to traditional forms of gospel witness".*

8.3.3 As deel van die kultuur van luister, doen leiers meer moeite om met aandag en 'n leerbare gees te luister na wat lidmate beleef, doen, wonder ten opsigte van hulle werksmilieu, maar ook veral na hulle bedieninge in die werkswêreld.

8.3.4 Voorstel: Gemeentes "bevestig en stuur" (weer 'n keer) hulle markpleinsendelinge een Sondag uit om in die Naam van Christus hulle heilige lewensroeping te gaan uitvoer.



## 9. EKOLOGIES SELFSUGTIG EN ONVERANTWOORDLIK?

9.1 Daar is so min in die verslae oor hierdie saak gesê dat dit duidelik is dat min gemeentes insien dat die aarde waarop ons woon deel van die kerk se sendingtaak is (vgl. Sending-/Getuienisregelement).

**Sien ook SDGB-verslag, waar dit volgens ons sinode se werksverdeling val.**

**9.2 Inspirasie?** Baie min (waarskynlik méér wanneer ons respondente weer daaroor gaan dink).

**9.3 Uitdagings en geleenthede**

9.3.1 Die agnostiese bioloog en "secular humanist", E O Wilson, skryf sy boek "The Creation" (2006 WW Norton & Co) as 'n ope brief aan christene en daag ons uit om as mense wat hulleself *volgelinge en vriende van die Skepper* beskou om deel te neem aan die pogings om biodiversiteit te red.

9.3.2 Maak kontak met SDGB se **Taakspan Ekologie** (Gustav Claasen by gustavcl@mweb.co.za).

9.3.3 Nooi 'n **"groen dominee"** soos Gustav Claasen, Fay van Eeden of Ernst Muller om in julle gemeente oor volhoubaarheid te kom gesels.

9.3.4 **Cape Town Commitment** (IIB 6) roep ons op: *"We encourage Christians worldwide to:*
*A) Adopt lifestyles that renounce habits of consumption that are destructive or polluting;*
*B) Exert legitimate means to persuade governments to put moral imperatives above political expediency on issues of environmental destruction and potential climate change;*
*C) Recognize and encourage the missional calling both of (i) Christians who engage in the proper use of the earth's resources for human need and welfare through agriculture, industry and medicine, and (ii) Christians who engage in the protection and restoration of the earth's habitats and species through conservation and advocacy. Both share the same goal for both serve the same Creator, Provider and Redeemer".*

## 10. KOUE SKOUERS VIR ARMES, BEJAARDES, SIEKES?

### 10.1 Inleiding



10.1.1 Dat die NGK gevoelloos staan teenoor al die nood rondom ons, is doodeenvoudig nie waar nie. Ons het 'n lang geskiedenis en honderde voorbeelde waarmee ons sulke suspisies die nek kan inslaan.

10.1.2 Of ons genoeg doen (gegewe hoe geseënd ons is) en of ons dit op die mees effektiewe wyse doen, is 'n ander vraag?

10.1.3 In hoe mate ons dit saam met ander aanpak ter wille van effektiwiteit (in plaas van dosyne soortgelyke aksies naas mekaar) en hulpbronne op die beste maniere aanwend is nog sulke belangrike vrae.

10.1.4 Op papier is hierdie areas die bedieningsveld van SDGB, maar in praktyk is dit onmoontlik om die verskilende soorte liefdesdiens van mekaar los te maak: byvoorbeeld wat Sending-sonder-grense in Oos-Europa doen, is niks minder as "barmhartigheidswerk" nie, en dié met voedingskemas bring ook die Evangelie saam met die brood.


10.1.5 **Lees die SDGB se verslag vir meer oor werksaamhede rakende armoede, MIV-VIGS, gestremdes, bejaardes, sorgbehoewende kinders, ens. In ons opvolg-berriggewing hoop ons om 'n meer geïntegreerde prentjie te skets.**

## 10.2 Voorbeelde, Uitdagings en Geleenthede

10.2.1 Baie gemeentes (meeste) berig dat hulle by inrigtings betrokke is: insluitende kinderhuise, gespesialiseerde hospitale, tehuise vir bejaardes en gestremdes, ens. Dit is verblydend.
10.2.2 Nie-kerklike gemeenskapsorganisasies soos KANSA ontvang ook ondersteuning.
10.2.3 Hospitaalbediening aan lidmate is vanselfsprekend, maar daar is groepe wat ook buitestaanders besoek, asook hospicebediening.
10.2.4 Daar is ook talle koöperatiewe liggame soos Mootcare, waaraan NGK-gemeentes deel het.
10.2.5 Aandag aan tuissorgsentrums vir HIV/Vigslyers en sorgsentrums vir Vigswesies kom ook voor.
10.2.6 Goeie voorbeelde is legio, maar so-ook die uitgesproke wense om nog meer te kan doen, om verder te reik, om méér mense te kan help.

# 11. STERWENDE OP DIE UITGESTREKTE PLATTELAND?

## 11.1 Steekproef: hoe één streek lyk



11.1.1 Hannes Peens van die Limpopo-Wes Evangelisasieforum het 'n kontekstuele analise in hulle deel van die Bosveldstreek gedoen. Sulke analises help om gemeentes se oë oop te maak vir die werklikheid rondom hulle en hulle missionale karakter te herontdek. Baie van dié data is waar van ander streke.
11.1.2 Armoede is die enkele grootste nood. Armoede kom onder blankes voor, maar veral onder anderskleuriges. Syfers van Statistiek SA bevestig dit. So lyk die munisipale gebied van Mogalakwena:

| | |
|---|---|
| **Onderwys** | Uit 142 642 volwassenes is 44 831 totaal ongeletterd; 2 130 het bietjie laerskool opleiding gehad. |
| **Werksgeleenthede** | Uit 'n werkmag van 165 053 mense het net 37 085 mense werk teenoor 33 698 werkloses en 94 270 wat ekonomies onaktief is. |
| **Huishoudelike inkomste** | 22 039 huishoudings in die munisipale gebied het geen inkomste nie. |

11.1.3 Sulke uitdagings is geleenthede waar die kerk sy missionale roeping kan uitleef. Werkloosheid lei tot armoede, afhanklikheid van staatspensioene, misdaad en alkoholmisbruik.
Wat staan die kerk te doen? Deelnemers aan dié navorsing het die behoefte uitgespreek dat die kerk sy kennis en bronne moet aanwend om verhoudings te bou, gelykheid na te streef tussen alle groepe en antwoorde te gee in 'n wêreld wat gekenmerk word deur korrupsie, armoede en werkloosheid. Een deelnemer het die kerk aangemoedig om uit sy gemaksone te beweeg en 'n verskil te maak. Daar is vertroue dat die kerk wel 'n verskil kan maak en sy stem moet laat hoor in alle omstandighede.
11.1.4 Die kerk kan hierdie uitdagings nie alleen oplos nie. Daar moet hande gevat word met die regering, die besigheidsektor en die publieke sektor. Geloofsgebaseerde "nie-regeringsorganisasies" (NRO's) is die invloedrykste "NRO's" wat in Afrika die meeste vertroue geniet. Ekumeniese organisasies, forums en broederkringe kan 'n belangrike rol speel in netwerkvorming wat alle sektore kan bevoordeel.

***Daar is vertroue dat die kerk wel 'n verskil kan maak***

11.1.5 Hannes sluit sy verslag af met die woorde: "Daar word vertel dat Nero viool gespeel het terwyl Rome gebrand het. Ek wonder soms of ons as kerk van Jesus Christus nie dieselfde doen nie? Ons omgewing brand, Suid Afrika brand, maar wat doen ons?"

## 11.2 Dankbaarheid vir inspirerende voorbeelde

(Sien ook www.getuienis.com)
11.2.1 Die groeiende betrokkenheid van baie gemeentes binne hulle plaaslike gemeenskappe.
11.2.2 Lidmate wat inisiatief neem en betrokke raak by projekte in plaas van wag op ander bestuurskanale.
11.2.3 Getuienisse van oop hande, harte en sakke.
11.2.4 Noue samewerking met VGKSA, NGKA, ander kerke en organisasies.
11.2.5 Sorg wat gedra word vir eie lidmate wat swaarkry as gevolg van armoede en werkloosheid.
11.2.6 Hulpverlening aan arm swart skole in hulle omgewing (Koedoeskop, Dwaalboom, Marikana).
11.2.7 Betrokkenheid by SAPD en gevangenisse (Dendron, Louis Trichardt, Pietersburg-Noord).
11.2.8 Voedsel- en geestelike hulp aan immigrante uit Zimbabwe.
11.2.9 Vigswesie pojek te Rietfontein (Koedoesrand).
11.2.10 Betrokkenheid by en ondersteuning van plaaslike getuienisforums.


## 11.3 Enkele uitdagings (uit 'n veel langer lys)

11.3.1 Om meer bedieninge onder plaasarbeiders te vestig.
11.3.2 Om saam met ander rolspelers armoede en werkloosheid te bekamp.
11.3.3 Om gesonde kos aan senior persone (onder alle kultuurgroepe) te voorsien.
11.3.4 Om tydelike verblyfplek vir haweloses te bied (Krokodilrivier).
11.3.5 Om geleenthede te skep waar mense uit diverse agtergronde verhoudings kan bou (Marken).

# 12. BANG VIR DIE UITDAGINGS VAN ONS STEDE?

## 12.1 Die NG Kerk se *ver-voorstedeliking* en die ontvolking van die middestede

So skryf een stadsdominee: *"Tydens 'n Afrikaanse erediens is daar 40 bejaardes in die kerk. Die kerkgeboue begin vervalle lyk vanweë kostes wat oral gesny word. Die dominees "begrawe" letterlik hulle ou blanke gemeentes. Middestedelike gemeentes voel baie maal dat hulle nêrens tuishoort nie. Voorstedelike NG-gemeentes het hulle versaak en die gemeenskap het dramaties verander".*



## 12.2 Bakens van hoop

Daar is pragtige hoopvolle inisiatiewe. Ons noem enkeles:

**12.2.1 NGK Rustenburg-Moedergemeente** is 'n uitstekende voorbeeld. Hulle neem hande met ander kerke en organisasies. Mens staan verstom oor die hoeveelheid aksies waarmee hulle tans besig is: onder meer 'n klein tweedehandse klerewinkel wat barmhartigheidswerk onder hulle eie gemeentelede finansier, Hulle is opgewonde oor *"die verskeidenheid van vlakke waarop 'n groot aantal lidmate betrokke is en getroue bydraes en ondersteuning van lidmate".*

**12.2.2 NGK Pretoria** het 'n stormagtige verhaal in die post-apartheidera. Tans is daar, uit die eertydse ring, net een gemeente oor met drie bedieningspunte. Dié gemeente het egter geboorte gegee aan PEN-Aksie en 'n Engels-voorkeur erediens (Arcadia Faith Community). Onlangs het die gemeente die ongewone stap geneem om PEN-aksie te vra om die gemeente namens hulle te bestuur. Hierdie samewerking skep vir beide partye nuwe moontlikhede. 'n Uitreik-hub is in Sunnyside begin en 'n *Compassion Centre* word tans met behulp van die sinode vir die gemeenskap van Arcadia ontwikkel.

**12.2.3 NGK Louis Trichardt** is nie 'n tipiese "middestadsgemeente" nie, maar moet saam met **Thabazimbi gemeente** genoem word as "moedergemeentes" wat pragtige werk doen met betrekking tot. tipiese "middestedelike uitdagings" soos haweloosheid, straatkinders, gevangenisbearbeiding, werkskepping en dwelmafhanklikheid.

**12.2.4 Plakkerskampe:** Beide "blanke" en "swart" plakkerskampe (in die stede en die buitewyke) kry aandag van NGK-gemeentes. Die groot Olievenhoutbosch-gebied (Centurion) is een voorbeeld. Sommige gemeentes spesialiseer op bepaalde fasette van die nood (byvoorbeeld onderwys).

**12.2.5 NGK Bulawayo** en **NGK Harare:** Hierdie gemeentes het ten spite van enorme uitdagings in hulle stede en land nie opgehou om die lig in hulle omgewing te laat skyn nie. Hulle skroom nie om nuwe projekte aan te pak nie en om vennootskappe met ander kerke en organisasies te sluit nie. Die respondent uit Bulawayo merk trots op: *"Die feit dat dit sigbaar beleef en ervaar word op so 'n wyse dat Engelssprekende mense buite die gemeente eerder by ons wil wees omdat hulle geraak is deur lidmate se liefde en warmte en egtheid van hulle geloof. Dit trek hulle aan....Die boodskap uit Bulawayo is dat dit goed gaan hier!".*

***"Dit gaan goed hier!"***

### 12.3 Uitdagings en geleenthede

12.3.1 Daar is baie **"mini-middestede"** in ander gemeentes se gebiede met dieselfde soort uitdagings (baie enkelouergesinne, armoede, alkohol- en dwelmmisbruik, ens.), onder meer groot versamelings woonstelblokke by Wonderboom-Suid, Waverley, Florauna, Wonderpark, en ander.


12.3.2 As gevolg van myn- en nywerheidsbedrywighede kry klein plattelandse dorpies soos Koedoeskop en Ellisras soms groot nuwe **"voorstede"**, wat nuwe uitdagings stel.

***Dáár is bv. altyd behoefte aan mense met kundigheid***

12.3.3 Om nog meer hande te neem met ander rolspelers en aktief met die **plaaslike owerhede** in gesprek te tree ten behoewe van inwoners "sonder stemme".

12.3.4 Aan al die sterker voorstedelike gemeentes (wat dit nie alreeds doen nie) kom die uitdaging om lidmate met hulle besondere **gawes en vaardighede** aan te moedig om meer by die middestedelike bedieninge

betrokke te raak. Dáár is byvoorbeeld altyd behoefte aan mense met terapeutiese kundigheid (en inderdaad sielkundiges, arbeidsterapeute, mediese dokters, ensovoorts wat sessies in sulke gebiede diens doen), tegniese vaardighede, finansiële kundigheid, ensovoorts.
12.3.5 **Plakkerskampe** is internasionaal 'n ikoon van die hulpbehoewenes. Ons gebied het sy eie kwota daarvan, maar ook sy eie newelagtige "onderbuurte". Volhoubare hulp (in plaas van jaarlikse *"merry-christmas-feel-good-outreaches"*) aan die inwoners van sulke gebiede bly 'n groot uitdaging en 'n wonderlike geleentheid.



## 13. DOOF EN STOM IN 'n SAMELEWING WAT SMAG OM GEHOOR TE WORD? (én mee gepraat te word)

13.1 Miskien sou dit onregverdig wees om die NGK uit te sonder as 'n kerk wat wêreldvreemd geraak het. Inderdaad is dit 'n millennia-oue probleem van die algemene kerk van Jesus Christus om nie vinnig genoeg by die samelewing aan te pas. Die kerk volg gewoonlik op die hakskene van die sakelui of die politici in plaas van om die toon aan te gee en duidelik die rigting te wys wanneer die samelewing die verkeerde koers invoeter. Dit is ook waar van ons kerk. Kom ons wees maar eerlik. Hier gaan dit nie oor die kerk se traagheid om aan te pas by 'n Afrika-konteks of op 'n snelle swart verstedeliking of 'n nog sneller nie-swart ver-voorstedeliking nie. Onder hierdie hofie kyk ons na die tweërlei probleem van die kerk: a) om te weet wanneer en hoe om as deel van die samelewing te beweeg en werk, en b) om te weet wanneer en hoe om standpunt in te neem teenoor die samelewing.
(Lees Francois Smit se artikel oor dié tema: www.getuienis.com).

***'N KERK WAT WÊRELDVREEMD GERAAK HET?***

### 13.2 Bakens van hoop

Die goeie nuus is dat nie al ons gemeentes doof en stom is nie. Daar is baie wat werklik moeite doen om gehoor te word en om werklik na ander te luister.
**13.2.1 NGK Louis Trichardt** verstaan wat dit beteken om onderskeid te maak tussen ons Christelike mandaat en die openbare debat wat ons land se mense polariseer. As gemeente *"is ons tans besig in 'n verhoudingsbouproses met die SAPD en met die munisipaliteit se topbestuur"*. Saam met gevangenes van die plaaslike tronk (waar hulle Sondae dienste hou) neem hulle deel aan 'n kursus oor *Healing en Reconciliation.*

**13.2.2 Meer Gemeenskapsdienste aan bedienaars van die gereg en slagoffers**
13.2.2.1 **NGK Mootvallei** voorsien berading by traumastasies van drie plaaslike SAPD-stasies;
13.2.2.2 **NGK Universiteit** bedien koffie en beskuit aan hulle SAPD-bure *("Op hulle eie inisiatief kom die polisie kerk toe vir 'n halfuur elke oggend")*.
13.2.2.3 **NGK Overkruin**: *"Ons bedryf 'n sopkombuis een keer p/week by die plaaslike brandweer"*.
13.2.2.4 **NGK Valhalla** is baie betrokke by die plaaslike GPS (Gemeenskapspolisiëringsforum.). *"Daar word soms sop en broodjies na polisie geneem"*.

13.2.3 **NGK Waterkloofrif** het netwerke en vennootskappe met besighede in die gemeenskap.
13.2.4 Daar is reeds uitvoeriger berig oor betrokkenheid by **skole en ander inrigtings** (5.2.3).
13.2.5 Hier en daar vind mens gemeentes wat as mede-aktiviste optree in belang van minder-bevoorregtes. (Sien www.getuienis.com vir meer gevallestudies).

### 13.3 Uitdagings en geleenthede

13.3.1 Voorstel: kyk en luister na die video http://www.vergenetwork.org/2012/04/19/michael-frost-how-to-listen-to-your-neighborhood, wys dit vir julle kerkraad en bespreek die praktiese moontlikhede om ook so na julle eie omgewing te luister.
13.3.2 Maak kontak met openbare figure soos die bevelvoerder van die SAPD-stasie, die plaaslike stadsraadslid (ongeag partyverband), die verkeershoof, die skoolhoofde, maatskaplike werkers en andere - en vra hulle waaroor die gemeente vir hulle kan bid – en doen dit dan. Volg dit later op.

13.3.3 Stel iemand in julle gemeente aan met die volgende bedieningstake:
13.3.3.1 **Sosiale Media**: Hierdie lidmaat moet sorg dat julle gemeente begin deel word van die sosiale (digitale) mediawêreld. Die leiers moet gehelp word om onder meer Twitter en Facebook as gereedskap te gebruik in hulle bediening.
13.3.3.2 **Advokasie**: Hierdie lidmaat se taak is om die gemeente te verbind aan veral plaaslike en provinsiale geleenthede om profeties en advokatief by die lot van mense, wat onregverdig behandel word,

betrokke te raak. Ringsgemeentes kan saamspan om in dié sin mekaar te ondersteun. Kreatiewe maniere moet ontwikkel word waarmee gemeentes hulle stem kan laat hoor (sien byvoorbeeld die Clown Brigade se protes tydens die G20-beraad: http://www.youtube.com/watch?v=jfuD8RVbTw4).
13.3.3.3 **Besigheid:** Een groot uitdaging is om ons gemeentes te laat deel in die besigheidswêreld. Ons kan soveel meer bereik as ons 'n klein besigheid bedryf in die hartjie van ons gemeenskap se nood. Ons kan ook ons gemeente se fondse aanvul op dié manier. Daar is soveel besigheidspersone wat smag om die kerk te bedien met hulle gawes.

## 14. ALLERGIES VIR SAMEWERKING MET ANDER?

### 14.1 Saam of apart?

14.1.1 ***"Ons werk op ons eie"*** sê een gemeente eerlik. Die vraelyste wys dat baie gemeentes nie veel weet van wat ander in dieselfde gemeenskap doen nie en in relatiewe isolasie opereer (of glad nie na buite werk nie).
14.1.2 In leierskringe gons dit oor die strewe na (en struikelblokke vir) kerkhereniging. In die pers word sterk standpunte ingeneem – ook tussen lidmaat en lidmaat, maar wat gebeur op grondvlak, waar mense van verskillende kultuurgroepe en kerkgroepe een stad, dorp en distrik deel?
14.1.3 Wat is ons sinode en sy gemeentes se verhouding met groter ekumeniese liggame, wat internasionaal en nasionaal oor koninkryksprioriteite gesels? Min leiers en lidmate is bewus van dit wat in die breër kerklike konteks gebeur, met uitsondering van enkele leiers wat met missionêre skakeling of ekumene getaak is.



*NGK- en VGK-lidmate rig saam 'n kerkgebou op (P.Prozesky)*

14.1.4 Die tragedie van ons wydverspreide afsydigheid is wedersydse verarming, dat ander ledemate van die Liggaam van ons besondere gawes en ervaring ontneem word en ons van hulle s'n.
14.1.5 Die ondersoek dui op heelwat kommerwekkende verskynsels, maar daar is ook baie bewyse van gemeentes wat eenheid en meelewing hoog ag en nie skroom om hulle moue op te rol en daadwerklik saam te werk nie.

***Ons afsydigheid lei tot wedersydse verarming.***

### 14.2 Saam op 'n pad van diensbare eensgesindheid

Voorbeelde van hartlike samewerking neem verskillende gestaltes aan:
14.2.1 **Instansies van ons kerk**, soos CMR, Abraham Kriel en Jakaranda Kinderhuise, tehuise vir bejaardes en ander inrigtings word lojaal ondersteun, met fondse en met praktiese dienswerk.
14.2.3 Daar is talle plaaslike **interkerklike welsynsorganisasies** waarvan NGK-gemeentes medestigters of geedriftige ondersteuners is.
14.2.4 **Vennootskappe met nasionale en internasionale sending- en diensorganisasies** is algemeen, in besonder waar eie lidmate onder dié vaandels in SA of elders in die wêreld werk.
14.2.5 Leraarsbroeder-en susterkringe ("fraternals") is volop. Party konsentreer op verhoudingsbou, ander pak saam projekte aan, soos dié voorbeelde illustreer:
14.2.5.1 **NGK Nylstroon-Oos**: *"Saam met die AGS en VEK raak ons by Global Focus betrokke en inisieer ons 'n "hub" om ons gemeentes missionale gemeentes te maak en saam te werk".*
14.2.5.2 **NGK Koedoeskop**: *"40 Dae Doelgerigte Lewe: saam betrokke met AGS, Hervormers, Geref Kerke en APK. Afsluiting by Thabazimbi – groot geleentheid by skolerugbyveld met besoekende kunstenaar – almal bring piekniekmandjies – getuienis en terugvoer word gegee"*
14.2.5.3 **NGK Pretoria**: *"Noue verbintenis met PEN. Ons is deel van Inner City Faith Community Partnership met VGK Melodi ya Tshwane, International Church of Pretoria. By ons Sunnyside Faith Community werk ons nou saam met die Hope Baptist Church".*
14.2.5.4 **NGK Louis Trichardt**: *"Paasfeesdienste saam met ál die denominasies – afsluiting met Nagmaal. Leraarsforum: al die denominasies op Woensdae".* Meer verhale by www.getuienis.com

**14.2.6 Samewerking binne die NGK-familie:**
14.2.6.1 Verblydend is die groot aantal NGK-gemeentes wat aktief met gemeentes van die NG-kerkfamilie saamwerk, soms via forums, soms direk;
14.2.6.2 Hierin, soos in baie ander gevalle, stel plattelandse en middestadgemeentes dikwels 'n voorbeeld vir baie van die voorstedelike gemeentes;
14.2.6.3 Heelwat gemeentes, veral uit Centurion, werk aktief met RCA Charisma saam (sien SDG-verslag 8.2).
14.2.6.4 Samewerking met die kerkfamilie sluit in:
Gesamentlike dienste by spesiale geleenthede, samewerking aan dienste vir sprekers van Afrika-tale by NGK-gemeentes en bouprojekte. Voorbeelde is
14.2.6.4.1 **NGK Nylstroom-Oos**: *"Ons help die plaaslike VGK met 'n gesubsidieerde lekewerkerspos om uit te reik na die buitekerklikes in die Phagameng-gemeenskap"*
14.2.6.4.2 **NGK Waterberg**: *"Stel 2 bakkies aan VGK beskikbaar om weekliks op plase 30 en 60 km uit die dorp eredienste en Sondagskole te hou. Predikers word toegerus en onderwysers opgelei"*



4.2.7 Die gesamentlike Getuienisforums van die VGK en die NG Kerk verdien spesiale vermelding.
4.2.7.1 *Ds Andries Louw* het kosbare hulp aan die soort forums verskaf vanuit die kantoor wat vir dié doel in die lewe geroep is deur die NGK se Oostelike- en Noordelike Sinodes en VGK Noord-Transvaal, tot met sy aftrede en die sluiting van die Sinodale Getuienisforum.
14.2.7.2 **Limpopo-Wes Evangelisasieforum** bestaan uit VGK-gemeentes Seleka, Limpopo, Waterberg en Relebogile (uit Ring van Potgietersrus/Mokopane) en NGK-gemeentes Marken, Koedoesrand (Ring van Piet Potgietersrus), asook Albertyn en Ellisras Wes (Ring van Waterberg).
14.2.7.3 **Kwena Getuienisforum** bestaan uit VGK Ring van Saulspoort, 'n paar gemeentes uit die Ring van Brits, en NGK Ring van Northam, gemeentes uit Ring van Brits en NGK Delareyville.
14.2.7.4 **Judea Getuienisforum** bestaan uit VGK-gemeentes Mokopane, Mokopane-Central, Bakenberg, Mookgopong, Zebediela en NGK-gemeentes Pietpotgietersrus, Potgietersrus-Oos en Hulp en Hoop-Gemeenskapskerk.
14.2.7.5 Die **fokuspunte** van Judea Getuienisforum som die algemene werksaamhede van Getuienisforums goed op:
14.2.7.5.1 Bou van verhoudings tussen lidmate, kerkrade en ander kerklike strukture en vergaderings om effektiewe bedieninge aan te moedig.
14.2.7.5.2 Toerusting van lidmate, kerkrade en ander kerklike strukture en vergaderings deur werkwinkels, kampe, eredienste, uitreike of ander moontlike geleenthede te organiseer en op te tree.
14.2.7.5.3 Die ondersteuning van gemeentes en ander kerklike strukture en vergaderings om waar moontlik met die verbetering van infrastruktuur behulpsaam te wees.
14.2.7.6 Sien www.getuienis.com vir meer inligting, artikels, kaarte, foto's en skakels, ens.

## 14.3 Uitdagings en geleenthede

14.3.1 **NGK Pretoria-Oos** skryf: *"Vir die gemeente bied die organisasies wat reeds in die gemeenskap werk en wat die gemeenskap en sy behoeftes ken, 'n geleentheid om mee saam te werk. Ons wil nie graag die wiel herontwerp nie, want organisasies met die nodige kennis en ervaring bestaan reeds. Die gemeente wil eerder sy mannekrag en ander bronne gebruik om bestaande organisasies te versterk".* Hierop sê die diensrade: "Amen". Dink oor watter geleenthede dit vir julle gemeente bied.
14.3.2 **NGK Nylstroom-Oos** sien as 'n uitdaging: *"Gekoördineerde samewerking tussen gemeentes en NGO's om 'n groter impak te maak".*
14.3.3 Die vraag word soms gevra, of NGK-lidmate en leiers werklik met VGK-mense **SAAM-werk**, en of hulle steeds op 'n paternalistiese wyse met hulle omgaan. Daarom is dit verblydend om te lees in die verslag van die Limpopo-Wes Getuienisforum – en dit as uitdaging aan ons almal te stel:
*"Die doelwit van die forum is om te fokus op prosesse wat onderlinge verhoudings verder bou en eienaarskap en deelname bevorder. In die nastreef van hierdie doelwit word gelykheid nagestreef tussen alle groepe en antwoorde gegee op uitdagings wat gemeentes in die gesig staar en op sosiale vraagstukke. In die soeke na antwoorde word nie net die lede van die forum betrek nie maar ook ander vennote uit ander kerkgroepe en sosiale verbande".*

14.3.4 Dit wil egter soms voorkom asof NGK-leiers dit nog moeilik vind om in te skakel by enige aksie waarin ons nie 'n leiersrol speel nie, of wat ons nie self gestig of help stig het nie.

14.3.4.1 Die verslae vertel van aksies wat deur NGK-gemeentes in die lewe geroep is, terwyl daar reeds ander soortgelyke aksies bestaan, en van verskillende kerke wat dieselfde soort werk doen.
14.3.4.2 Daar is min voorbeelde van NGK-lidmate wat by aksies inskakel wat deur die VGK of ander inheemse Afrika-organisasies gestig is of gelei word – die enkele uitsonderings is in dié lig verblydend.
14.3.4.3 Om effens terug te staan, ander te laat lei, en meer op KUNDIGE DIENSLEWERING te konsentreer, is 'n kosbare uitdaging – en 'n waardevolle geleentheid om verryk te word.

14.3.5 Wat ook besorgdheid wek, is die lae vlak van belangstelling in, en betrokkenheid by, groter kerklike netwerke, wat deur die inisiatief van ander gedryf word. Hier kan ons spesifiek verwys na WENSA (www.wensa.org.za) en MANI (www.maniafrica.com) (Sien ook www.getuienis.com).
14.3.6 Verkry en bestudeer *Cape Town 2010 (Lausanne III)* se dokument ***"The Cape Town Commitment"*** (www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html), waaraan gelowiges van alle wêrelddele saamgewerk het, en neem kennis hoe daar globaal gedink word oor baie van die sake waaroor ons ook dink (of nie dink nie), soos aanbeveel word deur die Algemene Sinode se Ekumene-verslag.

## 15. KWESBARE MAAR STANDVASTIGE BRUGBOUERS

15.1 Die ondersoek is nog nie naastenby volledig genoeg gedoen nie, en SDG is van plan om dit op te volg en aan te vul. Dit is egter reeds duidelik dat daar waarskynlik baie méér wonderlike dinge gebeur vanuit die geledere van ons gemeentes as wat ons kan droom.
15.1.1 Dit is egter net so duidelik dat daar baie gapings bestaan waar ons kerk oor die algemeen te min betrokke is (of nie genoeg erkenning en ondersteuning gee aan dié wat wel daarmee besig is nie).
15.1.2 Dit is ook duidelik dat daar baie gemeentes met groot potensiaal is, wat, ten koste van hulleself en die gemeenskap, hulle gawes terughou.

***Die ondersoek is nog nie naastenby volledig genoeg gedoen nie.***

15.2 Een van die vrae wat ons moet opvolg is dié na lidmate se persoonlike bedieninge van dag tot dag. Wat ons wel hoor, maak mens opgewonde oor duisende onvertelde stories.
15.2.1 'n Meer doelgerigte poging om by lidmate te leer rakende hulle leefwêreld, en hulle beter toe te rus en te bemagtig, is nodig.
15.2.2 Wêreldwyd is daar 'n sug na 'n terugkeer na "outentieke Bybelse dissipelskap". Die NGK en ons "kliënte" kan ook daarby baat.


15.3 Daar is sover min gesê oor ons buitelandse gemeentes (van wie ons min terugvoer ontvang het). Wat ons wel gehoor het, byvoorbeeld uit Brittanje en Zimbabwe, maak mens opgewonde oor die rol wat hierdie "eiland-gemeentes" speel in hulle eie konteks.

15.4 Daar is 'n kommer en vermoede dat die NGK hom stelselmatig losmaak van Afrika en die wyer wêreld. Genadiglik is dit nie waar nie, alhoewel daar wydverspreide onkunde en afsydigheid bestaan oor wat buite ons eie dampkring gebeur. Daar kan voortgebou word op dit wat reeds bestaan, sodat ons kan bewys en ervaar dat ons werklik deel van ons eie vasteland en die globale Liggaam is.

15.5 In die inleiding tot die SDG-verslag word erkenning gegee aan sleutelspelers. Hier wil ons dit aanvul met erkenning aan die "Gideonsbendes" en visionêre enkelinge wat met heilige passie en geesdriftige toewyding brûe bou en in stand hou – soms na die mees miskende randfigure en gemeenskappe. Dit neem soms jare voordat ander raaksien watter waarde hulle werk bydra. Sterkte!

***HOU DIE PERS DOP!***

15.6 Op die webwerf sal ons DV baie ander fasette vanuit die ondersoek aan die orde stel (byvoorbeeld die wyse waarop die NGK waardevolle menslike hulpbronne aan vennote beskikbaar stel, hande neem met ander bedienaars, oortollige geboue in diens van ander koninkryk-aksies stel, die rol van vroue in die informele kant van kerkwees, en baie meer – hou die pers ("Verskil"-nuusbrief) dop!



*Erkenning: Lyntekeninge by hoofstukke 5 en 8 kom uit "Fat-Free Clipart" © Ron Wheeler, en word gebruik in ooreenstemming met voorwaardes vir nie-winsgewende kerklike gebruik. Foto by hoofstuk 9 met erkenning aan © Chris Martin Bahr / WWF-Canon http://www.wwf.org.hk. Alle ander foto's wat nie enige erkenning aandui nie, is geneem deur lede-bydraers tot die verslae.*

# VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENSKAPSBETROKKENHEID


Hierdie verslag fokus op sekere prioriteite wat deur die SDGB as kritiese sake op die kerk se agenda vir gemeenskapsbetrokkenheid geïdentifiseer is. Hierdie agenda word onder andere bepaal deur dit wat uit die werksaamhede van gemeentes en diensorganisasies blyk. Op voetsoolvlak is dit gemeentes en diensorganisasies wat die nood die beste verstaan en hierdie verslag is 'n poging om die werksaamhede binne die gebied van die Noordelike Sinode weer te gee asook om sekere tendense aan te toon. Die veronderstelling is ook dat hierdie geïdentifiseerde prioriteite deur taakgroepe van die Sinode aangespreek word en werksaamhede gekoördineer word. Die hoop word uitgespreek dat hierdie verslag gemeentes opnuut sal inspireer om hulleself te verstaan as kerk ter wille van die gemeenskap.

Die verslag word volgens die volgende geïdentifiseerde prioriteite aangebied:
- Armoedeverligting
- Bediening aan siekes en gestremdes
- Substansafhanklikheid en trauma
- Bediening aan verwaarloosde kinders, gebroke gesinne en gemarginaliseerdes
- Bediening aan bejaardes
- Ekologie
- Zimbabwe

Alhoewel die diensorganisasies wat in vennootskap met die kerk funksioneer op meer as een van bogenoemde terreine diens lewer, gaan die diensorganisasies telkens ter sprake kom op die terrein wat hulle hoof fokusarea is.

## 1. ARMOEDE

*1. Volgens die Verenigde Nasies se skatting het die wêreldbevolking verlede jaar (Okt 2011) die 7 biljoen merk oorskry. Wêreldbank statistiek (sien grafiek) van 2005 beweer dat bykans 80% van die wêreld se bevolking met minder as $10 per dag moet klaarkom. Dit is ongeveer R2 500 per maand. Helfte van die wêreld se bevolking het egter gemiddeld net ongeveer R800 per maand om van te leef. Dit is min of meer gelykstaande aan die rekening as vier mense gaan uiteet. Daar is darem nie net slegte nuus nie. Die Wêreldbank se monitering van uiterste armoede (verdienste van minder as $1.25 per dag ) toon aan dat sedert 1990 die persentasie mense wat in uiterste armoede leef, besig is om af te neem. Gemeet aan die wêreldbevolking is dit egter 'n geweldige hoeveelheid mense. Vandag is dit bykans 1.3 biljoen mense wat in uiterste armoede leef, waarvan ongeveer 'n 1/3 in Sub-Sahara Afrika woon. Die afname van uiterste armoede vind by verre die stadigste plaas in Sub-Sahara Afrika. 'n Vergelyking met die ander ontwikkelende wêrelddele toon aan dat uiterste armoede gedurende die tydperk tussen 1990 tot 2008 in Sub-Sahara Afrika slegs met 9% van die bevolking afgeneem het in vergelyking met baie hoër persentasies in die ander ontwikkelende wêrelddele. In ander ontwikkelende wêrelddele het hierdie persentasies byna gehalveer.



PERSENTASIE VAN DIE BEVOLKING VAN ONTWIKKELENDE LANDE WAT IN UITERSTE ARMOEDE LEEF. (MINDER AS $1.25 PER DAG).

| WÊRELDDEEL | % VAN BEVOLKING 1990 | AANTAL MENSE 1990 | % VAN BEVOLKING 2008 | AANTAL MENSE 2008 |
|---|---|---|---|---|
| OOS-ASIË | 56.2 | 926,4 MILJ | 14.3 | 284.4MILJ |
| CHINA | 60.2 | 683.2 MILJ | 13.1 | 173.0 MILJ |
| OOS EUROPA/SENTRAAL ASIË | 1.9 | 8.9 MILJ | 0.5 | 2.2 MILJ |
| SUID AMERIKA | 12.2 | 53.4 MILJ | 6.5 | 36.8 MILJ |
| MIDDE-OOSTE EN NOOD-AFRIKA | 5.8 | 13.0 MILJ | 2.7 | 8.6 MILJ |
| SUID-ASIË | 53.8 | 617.3 MILJ | 36.0 | 570.9 MILJ |
| SUB-SAHARA AFRIKA | 56.5 | 289.7 MILJ | 47.5 | 386.0 MILJ |
| TOTAAL | 43.1 | 1908.6 | 22.4 | 1289.0 MILJ |

*2. Die feit dat Afrika baie swakker presteer, hou verband met verskeie faktore. Van die belangrikste faktore waarop literatuur fokus, is die volgende:

- Historiese faktore wat verband hou met koloniale uitbuiting
- Swak regering en korrupsie
- Volgehoue politieke konflik en oorlog
- Onoordeelkundige investeringsbeleid van ontwikkelde lande en finansiële instellings
- Swak infrastruktuur en opvoeding, wanvoeding en gesondheid.

*3. Die lys kan nog verleng word en die oorsake gedebatteer word maar die feit bly staan: Afrika is die armste kontinent ten spyte van 'n rykdom aan hulpbronne. Die hartseer van die verhaal oor armoede is egter nie dat geld te min is nie maar eerder 'n geval van geld wat verkeerd bestee word. 'n Interessante oorsig oor bestedingstendense toon aan dat besteding op armoedeverligting 'n lae prioriteit geniet.

*4. Die jongste aanduidings is dat Suid -Afrika se bevolking nou die 50-miljoen kerf bereik het. Die getal onwettige immigrante is moeilik om te bepaal maar daar is ontleders wat onwettige immigrante in Suid-Afrika op meer as 5 miljoen mense skat waarvan sowat 3 miljoen uit Zimbabwe kom. Suid-Afrika het die grootste aantal asielsoekers in die wêreld. In die laaste amptelike dokument oor armoede wat in 2002 deur Statistiek Suid-Afrika gepubliseer is, is armoede gemeet aan 'n standaard (broodlyn) van R800 per maand, per huishouding. Volgens hierdie meting het 28.5% van alle huishoudings in Suid-Afrika onder die broodlyn geleef. Wanneer die algemene standaard van $1.25 per capita egter aangewend word, styg die persone in Suid-Afrika wat onder die broodlyn leef tot 48,4%.

*5. Nog 'n belangrike insig in die sosio-ekonomiese omstandighede in ons land is die feit dat Suid-Afrika ook oor baie rykes beskik. Dit is algemeen bekend dat die gaping tussen ryk en arm van al die wêreldlande in Suid-Afrika die grootste is. Hier word dus ook baie bestee en geld is beskikbaar. Statistiek van 2002 het aangetoon dat die munisipale gebiede van Pietersburg en Pretoria onderskeidelik die eerste en derde posisie beklee het ten opsigte van per capita besteding. Selfs Soutpansberg het onder die top vyf munisipale gebiede geval. Hoe hierdie statistiek oor die afgelope 10 jaar verander het, is nog nie duidelik nie.

**Afrika bestee gemiddeld $18biljoen aan oorlog per jaar. Europe bestee $11biljoen op roomys, $50biljoen op sigarette en $105 biljoen op alkohol per jaar. Wêreldwyd word $400biljoen op dwelms en $780 biljoen op militêre instellings bestee.**
http://www.globalissues.org

*6. Die omvang van die armoedeprobleem blyk duidelik uit die terugvoer van gemeentes. By twee padberade rondom gemeenskapsbetrokkenheid wat deur die SDGB aangebied is, is die saak van armoede ook duidelik op die tafel geplaas. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die SDGB in samewerking met PEN twee armoedekonferensies aangebied het. Hierdie konferensies val deesdae saam met PEN se SiCiLi konferensie en word vanjaar in Augustus weer aangebied.

*7. Daar is nie 'n enkele gemeente wat nie op die een of ander wyse by armoedeverligting betrokke is nie. Die volgende bied 'n samevatting van wat die gemeentes doen op die terrein van armoedeverligting.

## 1.1 Gemeentes se betrokkenheid by armoedeverligting

### 1.1.1 Kos- en klerevoorsiening

Byna elke gemeente het een of ander projek waarin kos en klere aan mense voorsien word. Hierdie projekte wissel van die voorbereiding en verskaffing van etes tot die voorsiening van kospakkies aan mense in nood. Die kosprojekte word in die meeste gevalle ook gesien as 'n manier van uitreik na nie-lidmate. Daar is gemeentes wat uitreik na plakkerskampe in hulle omgewing, of na skole waar kinders gevoed word. Die gemeentes in Limpopo berig almal dat die probleem van onwettige immigrante ook 'n appèl op hulle kerkwees maak. Uitreik met woord en brood vind in al die dorpe en stede op die N1-korridor plaas.

### 1.1.2 Plakkerskampe

Plakkerskampe bied 'n baie besondere uitdaging aan gemeentes. In die Kameeldrift-omgewing reik die gemeente uit na plakkerskampe deur die NWO Kamcare wat vanuit die gemeente se bediening ontwikkel het. Florauna gemeente neem die inisiatief rondom uitreik na Soshanguve en Pretoria -Noord. Die bedieningsmodel van Florauna is veral sinvol aangesien hulle by reeds bestaande projekte aansluit om die projekte te bemagtig.

### 1.1.3 Skole

Skole bied vir baie gemeentes 'n uitreikgeleentheid. Die omvang van armoede blyk duidelik in die verskynsel van honger kinders by die skole. Skole in plakkerskampe, dorpe en voorstede word bedien deur kospakkies te versprei. Gemeentes soos Booysen, Dwaalboom en Daspoort het pragtige inisiatiewe in hierdie verband. Rustenburg Moedergemeente het 'n besondere projek waarmee hulle na kinders in nood uitgereik. Hulle is tans besig om hierdie projekte in 'n Nie-Wins Organisasie (NWO) te organiseer.(Vision of Hope Foundation).

### 1.1.4 Armoede onder lidmate

*1. Gemeentes word al hoe meer gekonfronteer met die feit dat aktiewe en betrokke lidmate nie meer in staat is om kop bo water te hou nie. Die druk op sekere gemeentes is groot deurdat hulp verleen moet word ten opsigte van lidmate se basiese uitgawes soos munisipale rekeninge, mediese onkostes en skoolfonds (Blouberg, Pretoria Tuine). Kospakkies word op gereelde basis aan talle lidmate veral in die middestedelike gebiede verskaf. Sommige gemeentes het betrokke geraak by Solidariteit se projek "Helpende Hand" en bring opnuut die probleem van "blanke armoede" onder ons aandag.
*2. Verskeie voorstedelike gemeentes (Bergtuin, Groenkloof, Reeds, Haakdoorn) het aangedui dat hulle by "Doulos" , Sonskyn en Javes (sogenaamde wit plakkerskampe) betrokke is. Voorstedelike gemeentes berig ook oor die sogenaamde "stil armoede" probleem. Lidmate wat nie meer in staat is om lopende uitgawes te delg nie verkeer in 'n krisis. Die newe-effek hiervan is verdere sosiale probleme soos alkoholmisbruik en gesinsgeweld. Ook emosionele en verhoudingsprobleme neem toe as gevolg van finansiële probleme.
*3. Armoede is hoog op die agenda van gemeentes en daar word daadwerklik gepoog om iets aan hierdie probleem te doen. Dit is duidelik dat gemeentes in die lig van hierdie probleem al hoe meer gemeenskapsgerig bedien en nuut oor die roeping van kerkwees dink. Met vrymoedigheid kan beweer word dat die gemeentes van die Noordelike Sinode inderdaad 'n verskil maak as dit by die kwessie van armoede kom.

## 1.2 Diensorganisasies wat by armoedeverligting betrokke is

*1. 'n Baie positiewe tendens het sedert die vorige sinodesitting ontwikkel. Al hoe meer gemeentes verstaan hulle roeping in terme van gemeenskapsgerigte bediening en in die proses het nuwe NWO's deur middel van gemeentebediening tot stand gekom. Hierdie geloofsgebaseerde organisasies ontstaan naas gemeentes en ontwikkel as kosbare bedieningsvennote en diensverskaffers van/aan die kerk. Dit is 'n nuwe gedaante van kerkwees wat baie beslis 'n legitimiteit aan ons kerkwees verleen en gemeentelede uitdaag om meer betrokke te raak. Dikwels bied kerklike strukture nie altyd die geleentheid vir betrokkenheid nie maar NWO's as bedieningsinstrumente van die kerk gryp lidmate se verbeelding aan en motiveer hulle tot diensbaarheid. Die sukses van hierdie bedienings is die feit dat dit projekgedrewe is en aan lidmate die geleentheid bied om direk by nood betrokke te raak.

**Ons berig oor nuwe NWO's wat die afgelope tyd uit verskillende gemeentes se gemeentebediening ontwikkel het.**

*2. In hierdie verslag word daar oor nuwe NWO's gerapporteer wat nog nie in die vorige sinodeverslag verskyn het nie. Met dankbaarheid word ook kennis geneem van die feit dat die ander meer bekende NWO's ook almal nog goed funksioneer. Die werk van die vennote word in 'n bylaag meer breedvoerig bekendge-

stel en uitstallings word ook tydens die Sinode gedoen. Ons neem met groot dank kennis van die werk van ons bedieningsvennote,

**1.2.1 Kamcare**
Kamcare ('n artikel 21-maatskappy) het uit die NG Kerk Kameeldrif ontstaan om die behoefte aan terapeutiese dienste na aanleiding van die hoë voorkoms van misdaad in die omgewing, sowel as die oorsake van misdaad, aan te spreek. Armoedeverligting bly een van die hooffokusareas van die bediening. Die organisasie wil help om 'n gesonde gemeenskap op 'n volhoubare manier te ontwikkel en om opleiding te verskaf wat mense in staat stel om hulleself te bemagtig. Dit word gedoen deur 5 sentrums:
• Wellness Centre – terapeutiese dienste
• Kinderontwikkelingsentrum – naskool, vakansieprogram
• Gemeenskapsontwikkelingsentrum – kos, klere, komberse, sonpanele in die plakkerskamp, ondersteuning van ander sorg-organisasies
• Opleidingsentrum – besigheidsvaardighede, leierskapsvaardighede, naaldwerkvaardighede, huishulp opleiding, finansiële opleiding, ouerleiding, huweliksvoorbereiding, informele predikantopleiding, NPO opleiding.
• Besigheidsondersteuning sentrum – ondersteuning van nuwe entrepreneurs, spanbou, visionering ensovoorts.

**1.2.2 Moot Care**
*1. Ongeveer 10 jaar gelede het "Brood vir Nood" as gemeenskapsprojek ontstaan deur 'n inisiatief van die NG Gemeente Rietfontein-Suid. Met die groei van die projek het dit 'n ringsprojek geword van die ring van Villieria. Oor jare het projekte uitgebrei na voedsel, klere, polisie-ondersteuningsdiens, krisissentrum en hospitaaldienste. Om veral te fokus op werksoekers is 'n nuwe projek bekend as Jakob se Put gestig. Die Ring van Sentraalmoot het egter die behoefte geïdentifiseer om 'n groeiende nood in die Mootgemeenskap beter en meer effektief aan te spreek. Daar is besluit om 'n Sentrum van Hoop te stig. Die Noordelike Sinode het 'n groot rol gespeel deur dit finansieel moontlik te maak om Moot Care sentrum te stig. Moot Care Sentrum is op 28 Junie 2010 gestig.
*2. Moot Care sentrum lewer gemeenskapsdienste wat tot opbou en ontwikkeling van die gemeenskap bydra. Dit sluit in: om armoede te bekamp, om persone wat verskillende vorms van nood ervaar, te ondersteun en om familiestabiliteit te bevorder. Dit doen Moot Care deur berading, toerusting en opleiding, voedselskemas, klereprojekte, werkskeppingsprojekte, hospitaal- en traumaspanne, opheffing van werksoekers, enkelouer-ondersteuning en netwerke met ander NWO's in die Moot.

**1.2.3 Vision of Hope Foundation**
*1. Vision of Hope is 'n nie-winsgewende organisasie, tans in die proses van registrasie, wat Rustenburg en omliggende gebiede bedien. Die organisasie is geaffilieer met NG Rustenburg- Moedergemeente. Vision of Hope poog om veral minderbevoorregte kinders in agtergeblewe gemeenskappe hoop te gee deur hul maatskaplike funksionering en menswees te verbeter. Hulle werk behels bemagtiging deur onder andere opvoeding, aanleer van lewensvaardighede en voedselvoorsiening. Voedselvoorsiening word by veral twee skole gedoen, te wete Laerskool Rustenburg en Vuka Farm School.
*2. 'n Kinderweek, gerig op laerskoolkinders, word tydens die Julie vakansie aangebied. In 2011 het 360 kinders die week bygewoon. Vision of Hope bied ook verskeie kampe vir laerskoolkinders aan. Met hierdie kampe word daar gefokus op waardes en lewensvaardighede. Een van die projekte wat verder uitgelig kan word is dansterapie met gestremdes wat weekliks aangebied word.
*3. Afgesien van die werk onder kinders is daar ook 'n projek bekend as "180°". Hierdie projek behels die voorkoming, rehabilitasie en nasorg van verslaafdes. Met al die projekte is hande gevat met CMR Rustenburg. Verdere besonderhede kan gekry word by www.visionofhopefoundation.com

**1.2.4 Judea Getuienisforum**
*1. Die Judea Getuienisforum (JGF) het sy ontstaan in die laat 1990's gehad. Daar was 'n behoefte aan samewerking tussen die NG Kerk en die VG Kerk nadat amptelike bande verbreek is. Die NG Kerk se Ring van Pietpotgietersrus het die leiding geneem en die verhouding tussen die twee kerke binne die Judea Getuienisforum saamgebind. Die eerste grondwet is gedurende 2001 aanvaar met die NG Kerk en VG Kerk as gelyke vennote.
*2. Die JGF se eerste prioriteit is die bou van verhoudinge tussen lidmate van die twee kerke. Die behoefte aan toerusting en opleiding by die VGK het daartoe gelei dat werkwinkels, kampe en uitreike gehou word in 'n poging om die lidmate van die VGK toe te rus. Daar is ook 'n behoefte aan ondersteuning aan die VGK, waar groot armoede heers, daarom het die JGF begin om kerkgeboue te help bou, ander te voltooi en verskeie ander is herstel. Dieselfde behoeftes is ook binne die gemeenskappe waarbinne die VGK werk geïdentifiseer en daarom het die JGF betrokke geraak by verskeie sentrums vir gestremdes asook by kwesbare kinders.

*3. Aangesien armoede een van die groot probleme in die plaaslike gemeenskappe is, het die ondersteuning van JGF op verskeie gebiede die enigste manier geword waar die sentrums binne die gemeenskappe ondersteun word. In samewerking met ander organisasies word die sentrums van kos, klere, gas, ensovoorts voorsien. Die beeld van samewerking tussen die NG Kerk en VG Kerk bevorder die aanvaarding van die JGF binne die gemeenskappe.

### 1.2.5 Hulp in Elke Behoefte (HIEB)

*1. HIEB is 'n interkerklike Christelike organisasie wat homself ten doel stel om mense binne die Polokwane gemeenskap, wat nie 'n menswaardige bestaan kan voer nie, by te staan in 'n proses om hul potensiaal te ontgin en te ontwikkel. Dit het as 'n voedingskema reeds in 1987 begin toe 'n enkele familie die roeping gevoel het om kospakkies en soms selfs oornagfasiliteite aan straat mense van Polokwane te verskaf. In 2001 het nog 'n barmhartigheid Samaritan 'n erf beskikbaar gestel waarop hout huise opgerig kon word om aan werkloses mense bemusing te verskaf.
*2. In 2007 is hierdie plek van Hoop op Hoewe 16 te Dalmada gevestig. In dieselfde jaar is HIEB as artikel 21 maatskappy gestig. HIEB fokus veral op behuising, klerasie en voeding vir enkellopende vroue, vroue met kinders en gesinne. Aan hulle word 'n veilige omgewing verskaf asook geestelike en maatskaplike dienste. Verder stel hulle persone met potensiaal, wat graag wil leer en bereid is om te werk, aan 'n doelgerigte lewe voor. Pietersburg-Noord gemeente en met name ds Hannes Bezuidenhout is veral by die projek betrokke.

## 2. BEDIENING AAN SIEKES, GESTREMDES EN SUBSTANSAFHANKLIKES

## 2.1 Die groot MIV/vigs uitdaging

*1. Bediening aan siek persone is 'n vanselfsprekende deel van die ampsbediening van gemeentes. Siekepastoraat geniet prioriteit in byna al die gemeentes van die Noordelike Sinode. Die NG kerk is egter onlangs gekonfronteer met die vraag na ons betrokkenheid by die MIV/Vigs pandemie. In die media is die kerk selfs beskuldig dat ons niks doen nie. Uit die verslae van die kerk se bedieningsvennote soos CMR, PEN en HospiVisie blyk dit dat daar omvangryke betrokkenheid is, maar op gemeentevlak is dit grootliks die geval dat meeste lidmate MIV/vigs moontlik nie as 'n probleem ervaar nie. Die MIV/vigs probleem raak die meeste van ons lidmate nie direk nie en daarom verskyn dit nie op agendas nie.
*2. Die Noordelike Sinode het reeds die eerste tree gegee om hierdie probleem aan te spreek deur die stigting van 'n Vigsforum onder leiding van die inisiatief van dr Hannes van der Walt. Hierdie forum het ten doel om fondse, geoormerk vir die saak van vigs, te bestuur asook om die Sinode rondom hierdie aangeleentheid te adviseer. Vanuit die forum word aansoeke vir buitelandse befondsing ten opsigte van vigsprojekte gekoördineer. Die Forum skakel direk met NWO's soos CMR, PEN en HospiVisie wat vigsverwante projekte bedryf.
*3. Die SDGB het reeds die probleem van veral vigsweeskinders as 'n belangrike prioriteit geïdentifiseer en berig graag oor 'n baie besondere projek wat in die vooruitsig gestel word, naamlik die *Nommer Asseblief* Projek.

**Nommer Asseblief – ons gaan help met die vigs pandemie!**

*4. Met 'n krisis van 1,5 miljoen vigsweeskinders in ons land, is hierdie 'n ongelooflike geleentheid vir die kerk om 'n direkte verskil te maak in die toekoms van ons land. Die NG Kerk het ongeveer 'n miljoen belydende lidmate, in meer as 'n duisend gemeentes. Ons behoort met 'n kreatiewe plan hierdie uitdaging te kan aanspreek.
*5. Die plan behels dat kinders in krisis deur middel van 'n databasis deur selfoonkontak verbind word met iemand wat hulp kan verleen. Hulpgewende organisasies soos PEN en ander wat graag wil inskakel, sal direk verantwoordelik wees om kinders se behoeftes per databasis te dokumenteer en individuele kinders te koppel aan gemeentelede wat bereid is om by 'n kind se versorging betrokke te raak. Die doel van die projek is om die sosio-ekonomiese behoeftes van weerlose kinders binne die gebied van die Noordelike Sinode aan te spreek, met 'n fokus op kinders wat alleen vir die bestuur van 'n huishouding verantwoordelik is. Die doelwitte van die projek is soos volg:

- Identifiseer die kinders, asook die behoeftes van kinders wat alleen verantwoordelik is vir huishoudings
- Ontwikkel 'n databasis wat die gesondheidsnood, opvoedkundige nood, psigo-sosiale nood en geestelike nood van 'n kind kan dokumenteer.
- Ontwikkel 'n verwysingsisteem wat verseker dat al bogenoemde behoeftes aangespreek kan word
- Bou plaaslike netwerke en vennootskappe met gemeentes en organisasies wat saam hierdie uitdaging kan aanspreek
- Ontwikkel 'n ondersteuningsnetwerk wat gemeentelede en individue in staat kan stel om persoonlik by 'n spesifieke kind betrokke te raak.

*6. Tans is die vennote in hierdie groot droom PEN, FPD (Foundation for Professional Development) en die Noordelike Sinode. Saam droom ons om die krisis van 'n groterwordende getal weeskinders in ons land een

kind op 'n slag aan te spreek. Die NG Kerk, en spesifiek die Noordelike Sinode, beskik oor die potensiaal van duisende mense wat 'n hart het om die lot van weeskinders te verlig. Hierdie projek sal dit vir gemeentelede prakties en maklik maak om in jou huis te sit en nogtans 'n weeskind se lewe te verander.

## 2.2 Bediening in hospitale

Hospitale is plekke van hoop en genesing, maar ook van pyn, onsekerheid en verlies. Die kerk het geen keuse as om daar teenwoordig te wees nie. Afgesien van ampsbediening waar veral lidmate deur gemeentes besoek word, is HospiVisie die Noordelike Sinode se uitreik vennoot in hospitale. 'n Organisasie wat die kerk se teenwoordigheid in hospitale op 'n besondere wyse legitimeer en die kerk voortdurend bewus maak van die appèl wat siek mense op ons maak.

### 2.2.1 Hospivisie

*1. HospiVisie het ontstaan gedurende die uitfasering van die hospitaalleraarspos by die destydse HF Verwoerd Hospitaal in die tydperk 1996-1997. Dit was gou duidelik dat die NG Gemeente Riviera en die Ring van Eloffsdal nie in staat sou wees om die pos van 'n voltydse hospitaalleraar te dra nie. Die Ring het 'n Hospitaalbedieningskommissie in die lewe geroep om die bestaande bediening te ondersteun en die saak te ondersoek. Die Sinode het steeds ondersteuning gebied deur die pos van die sekretaresse te befonds. Die uiteinde van die proses was dat hospitaalbediening as 'n ringsaksie goedgekeur is. HospiVisie as organisasie het hieruit ontstaan en is in 1999 as nie- winsgewende organisasie geregistreer. Die Noordelike Sinode, Ring van Sentraalmoot en die Riviera-Jakaranda gemeente is steeds ten nouste betrokke.
*2. By HospiVisie word 'n verskeidenheid geleenthede benut om God se liefde in hospitale te deel en so die Koninkryk ook daar te vestig. Wanneer mense in situasies beland waar daar vrae is wat nie altyd beantwoord kan word nie, kan hulle Jesus ervaar deur die teenwoordigheid van 'n medemens. HospiVisie is dus 'n natuurlike en onontbeerlike deel van die hospitaal omgewing. Hulle bring hoop en genesing deur geestelike sorg en berading aan pasiënte, families en personeel. Hulle reik spesifiek uit na kwesbare groepe soos kinders en mense wat leef met MIV en VIGS. Opleiding om in die moderne gesondheidsorg omgewing te werk, is veral deel van hulle kernbesigheid.

### 2.2.2 Weskoppies Hospitaal

*1. Weskoppies Hospitaal is 'n psigiatriese hospitaal van die staat wat die hele binnelandse gebied van ons Noordelike Sinode bedien. 12 500 persone word jaarliks deur die hospitaal behandel. Wespoort Gemeente is die geestelike tuiste van waar die bediening in Weskoppies onderneem word, terwyl die Noordelike Sinode die bediening in samewerking met Weskoppies Hospitaal finansieel ondersteun. Omgee- en vriendskapsgroepe uit gemeentes is as lede van "Vriende van Weskoppies", 'n geregistreerde NWO, by verskeie sale betrokke. Die gemeentes is: Wierda Park, Eldoraigne, Valhalla, Valhalla-Suid, Wespoort, Quaggapoort, Wesmoot, Magalieskruin, Pierre van Ryneveld, Olifantsfontein, Florandia, Raslouw en Oosterlig.
*2. Naas NG Gemeentes, is daar ook betrokkenheid vanuit ander kerke: Die Methodiste Gemeente van Bryanston, Brooklyn en Valley Methodiste gemeentes, asook Pretoria Community Ministries is betrokke. Ds Pieter de Wet behartig die pastorale begeleiding van pasiënte en die SDGB is besonder dankbaar vir die toewyding waarmee hy daar bedien.

## 2.3 TOIBO

*1. Die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys koördineer die kerklike betrokkenheid by vyf skole vir leerders met spesiale behoeftes. Die skole is
- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes (Bloemfontein)
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes
- Transoranje-skool vir Dowes
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid.

*2. Die Instituut is op 13 Maart 1947 gestig met die hoofdoel om 'n skool vir dowes in die noorde van die land te vestig. Die Transoranje Skool vir Dowes is op 16 Augustus 1954 geopen. Die Noordelike Sinode (toe nog as deel van die NG Kerk van Transvaal, is 'n stigterslid.
*3. Die hoofdoel van die Instituut is om fondse te vind wat hoofsaaklik vir die skole se bedryfsbegrotings aangewend word.
*4. Meer inligting oor die Instituut en oor die vyf skole kan op die webblad www.toibo.org.za gekry word.

# 3. SUBSTANSAFHANKLIKHEID EN TRAUMA

*1. Substansafhanklikheid bly een van Suid-Afrika se grootste sosiale probleme. Na raming kos alkoholmisbruik die land R38 miljard per jaar. 'n Opname onder sewentienjarige seuns het aangetoon aan dat 50%

reeds gereeld alkohol gebruik voordat hulle die wettige ouderdomsperk van 18 bereik. In die geval van dogters is dit ongeveer 35%.

*2. Die impak van dwelmmisbruik is waarskynlik nog groter. Suid -Afrika se dwelmmisbruik is dubbeld die wêreldgemiddeld en die verband tussen dwelmmisbruik en misdaad is duidelik. Baie sinlose geweld word gepleeg slegs met dwelmgebruik as motivering. Die dwelmmisbruik onder jong tieners is aan die toeneem en gewetenlose dwelmhandelaars kry reeds kinders onder die ouderdom van 10 jaar in hulle greep.

**Suid-Afrikaners se dwelmmisbruik is dubbeld die wêreldgemiddeld**

*3. Afgesien van die meer bekende dwelms soos dagga, heroïne en kokaïne word daar voortdurend met nuwe kombinasies geëksperimenteer. Persone wat behandeling vir sekere dwelms ontvang, is dikwels onbewus van die feit dat hulle ook 'n afhanklikheid van ander dwelms ontwikkel het aangesien die handelaars die dwelms meng. Stabilis berig alhoemeer van pasiënte wat aanmeld vir behandeling vir kokaïne-afhanklikheid en dan tydens behandeling te ontdek dat hulle ook van heroïne afhanklik is.

*4. Waarskynlik die grootste dwelmprobleem in ons sinodale gebied, is die toename in die gebruik van "*nauype*". Dit is 'n mengsel van dagga en heroïne en word veral deur jong swartmense gerook. Die fisiese afhanklikheid van hierdie dwelm is geweldig omvangryk en talle jongmense se lewe word vroeg reeds hierdeur verwoes. Nog 'n nuwe dwelm op die mark is die sogenaamde "*vunga*" wat bestaan uit "nauype" gemeng met huishoudelike gifstowwe soos rottegif en anti-virale middels. Hierdie dwelm word onder andere ook gebruik vir die hallusinerende effek daarvan. Die tragedie van hierdie dwelm is die feit dat desperate arm mense hulleself doelbewus met die MIV- virus besmet sodat hulle toegang tot anti-virale middels kan kry, waarna hulle die middels dan aan dwelm-handelaars kan verskaf vir 'n inkomste.

*5. Die voorkeurdwelm onder veral die wit jeug is CAT/KAT. Hierdie is 'n dwelm wat onlangs op die mark verskyn het en bied vir baie mense 'n alternatief tot kokaïne. Dit is baie goedkoper om te vervaardig aangesien dit sinteties by die huis vervaardig word uit produkte en medikasie wat oor die toonbank gekoop kan word. Die dwelm is hoogs afhanklikheidsvormend en die sosiale impak vernietigend. Die bekostigbaarheid van CAT maak dit een van die gevaarlikste dwelms op die mark. Jongmense met beperkte inkomste kry baie maklik toegang daartoe of vervaardig dit self.

*6. Levubu gemeente berig van 'n mooi projek waarby die SDGB ook betrokke geraak het. Hulle identifiseer kinders met afhanklikheidsgedrag en staan hulle met psigiatriese hulp by. Die gemeente skakel hulle in die gemeenskap in en verhoed sodoende die vorming van dwelm sub-kulture

## 3.1 Stabilis

*1. Nog 'n verhaal van hoop in die stryd teen dwelmafhanklikheid, is die feit dat ons as kerk nog steeds op Stabilis Behandelingsentrum as bedieningsvennooot kan staatmaak. By Stabilis word daar gemiddeld sowat 500 pasiënte per jaar behandel. Wat die bedryf betref kan Stabilis nie meer op staatsubsidie reken nie en sal die ondersteuning van gemeentes in die toekoms meer belangrik word Tot dusver is ons dankbaar om te rapporteer dat Stabilis nog geen eise aan die sinodale begroting stel nie. Die SDGB ondersteun wel 'n fonds by Stabilis wat daarop gemik is om pasiënte te help wat nie vir behandeling kan betaal nie. Gemeentes moet asseblief ook hierdie projek in gedagte hou vir moontlike ondersteuning.

*2. Naas die behandeling van substansafhanklikheid lewer Stabilis ook 'n groot bydrae ten opsigte van navorsing en die opleiding van professionele persone soos sielkundiges en maatskaplike werkers. Stabilis bly betrokke by die werk van die CAD en gemeentes word opnuut versoek om betrokke te raak by die stigting van nuwe CAD takke in ons sinodale gebied. (Die werksaamhede van die CAD word in die bylaag wat tydens die sinodesitting beskikbaar gestel word, meer breedvoerig bespreek).

*3. Sedert die vorige Sinodesitting het Stabilis die terrein van traumaberading betree en word daar met groot opgewondenheid oor hierdie projek berig. Met die inisiatief van een van Stabilis se werknemers, Jacques Botes, is die Mon Ami Trauma Troops gestig.

## 3.2 Mon Ami - Trauma Troops

*1. Mon Ami – Trauma Troops (MATT) het in 2007 ontstaan as deel van 'n gemeenskapsprojek van Stabilis Behandelingsentrum. Sedert 2008 het die Môregloed Gemeente aktief betrokke geraak by die werk van MATT. Ds. Dirk van Zyl het die opleiding voltooi en ook as voorsitter van die projek gedien tot 2010. Gemeentelede en predikante het toenemend aktief betrokke geraak by MATT. Die organisasie speel 'n belangrike rol om gemeentes en predikante by die werk van die nooddienste van Tshwane betrokke te maak. MATT en die Mootvallei Gemeente is tans in die proses om 'n samewerkingsooreenkoms te vestig met die doel om vrywilligers van die gemeente op te lei.

*2. MATT lewer 'n unieke diens in die gemeenskap, aangesien daar tans nie 'n soortgelyke organisasie bestaan wat ondersteuning bied aan persone (binne 72 uur), wat deur trauma geraak word nie. Die diens word gelewer deur vrywilligers wat bereid is om hulle tyd af te staan om hulle medemens in nood te bedien. Verantwoordelike dienslewering word verseker deur 'n etiese kode waaraan MATT en sy lede hul verbind.

Die basis van die etiese kode is vervat in die Persoongesentreerde Waardes van respek, individualisering, selfbeskikking en vertroulikheid.

## 4. BEDIENING AAN VERWAARLOOSDE KINDERS, GEBROKE GESINNE EN GEMARGINALISEERDES

Die bediening aan verwaarloosde kinders en gebroke gesinne verg meer as net gewone ampsbediening. Met dankbaarheid kan kennis geneem word dat gesinsbediening 'n prioriteit in meeste gemeentes is, maar die gebrokenheid en verwaarlosing is dikwels as gevolg van komplekse sosiale problematiek wat professionele hulp verlang. In hierdie verband is die professionele diens van die diensorganisasies in die SKDB sisteem onontbeerlik. Die Noordelike Sinode kan opnuut met groot dank kennis neem van die belangrike werk wat deur veral die drie kinderhuise (Abraham Kriel, Jakaranda en Louis Botha) en die CMR in hierdie verband gedoen word. Met dankbaarheid kan daar ook berig word van talle gemeentes wat nog by die kinderhuise betrokke is. Omvattende versorging word aan ongeveer 460 kinders in die kinderhuise gebied; terwyl die kindersentrum van die CMR 'n professionele diens van hoogstaande gehalte lewer, wat kinder- en gesinsleiding asook sielkundige dienste insluit. Daar is nog diensorganisasies wat met toewyding 'n vangnet bied vir jongmense en gemarginaliseerde mense wat dikwels geen heenkome het nie. In hierdie verband neem die Sinode ook met dank kennis van die belangrike werk van nog twee bedieningsvennote (PEN en ECHO) wat in samewerking met gemeentes die visie van ons Sinode om 'n verskil te maak, gestand doen.

### 4.1 Die CMR

Ten spyte van baie uitdagings en moeilike ekonomiese omstandighede die afgelope boekjaar, is dit met groot dankbaarheid dat CMR, met die ondersteuning van die Sinode, Ringe en Gemeentes, steeds die volgende dienste kon lewer.

#### 4.1.1 Struktuur en programme

*1. CMR Noord is verantwoordelik vir die bestuursondersteuning en bemagtiging van 17 Sentrums van Hoop en kantore waarby 64 maatskaplike werkers, 30 hulpwerkers/studente, 25 administratiewe personeel en 'n vrywilligerskorps van ongeveer 200 betrokke is.
*2. Met betrekking tot bestuursondersteuning en bemagtiging was die bestuurspan verantwoordelik vir die volgende:
- Beplanning en ontwikkeling van dienste
- Menslike hulpbronontwikkeling en bestuur.
- Finansiële beplanning.
- Die daarstelling van netwerke in die gemeenskap.
- Navorsing met betrekking tot behoeftes en dienste.
- Bemarking en fondsinsameling.
- Supervisie en opleiding.
- Maatskaplikewerk-dienslewering.

*3. Om die visie en missie ten uitvoer te bring word gefokus op vier programme te wete:
- Gesinsbewaring
- Kinderbeskerming
- Armoedeverligting
- MIV/vigs

#### 4.1.2 Direkte dienste

**1. Gesinsbewaring*
Hierdie diens is aan 6093 gesinne gelewer, wat uit ± 36 000 individue bestaan. Die CMR jaarverslag (beskikbaar by www.cmrn.co.za) gee 'n verdere ontleding.
**2. Kinderbeskerming*
Kinders wat ingevolge die Wet in alternatiewe sorg geplaas moes word, het 763 beloop. 'n Groot aantal van hierdie kinders wat verwyder is, was as gevolg van ernstige mishandeling en in meeste gevalle seksuele molestering. 'n Verdere diens is aan 1053 pleegkinders gelewer om toe te sien dat hulle die nodige sorg in hulle nuwe omstandighede ontvang, asook dienste om moontlike terugplasing by die ouers te bewerkstellig. Verskeie assesserings (473) en terapiesessies (130) is ook deur die Kindersentrum gelewer.
**3. Armoedeverligting*
Gemelde program vorm 'n integrale deel van al die dienste en verskeie gemeentes en die gemeenskap was aktief betrokke by voedingskemas en armoedeverligtings programme. Die CMR sou verseker nie sonder hulle hulp die diens kon lewer nie.
**4. MIV/vigs*

In samewerking met USAID is die PEPFAR (Presidents Emergency Program For Aids Relief) program in sekere gebiede aangebied, waar 2000 kinders bereik is wat geïnfekteer en/of geaffekteer is. Kinders is op 'n weeklikse basis deur "careworkers" besoek en 'n verskeidenheid dienste is gelewer. In samewerking met die Departement van Gesondheid is verpleegkundige dienste ook aan persone met Vigs in die gemeenskap gelewer. Hierdie befondsing het dan ook gehelp om van die bestaande dienste/programme te finansier.

**4.1.3 Posisie en tendense**

*1. Die CMR het hierdie jaar met groot dankbaarheid gedurende September 2011 sy 75e bestaansjaar gevier.

*2. Twee nuwe CM Rade is die afgelope 10 jaar op die been gebring te wete Soshanguve en Roodeplaat wat in Oktober 2011 ingewy is.

*3. CMR Potgietersrus het in Maart 2011 finaal sy deure gesluit nadat die maatskaplike werkerspos vir 3 jaar vakant was en die kantoor slegs met 'n aflospersoon moes funksioneer.

*4. Verder was daar stabiliteit in die sisteem en behalwe vir die finansies was daar min knelpunte.

**4.1.4 Huidige tendense**

*1. Sedert die aanvang van 2012 het die CMR se finansiële posisie dramaties agteruit gegaan en is herbesinning met betrekking tot die dienste uiters noodsaaklik.

*2. Sedert 1994 het daar in staatsgeledere heelwat wysigings in terme van beleid en finansiering plaasgevind. Gedurende 1997 is die Wet op Fondsinsameling met die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk vervang en was al die CM Rade genoodsaak om as sodanig te registreer.

*3. As gevolg van die staat se beperkte vermoë om Welsyn te ondersteun, is die Lotto in 2004 ingestel om met befondsing behulpsaam te wees. Sedert 2004 tot 2009 is daar in 'n groot mate op die Lotto gesteun om die diens te finansier. In die totale sisteem van die CMR Noord is ongeveer R30 miljoen uit hierdie bron ontvang. Sedert 2009 word daar egter al hoe meer probleme met uitbetalings ondervind en word daar ook baie minder uitbetaal. In 2010 kon geen voorleggings gemaak word nie en in 2012 was die oorwegende boodskap dat daar nie meer op Lotto staatgemaak kan word nie en is weinig uitbetalings gedoen.

*4. Staatsubsidie bly die afgelope jare ook konstant (en dit terwyl koste weens inflasie bly groei) en geweldig baie probleme word met die uitbetaling ondervind Subsidies word dikwels verkeerd of baie laat betaal. 'n Voorbeeld: CMR Brits het 2 jaar laas 'n subsidie ontvang. Daar is ook 'n groot verskil in subsidie tussen die onderskeie provinsies.

*5. Gemeentes is ook onder druk en in baie gebiede het gemeentes/ringe saamgesmelt en is hulle ook nie in die vermoë om 'n groter bydrae te lewer nie.

*6. Die ekonomiese klimaat in die land asook wêreldwyd is onder druk, wat addisionele befondsing vanuit die gemeenskap ook bemoeilik.

*7. Die samelewing is egter besig om teen 'n geweldige tempo op alle vlakke ( ekonomies, moreel, geestelik) agteruit te gaan en die CMR word oorval met mense en kinders in nood. Die CMR was genoodsaak om verskeie keer die afgelope jaar sy deure vir nuwe aanmeldings te sluit as gevolg van die hoë werkslading van maatskaplike werkers. In baie gevalle was dit tot nadeel van erg mishandelde en gemolesteerde kinders, wat kommerwekkend is.

*8. As gevolg van bogenoemde, maar veral as gevolg van die finansies, is die CMR by 'n kruispad en sal dienste nie meer soos in die verlede kan voortgaan nie. Verskeie kantore het nie genoegsame befondsing vir die huidige boekjaar nie en sal daar ernstig aan afskaling/herstrukturering gedink moet word. Die probleem is egter dat die gebiede waar die nood die hoogste is ook die gebiede met die minste befondsing is. Die vraag is ook watter dienste, kinders, gesinne nou weggewys moet word.

*9. In die lig hiervan het daar reeds 'n vergadering tussen die direksie van CMR Noord, die SKDBM en lede van die Sinode plaasgevind om moontlike opsies te bespreek. Opvolgvergaderings met beheerrade van die onderskeie CM-Rade is reeds beplan. Daar moet 'n oplossing gevind word om seker te maak dat die dienste aan mense in nood kan voortgaan – maar dit sal 'n groot aanpassing in struktuur en dienste verg.

*10. Van die opsies wat oorweeg word, is:

*10.1 Rasionalisering van bestaande dienste is 'n gegewe. Daar sal oor die proses besin moet word.

*10.2 Samesmelting van CMR-kantore. Die vraag is: watter kantore en hoe?

*10.3 Hersiening van die bestaande struktuur. Tans is daar afsonderlike CM-Rade en die vraag is of 'n gesentraliseerde sisteem nie oorweeg moet word nie. Heelwat implikasies is hier ter sprake wat baie samesprekings sal verg.

*10.4 'n Herbesinning van die naam met die oog op beter bemarking. Tans beskryf die naam nie wat gedoen word nie en bemoeilik dit die bemarking na die korporatiewe wêreld. Verskeie instansies soos PEN en MES is reeds deur hierdie oefening.

*10.5 'n Besinning oor die aard/inhoud van die diens wat die Kerk verwag en die finansiering daarvan sal ook aangespreek moet word.

### 4.1.5 En nou vir die volgende 75 jaar!

*1. Dit is met groot dankbaarheid dat CMR jaarliks 'n toekenning vanaf die Sinode, ringe en gemeentes ontvang en dat baie gesinne se lewens hierdeur aangeraak is. Dit is ook 'n voorreg om op hierdie manier diensbaar te mag wees. Die diens wat tans gelewer word is uiters noodsaaklik maar verkeer onder geweldige druk.
*2. Die CMR vertrou egter dat hierdie "krisis" eintlik die stimulis sal wees vir 'n wonderlike nuwe begin, wat ons sal deurdra tot die 100 jarige fees en selfs lank daarna!! Daar het al baie wonderwerke in die verlede gebeur en ons is vol vertroue dat ons saam die huidige uitdagings die hoof sal kan bied.
*3. Ons is ook dankbaar teenoor ons Hemelse Vader wat ons in staat stel om op hierdie manier diensbaar te mag wees en die afgelope 75 jaar deurlopend in ons behoeftes voorsien het.

## 4.2 PEN

*1. In die vroeë negentiger jare het die NG Gemeente Pretoria (Bosmanstraat) besef dat die NG kerk in sy huidige vorm nie relevant kerk sou kon wees in die 'n vinnige veranderende middestad nie. Nuwe maniere van kerk wees moes ontwikkel word. 'n Struktuur was nodig wat kon fokus op leierskapsontwikkeling, gemeenskapsmobilisering en fondswerwing. Dit moes ook 'n struktuur wees wat vinnig kon beweeg en kon aanpas by 'n dinamiese stad. Vir hierdie doel is PEN in Julie 1992 gestig. Die Noordelike Sinode en die Ring van Pretoria het die stigting van 'n nie-winsgewende maatskappy ondersteun. PEN funksioneer as Art 21 Maatskappy: 9201259/08 (013-087NPO.) en die ledevergadering is saamgestel uit kerkraadslede van Moreletapark gemeente en Pretoria gemeente.
*2. PEN wil graag bydra tot die transformasie van die lewens van mense wat in die stad woon. Daar word holisties gewerk met 'n fokus op die nood van kinders en gemarginaliseerde mense. Deurlopend is die uitdaging om te werk aan die transformasie van strukture om 'n gesonde samelewing te kweek. Die strategie sluit in om te fokus op geestelike transformasie asook op die voorsiening in basiese behoeftes van mense. Die kernwerksaamhede van PEN sluit in dissipelskap, uitreik, opvoedkunde, gesondheid, behuising en psigo-sosiale dienste. Vennootskappe is krities in die bereiking van ons drome. Danksy 'n diepgaande vennootskap tussen PEN, individuele gemeentes en die Noordelike Sinode in besonder, word mense maar veral kinders, se lewens daagliks getransformeer in Pretoria.
*3. Daar word gereeld blootstellingsgeleenthede geskep vir wedersydse betrokkenheid en leergeleenthede tussen gemeentelede, gemeentes en PEN. PEN leraars speel 'n rol in die Noordelike Sinode waar moontlik. Gesamentlike projekte word geloods deur onder andere projekte soos Winterhoop. Konferensies word gesamentlik aangebied wat leergeleenthede fasiliteer (SiCiLi en armoedekonferensie). PEN vorm integraal deel van Pretoria gemeente en is ook betrokke by die bestuur van die gemeente.
*4. PEN speel 'n baie groot rol in die breë gemeenskap van Tshwane. Die rol van profeet, koning en priester in die breë samelewing, is 'n rol wat ons baie ernstig neem. PEN se visie het nog altyd die waarheid van Jakobus 1:27 ingesluit. Ware godsdiens word gemeet aan die effek van jou geloof in die wêreld. As ons as Christene nie die wêreld fisies en geestelik verander nie, mors ons die Here se genade. As jou persoonlike geloof nie transformasie bring in ander mense nie, beteken dit net vir jouself iets. Die evangelie wat Jesus verkondig, is 'n evangelie wat 'n effek het in die politiek, in die kuns, in die maatskaplike nood, in die onderwys, in opvoedkunde, wetenskap, stadsbeplanning, gesondheid, ensovoorts. Dit is ons gesamentlike uitdaging.

**As die hart van die stad siek is, is die hele stad siek. Ons sien dit in baie stede dat 'n middestad in effek het op die geestelike en emosiondele welstand van die hele stad.**

*5. Daar is tans 149 voltydse personeel werksaam by PEN asook baie vrywilligers. Gedurende 2011 het PEN nie minder nie as 292 000 etes wat deel vorm van gestruktureerde programme bedien, 3 400 siek mense deur die kliniek en uitreikwerkers versorg en byna 'n duisend kleuters opvoedkundig deur 'n kleuterskoolforum ondersteun. Ongeveer 3 000 kinders word weekliks deur die span van PEN bedien in klein groepe en skooluitreike. Wooneenhede word aan 657 mense voorsien in die vorm van laekoste behuising en gedurende 2011 is sowat 2 550 terapeutiese gesprekke met mense in nood gevoer.


## 4.3 ECHO Jeugontwikkeling

*1. ECHO Jeugontwikkeling is 'n gemeenskap in die Moot wat fokus op jongmense wat aan hulle eie genade oorgelaat is. Daar is veral twee redes waarom jongmense kom aanklop om in een van die vyf huise te woon: aan die een kant is daar dié wat daar kom woon omdat hulle hulp soek: straatkinders, kinders uit mislukte kindersorgplasings, jongmense wat skielik aan hulle eie genade oorgelaat is as gevolg van een of ander krisis. Dan is daar die wat intrek met die motief om te kom help. Die wonderlike ding wat ons dikwels sien gebeur, is dat dié wat hulp soek agterkom dat hulle ook iets het om te gee en die wat wil help ontdek dat hulle ook nood het en baie het om te leer. Die idee met die ECHO Communities is om 'n genesende omgewing te skep waar mense saam kan soek – en probeer om saam weer die eenvoud van kerkwees te herontdek.

*2. ECHO Jeugontwikkeling het elke dag programme by 7 laerskole in die omgewing, spreekkamers by hoër-skole, 'n weeklikse erediens, kampe en uitreike. Ons kantoor funksioneer ook as 'n krisissentrum met onder andere twee maatskaplike werkers op ons span. Alhoewel ECHO Jeugontwikkeling 'n nie-winsgewende maatskappy is, funksioneer ons baie naby aan die plaaslike gemeentes, veral NG-Villieria.

## 4.4 Tshitandani Childcare Foundation

*1. TCCF het sy ontstaan gehad in die vroeë negentigs toe daar geweldig baie straatkinders in Louis Trichardt was. Die stigterslede van die destydse organisasie was prof. Koos van Rooy saam met vele ander geestelike leiers van verskillende denominasies. Ongelukkig het verskeie van die ander gemeentes oor die jare met die ondersteuning van die kinders onttrek en het basies net die NG Kerk en die Rooms Katolieke kerk oorgebly.



*2. Onder leiding van Ds Louis Schnetler is 'n eiendom bekom, geskenk deur die munisipaliteit, en met `n skenking uit Holland is `n staalstruktuur in 2002 opgerig. Deur die jare word daar stuk-stuk gebou. In 2008/9 het 'n lidmaat van die plaaslike gemeente die volledige bedrag geskenk om die tweeverdieping gebou in totaliteit klaar te maak. Die gebou is nou voltooi maar probleme word ondervind met die aansluiting van water en elektrisiteit vanaf die munisipaliteit as gevolg van die feit dat daar op die "verkeerde erwe" gebou is. Eienaarskap van die erwe is nou onder bespreking by die munisipaliteit.

*3. Die doel van TCCF is om aan die straatkinders hulle menswaardigheid terug te gee. Daar word in basiese behoeftes soos veiligheid, kos en klere voorsien en die meeste van die kinders is in die skool. `n Paar seuns kan nou al suksesvol hulle plek in die volwasse wêreld volstaan. Wanneer TCCF se gebou finaal in gebruik is gaan daar "skills development" prosesse ook vir die breër gemeenskap aan die gang gesit word.

*4. Sonder die finansiële ondersteuning van die Noordelike Sinode sou baie van dit wat ons reeds bereik het net nie moontlik gewees het nie. Met die Sinode se ondersteuning kan ons die rol van die NG Kerk as missionêre kerk uitbou en `n verskil maak. Deur middel van kontakte in die Sinode kan `n beter diens gelewer word en hoef die wiel nie noodwendig van vooraf ontwerp te word nie. Ons het baie hulp en raad ontvang - nie net binne die sinodale gebied nie maar ook uit ander oorde. Ons besigheidsplan bv. is gebaseer op MES-aksie in Johannesburg.

*5. Met die straatkinders het die Here vir ons `n geleentheid geskep om diensbaar te wees. Omdat hulle nie aan `n spesifieke groep behoort nie, is daar min indien enige organisasie wat bereid is om die verantwoordelikheid vir die straatkinders te neem.

## 5. BEJAARDES

*1. Kerkspieël 2010 het reeds aangetoon dat die gemiddelde ouderdom van N G Kerk lidmate besig is om te styg. Hierdeur word die kerk met 'n baie besondere uitdaging gekonfronteer. Die internasionale gemiddelde lewensverwagting is 67,2 jaar, teenoor 'n gemiddeld van slegs 49,3 in Suid-Afrika. Hierdie statistiek is skokkend as in ag geneem word dat uit 194 lande Suid -Afrika slegs die 178ste posisie inneem. Twintig lande wat die swakste vaar in terme van lewensverwagting is lande in die Suide van Afrika, met die uitsondering van Afghanistan. Die twee lande wat heel onder aan hierdie lys is, is ons bure Swaziland en Mosambiek. Zimbabwe en Lesotho val ook onder die laaste 6 lande met die laagste lewensverwagting. In Mosambiek, wat heel onder op die lys is, is die lewensverwagting slegs 39.2.

*2. Die Europese lande wat almal die boonste plekke op die lys inneem se gemiddeld het nou tot meer as 80 jaar gestyg. Indien hierdie statistiek as maatstaf vir die meerderheid van ons lidmate geneem word, is dit duidelik dat die NG Kerk gegewe hierdie tendens met 'n groot uitdaging gekonfronteer word. Voeg daarby dat beleggingskonsultante gereeld waarsku dat mense nie genoegsaam voorsiening maak vir hulle aftrede nie. Dan word die probleem duidelik: talle mense kan nie bekostig om af te tree nie.

*3. Bejaarde-bediening vorm 'n integrale deel van enige gemeente se bediening maar die vraag kan gevra word of die nood onder bejaardes in die algemeen genoegsaam deur ons kerk se bediening aangespreek word. Suid-Afrika word met 'n uiters unieke probleem rondom bejaardheid gekonfronteer. Waar Afrika 'n baie gevestigde tradisie gehad het van kinders wat na hulle ouers omsien en in hulle huise versorg, het hierdie tendens die afgelope dekade verander. Baie jonger mense sterf as gevolg van MIV/vigs met die gevolg dat daar 'n al groter wordende groep van veral swart bejaardes is wat nie behoorlik versorg word nie. Talle van hierdie bejaardes wat slegs op 'n staatspensioen staatmaak, word maklik die slagoffers van misdaad en uitbuiting. Die pensioene van hierdie bejaardes is in sommige gevalle die enigste inkomste vir 'n hele gesin en baie is daarvan afhanklik.

*4. Die bestaande ouderdomspensioen is ook nie voldoende om bejaardes wat versorging nodig het te help nie. Dit gebeur al hoe meer dat bejaardes in die later fase van hulle lewe nie versorg kan word nie. Hierdie uitdaging gaan in die toekoms vindingryke bedieningsoplossings van ons gemeentes vra. Gedurende 2011 het die SDGB se taakspan vir bejaardes dan ook 'n konferensie onder leiding van dr Willem Boshoff by Hartbeesspruit-Queenswood aangebied om prominensie aan hierdie problematiek te gee.
*5. In die Noordelike Sinode is ons baie bevoorreg om as bedieningsvennoot die SKDB Maatskappy te hê. 'n Groot deel van die SKDBM se bedieningsfokus sentreer om die behoeftes van bejaardes en dit is duidelik, gegewe die bovermelde uitdaging, dat gemeentes in die toekoms baie nouer met die SKDBM sal moet saamwerk. 'n Goeie voorbeeld van sodanige samewerking is die projek wat onlangs by Pretoria-Oos begin is. Hierdie projek behels dat die gemeente een van die pastorieë ingerig het as laekoste- behuising vir bejaardes. Hierdie huis word in ooreenkoms met die SKDBM as anneks van Huis Piek bedryf.
*6. Nog 'n baie unieke projek wat deur die SKDBM begin is, is die ontwikkeling van Harmonie Oord, 'n behuisingskema vir sub-ekonomiese bejaardes. Die Oord word so bedryf dat inwoners self sekere verantwoordelikhede neem om sodoende kostes te bespaar. By Harmonie Oord ontvang inwoners 'n tuiste en word hulle gevoed vir minder as R1 000 per maand.

**Wat van pastorieë as behuisingsprojekte?**

*7. Die SKDBM verskaf verder infrastruktuur en bestuursvaardighede aan al die ander gevestigde tuistes vir bejaardes (sien SKDBM verslag). Die projek by Pretoria-Oos gemeente is 'n baie goeie voorbeeld van hoe gemeentes infrastruktuur as bedieningsinstrument kan aanwend. Gemeentes word versoek om hierdie model as moontlike projek te ondersoek. Indien 'n pastorie ontwikkel word as n behuisingsprojek word die bate nog steeds behou en kan daar selfs 'n inkomste gegenereer word. As bedieningsorganisasie wat in direkte ooreenkoms met die Noordelike Sinode funksioneer, word daar meer breedvoerig oor die werksaamhede van die SKDBM gerapporteer.

## 5.1 SKDB Maatskappy

### 5.1.1 Funksionering

*1. Die SKDBM is 'n bestuurs- en koördinerende instansie van die NG Kerk se organisasies vir kerklike maatskaplike dienste in die gebied van die Noordelike Sinode. Dit is geregistreer as 'n Artikel 21 Maatskappy (met artikel 18A vrystelling) en as 'n organisasie sonder winsoogmerk. Die SKDBM verteenwoordig primêr die geformaliseerde maatskaplike dienste van wat histories uit die NG Kerk se barmhartigheidsdienste ontwikkel het. Die primêre doel van die organisasie is om 'n infrastruktuur te skep vir, en waarde toe te voeg aan die werksaamhede van diensorganisasies met wie die SKDBM 'n ooreenkoms het. Die SKDBM aanvaar as riglyn vir die etos en atmosfeer van dienste die volgende:
*1.1 dat die Kerk se barmhartigheidsbediening 'n noodwendige resultaat van die gelowiges se antwoord op die verlossingswerk van God Drie-enig is;
*1.2 dat die barmhartigheidsbediening primêr gemeentelik, onder leiding van die kerkraad en by name die diakonie, geskied;
*1.3 dat die barmhartigheidsbediening en die maatskaplike welsynsdienste gedoen word ooreenkomstig die volgende waardes:

- Godgefokus en barmhartigheidsgedrewe
- Aanvaarde bestuurspraktyke
- Mens- en gemeenskapsgerig
- Kwaliteitgerig
- Koste doeltreffendheid

*2. Die volgende persone dien op die direksie van die SKDBM: ds JH van Loggerenberg, dr GJ Cloete, ds JHP Serfontein, mnr L S de Kock ( uitvoerende direkteur), mnr DW Steyn, mnr JB Kruger, mnr AJ du Preez, mnr V de Beer, dr GF Claassen en ds DH Janse van Rensburg. Daar is slegs drie voltydse personeellede, naamlik mnr L S de Kock (uitvoerende direkteur), me L van Biljon (uitvoerende sekretaresse) en me A van Deventer (finansiële bestuurder). Ds JHP Serfontein en ds JH van Loggerenberg dien onderskeidelik as koördineerders vir bejaardesorg en maatskaplike dienste.
*3. In die lig van die nuwe Maatskappywet is die SKDBM besig om 'n nuwe "Memorandum of Incorporation" op te stel en die ooreenkoms met die Sinode te hersien. Voorts is begin met 'n proses om die SKDBM se diensorganisasies wat as Artikel 21 Maatskappy gefunksioneer het, slegs as Organisasies sonder Winsoogmerk te registreer en ooreenkomste met die SKDBM te hersien. Op versoek van die SKDBM is 'n Taakspan van die DKB aangewys om sekere aspekte gesamentlik uit te klaar.

### 5.1.2 Diensleweringsorganisasies binne die SKDBM-sisteem

*1. Die georganiseerde dienste in die SKDBM-sisteem word gelewer deur die residensiële versorgings- en behandelingsdienste, asook gemeenskapsdienste. Die dienste word grootliks gedesentraliseerd bestuur en bedryf om gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder. Die sukses wat behaal word, kan toegeskryf word aan meer as 120 bestuurslede en 2 000 vrywilligers wat sonder vergoeding persoonlike opofferings maak vir die bevordering van die werk. Daarsonder sal die dienste moeilik kan voortbestaan. Die dienste word gelewer

deur meer as 600 personeellede wat met toewyding, liefde, lojaliteit, offervaardigheid en integriteit mense in nood bystaan.
*2. As gevolg van historiese- en ander faktore fokus die diensorganisasies hoofsaaklik op bejaardesorg-, kinder- en gesinsorgdienste, asook dienste ten opsigte van middelafhanklikheid. Die nuwe staatkundige bedeling en gepaardgaande nuwe behoeftes in die gemeenskap het tot gevolg dat daar toenemend op 'n gemeenskaps- en ontwikkelingsgerigte benadering gefokus moet word. Hierdie veranderinge vereis 'n nuwe verwysingsraamwerk, benadering en strategieë.
*3. Ons bring hoop en maak 'n verskil deur
• 8 Behuisingsprojekte vir 650 ouer persone
• 7 Versorgingsoorde vir 313 ouer persone
• 4 Aftree behuisingsprojekte vir 225 ouer persone
• 3 Kinderhuise wat 460 sorgbehoewende kinders versorg
• 19 Maatskaplike welsynsprogramme wat uitreik na meer as 6 000 gesinne waarby meer as 26 000 persone betrokke is
• 'n Sentrum vir middelafhanklikheid wat meer as 500 pasiënte per jaar behandel.
*4. Hierdie georganiseerde dienste wat in ooreenkoms met die SKDBM gelewer word, beskik oor fasiliteite ter waarde van meer as R220 miljoen en die gesamentlike bedryfskoste beloop R62 miljoen per jaar. In totaal is daar 670 personeellede in diens, 120 bestuurslede is op vrywillige basis betrokke asook sowat 2 100 vrywilligers.

**5.1,3 Finansiering van dienste**
*1. Die finansiering van maatskaplike welsynsprogramme skep groot uitdagings en die volhoubaarheid van dienste is baie onseker. Kritiese faktore is soos volg:
• Die jaarlikse daling in staatsubsidie as persentasie van standaardkoste.
• Die volgehoue afname in donasies as gevolg van ekonomiese toestande.
• Die finansiële vermoë van gemeentes.
• Lae rentekoerse.
• Die verandering in die toekenningsbeleid van Lotto-fondse.
• Beleid van die owerheid.
*2. Alhoewel die nasionale organisasies en forums reeds die afgelope vyf jaar met die tersaaklike regerings-instansies onderhandel, is daar geen vordering nie. Uit die Vrystaat hofsaak (Nawongo teen die Departement Maatskaplike Ontwikkeling – hoofsaaklik oor 'n onrealistiese finansieringsbeleid en oor laat betaling van subsidies) wat steeds in proses is, is dit baie duidelik dat selfs statutêre dienste nie vir die staat 'n prioriteit is nie. Op hierdie stadium is dit onvermydelik dat dienste afgeskaal of getermineer moet word.

**5.1.4 Uitdagings**
*1. Die SKDBM en sy diensorganisasies het hom verbind om saam met die kerk die volgende uitdagings te ontmoet:
• Posisionering as geloofsgebaseerde organisasie wat maatskaplike welsynsdienste lewer in Suid Afrika se nuwe politieke bedeling.
• Bevordering van die maatskaplike funksionering van mense en gemeenskappe met spesifieke nood: armoede, sorgbehoewende kinders en gesinne, middelafhanklikheid en bejaardes.
• Skepping van groter kapasiteit vir volhoubare dienslewering
*2. Die NG Kerk het deur die jare kollektief deur middel van die Sinode en ringe, asook deur gemeentes se betrokkenheid, die kerk se georganiseerde deernisbediening in stand gehou. Die SKDBM spreek ook sy dank uit teenoor die sinode vir die finansiële ondersteuning van die CMR en Harmonie Oord. Duisende kerkleiers, ampsdraers, lidmate en personeel het deur baie jare (en sal steeds in die toekoms) hulle gawes aan die kerk se barmhartigheidsdiens beskikbaar stel. Ons dank God vir al hierdie diensknegte en diensmaagde. Met ons visie om hoop te bring en 'n verskil te maak, aanvaar ons die uitdagings wat vir ons voorlê. Ons doen dit biddend en diep afhanklik van die Here Jesus, die Koning van die Kerk. Mag die Heilige Gees ons die toerusting en die krag daartoe gee.

## 6. EKOLOGIE
*1. Dat die aarde, en eintlik alles wat bestaan, onlosmaaklik aan ons geloof gekoppel is, is nie 'n nuwe insig nie. Vir ons wat alles wat bestaan as "skepping" beskryf, en wat telkens ons geloofsbelydenisse begin deur ons geloof in die Skepper te verwoord, is daar 'n konstante herinnering dat wat gebeur met die aarde (en eendag sal ons ook verder as net die aarde moet dink), deel is van dit waaroor ons geloofsrefleksie moet gaan. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (art 2) beskryf die skepping en God se onderhouding van die skepping as "'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien". In samehang met die belydenis van God as Skepper word die mens dus beskryf as die bewaarders van die skepping.

*2. Daar is vandag 'n oproep dat ekologiese vraagstukke op 'n nuwe manier op die agenda van die kerk, in al sy vorme, moet kom. Die bekende wetenskaplike, Carl Sagan, het in 1990 gepleit dat die godsdienste betrokke moet raak by ekologiese vrae. Ook hy het erken dat godsdienstige organisasies 'n belangrike rol kan speel om bewegings rondom groot morele vraagstukke aan die gang te kry. (http://earthrenewal.org/Open letter to the religious .htm Die Moderamen van die Algemene Sinode het onlangs vraagstukke rondom die ekologie en 'n volhoubare leefstyl as beide dringend en belangrik beskryf. (ASM-vergadering van 31 Oktober 2011-2 November 2011).
*3. Hierdie oproep is van groot belang aangesien mense oor die afgelope eeue tegnologie begin ontwikkel het wat die potensiaal het om die fyn balans van die ekologie permanent te versteur. Uit verskeie oorde word ons vandag herinner dat hierdie aarde ons enigste tuiste is, en dat dit werklik moontlik is dat ons hierdie tuiste as 'n ongunstige plek vir ons kinders kan nalaat.
*4. Vir die kerk is daar dus 'n dubbele motivering: ons is geroep om as deel van God se skepping na God se skepping om te sien, en ons is geroep om die belangrike vraagstukke van ons tyd ook op ons agenda te plaas.

## 6.1 Wat moet op ons agenda wees?

*1. Die ekologie is 'n wye onderwerp. 'n Paar sake is veral van belang in Suid -Afrika en Afrika in die breë.
*1.1 Daar is 34 biodiversiteit "hotspots" in die wêreld. Dit is areas wat unieke plant- en dierlewe bevat wat tans bedreig word deur mense se toedoen. Drie van hierdie areas val eksklusief binne die grense van Suid-Afrika. Ons het dus 'n unieke verantwoordelikheid om hierdie areas op te pas. (http://www.conservation.org/ where/priority areas/hotspots/africa/Pages/africa.aspx).
*1.2 'n Tweede saak wat veral vir Suid-Afrika van belang is, is water. Vrae rondom water is besig om reg oor die wêreld toenemend belangrik te word. Die vrees is dat ons nie genoeg water vir toekomstige behoeftes kan verskaf nie.
*1.3 Een saak wat ekologiese vraagstukke so kompleks maak, is dat die hele aarde as een sisteem, party beskryf dit in werklikheid as 'n organisme, funksioneer. Ons kan dus nie ekologiese vraagstukke veilig afbaken tot 'n bepaalde geografiese gebied nie. Dit word veral duidelik wanneer daar gekyk word na projeksies rondom globale verwarming. Wat hierdie onderwerp veral op ons agenda plaas, is dat projeksies aandui dat Afrika as kontinent uitermatig geaffekteer gaan word.
*2. Wanneer ons as kerk deelneem aan debatte rondom die ekologie, veral as kerk van Afrika en kerk in Afrika, dan het ons 'n spesifieke verantwoordelikheid om telkens te herinner dat ekologiese vraagstukke nie losgemaak kan word van die krisis van armoede nie. Antwoorde op enige van hierdie twee vrae wat nie die ander vraag ernstig opneem nie kan nie op die langtermyn oplossings verskaf nie. Ekologiese rampe het telkens die grootste effek op hulle wat reeds die mees kwesbare mense in die samelewing is. Ekologiese oplossings moet ook erns maak met die pogings om 'n einde aan armoede te maak. Die een gesprek mag nie die ander een troef nie. (http://a cen.anglicancommunion.org/resources/docs/DeGruchy_An_Olive_Agenda.pdf).
*3. Hierdie is slegs 'n paar belangrike voorbeelde van wat op die agenda van die kerk moet kom. Die lys kan verleng word en die gesprek oor hierdie prioriteite behoort ook deel te vorm van ons refleksie oor kerkwees in Suid Afrika vandag. Die SDGB, onder leiding van dr Gustav Claassen, het in hierdie verband reeds twee suksesvolle ekologie konferensies aangebied en hoop dat hierdie saak ook as prioriteit op die Sinode se agenda sal bly.

## 6.2 Wat kan gemeentes doen?

*1. Verskeie gemeentes het hulleself al op verskeie maniere verbind om ekologiese vraagstukke op hulle agenda te sit.
• *NG Universiteitsoord* (en verskeie ander gemeentes) het 'n herwinningsdrom op die kerkterrein beskikbaar gestel. Aangesien 'n groot hoeveelheid mense in elk geval elke week 'n draai by die kerk kom maak, hoef hulle dan nie spesiaal te ry nie. Dit word ook 'n diens aan die gemeenskap. So 'n drom kan ook 'n simbool word van 'n groter verbintenis waartoe die gemeente geroep word as 'n herinnering dat ons prakties besig moet wees om na die aarde te kyk. Gemeentes kan Mpack Recycling tolvry skakel (0800022112) om meer inligting te kry oor hoe papier-herwinningsdromme bekom en bestuur kan word.
• *NG Stellastraat* is tans 'n prototipe gemeente waar gemeentelede begelei word rondom energieverbruik. 'n Adviseur help huisgesinne om die elektritisteitsgebruik van verskillende toebehore te meet, en raad te gee oor hoe elektristeitsverbruik verminder kan word. Terselfdertyd is die gemeente besig om stelselmatig die pastorieë en kerk se energie- en watergebruik aan te spreek.
*2. Die belangrikste rol van kerke is om mense te leer om 'n nuwe taal te praat en om 'n nuwe lewenstyl aan te leer. Dit gaan oor meer as 'n ekologie-Sondag een maal per jaar, maar oor 'n ekologie-teologie - 'n teologie wat die aarde ernstig neem as God se skepping, en daarmee saam 'n lewenstyl van eenvoud wat in harmonie met die aarde en die armes is. Ons sal ook krities na ons eie teologie en prediking moet kyk en


vra of ons nie met tye bygedra het tot 'n wêreld beeld wat van die aarde 'n verbruiksartikel gemaak het eerder as God se geskenk aan ons nie.
*3. Daar is meer stories, en ons sal 'n punt daarvan moet maak om dit wat ons leer met mekaar te deel sodat gemeentes prakties meer bewus kan raak van hulle verantwoordelikheid teenoor die aarde. In 1993 het Paul Gorman die bekende uitspraak gemaak dat "...how people of faith engage the environmental crisis will have much to do with the future well-being of the planet, and in all likelihood, with the future of religious life as well." In 'n land waar die meerderheid van mense vanuit die Christelike tradisie tap wanneer hulle morele besluite neem, word die kerk se refleksie oor hierdie saak krities belangrik.

## 7. ZIMBABWE


*1. By die 2008-sinode is gerapporteer dat "die politieke toestand en gepaardgaande sosiale en maatskaplike toestande ongelooflik versleg" het. Dit is met dankbaarheid dat nou gerapporteer kan word dat die situasie oor die afgelope paar jaar 'n 'n groot mate gestabiliseer het.
*2. In die moeilike tye het hulpverlening vanaf die Noordelike Sinode 'n reuse-bydrae gelewer om aan baie mense noodsaaklike voorrade, veral medikasie, te voorsien. Die hulpverlening het heelwat afgeskaal maar daar moet nog van tyd tot tyd noodsaaklike voorrade aangekoop en aangestuur word.
*3. Hierbo is gesê dat die posisie gestabiliseer het. Dit kan egter nog lank nie gesê word dat die toekoms rooskleurig vir die land lyk nie. Baie van mense, binne en buite die NG Kerk, kry finansieel swaar. Dit is veral bejaardes wie se pensioene en spaargeld tydens die tye van buitensporige inflasie waardeloos gemaak is, wat nou swaarkry.
*4. 'n Ligpunt vir die algemene bediening in Zimbabwe is die bevestiging van ds Theunis Botha in Februarie vanjaar. Ds Botha is 'n leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy standplaas is Bulawayo. Sy pastorale bydrae help om die las op die NG-leraars ligter te maak.
*5. Zimbabwe mag egter nog lank nie van ons gebedslysies afgehaal word nie. Die politieke en maatskaplike omstandighede stel steeds groot eise, veral emosioneel, aan die land se inwoners. Finansiële ondersteuning kan steeds deur die sinodekantoor gekanaliseer word.

## 8. SLOT

Is die N G Kerk 'n gemeenskapskerk? Hierdie verslag wil beskeie sê, ons probeer. Ons kan sekerlik meer doen, maar ons doen ook baie. Indien ons as kerk sou onttrek sal dit inderdaad 'n verlies wees vir ons samelewing. Terselfdertyd leer ons al meer wat dit beteken om gemeenskapsgerig te bedien. Sedert die vorige sinodesitting het die Noordelike Sinode bykans R18.5 miljoen op gemeenskapsbetrokkenheid bestee, baie ure gewerk en in vertroue op God, gewaag. Daarvoor sê ons dankie aan elke gemeente, diensorganisasie en individu wat in verbondenheid aan die Lewende Here wel 'n verskil gemaak het.



**AK LE ROUX (Voorsitter)**



**DH JANSE VAN RENSBURG (Skriba)**

# SINODALE TAAKSPAN VIR GEMEENTEONTWIKKELING

## 1. INLEIDEND

### 1.1 Fokusareas en prioriteite

*1.1.1 Tydens 'n bosberaad wat in November 2008 gehou is, het die Sinodale Diensraad vir Gemeente-ontwikkeling (SDGB) sy funksionering in 'n paar breë trekke saamgevat:
*1. Teologiese vertrekpunt / ekklesiologie: God Drie-enig konstitueer die gemeente (elkeen van die Drie-eenheid het hierin 'n spesifieke rol) / asook missio dei ( God roep en mens antwoord).
*2. Vier bakens vir 'n gemeente is *leitourgia* (viering), *koinonia* ( gemeenskap), *diakonia* (diens) en *kerygma* (verkondiging).
*3. Die fokusareas vir die SDGO is netwerke, VBO, leierskapontwikkeling, mentorskap en begeleiding, teologiese en kontekstuele refleksie.
*4. Aktiwiteite moet fokus op netwerke en taakspanne en soveel netwerke as moontlik moet geakkommodeer word.
*5. Die SDG se werksaamhede word gekoördineer binne die volgende netwerke of taakspanne: jeug, studente, familie, vroue, leierskap, aanbidding, gestuurde gemeentes, eenman gemeentes, makrogemeentes, nuwe gemeente ontwikkeling, begeleiding van gemeentes en predikantewegbreke (laasgenoemde is later volgens 'n reëling van die DKB na die STPB oorgedra).

### 1.2 Vertrekpunt

Die vertrekpunt van SDGO die afgelope paar jaar was om meer visionerend op te tree en so die sinode te dien met inligting en verwagtinge oor toekomstendense.

### 1.3 Waardes

Die SDGO het geoordeel dat die volgende waardes belangrik is:
*1. Integriteit – as jy sê jy doen iets dan doen jy dit.
*2. Openheid – ons kan en mag van mekaar verskil, ook in ons skrifgebruik.
*3. Diversiteit – daar is nie by voorbeeld vooraf besluit watter taakspanne daar sal wees nie.

### 1.4 Riglyne vir betrokkenheid by gemeentes

*1. Riglyn een: die SDGO raak nie in 'n gemeente betrokke as daar nie 'n behoefte vanuit die gemeente uitgespreek word nie.
*2. Riglyn twee: die ring neem saam met die SDGB die verantwoordelikheid vir die begeleiding aan die gemeente.

### 1.5 Oorsigtelike opmerkings

*1. Die SDGO is 'n groot diensraad wat deur die jare verskeie taakspanne gehad het. Binne die diensraad se fokusareas en manier van funksionering het dit met sekere taakspanne goed gegaan. Ander weer het ophou bestaan.
*2. Die SDGO het deur die jare agtergekom dat daar 'instandhoudings'-taakspanne is wat altyd daar sal wees terwyl daar toenemend 'n groter behoefte ontwikkel het na meer visionerende taakspanne wat op verskillende maniere 'n bydrae kan maak.
*3. Die SDGO het ook opgemerk dat gemeentes in die Noordelike Sinode nie almal op dieselfde plek in hul geestelike reis is nie. Sommige kry regtig swaar as gevolg van veranderings buite hulle beheer. Ander weer kry swaar omdat hulle bediening gestagneer het. Party oorleef, maar brei glad nie uit nie. Daar is egter 'n laaste groepering: gemeentes met wie dit goed gaan. By hierdie gemeentes kan twee kategorië onderskei word: gemeentes wat sterk fokus op gemeentelike aktiwiteite en gemeentes wat die fokus op gemeenskapswerk laat val.

## 2. TAAKSPANNE

### 2.1 Instandhouding en visionering

*1. Die volgende taakspanne het hoofsaaklik vir "instandhouding" gefokus: jeug, vroue, studentebediening, liturgie/homiletiek en gemeentebegeleiding.
*2. Die taakspanne vir missionêre gemeentes en multi kulturele bediening is meer visionerend. Gemeentebegeleiding het ook visionerende funksie.
*3 Die verslag oor die werksaamhede van hierdie taakspanne is baie kursories aangesien dit in die werksaamhede primêr om 'n dinamika van stimulus en losmaking van energie gaan en nie om 'n aantal aksies

wat uitgevoer is nie. Die dinamika wat losgemaak is, en wat hopelik sal voortgaan, kan moeilik gemeet en in woorde saamgevat word.

## 2.2 Die taakspanne

### 2.2.1 Vroue

Die vroue taakspan met sy eie begroting fokus op 'n bediening aan vroue.

### 2.2.2 Jeug

*1. Dit gaan goed met die jeugbediening veral met die kampebediening. Daar is verskillende kampe van skoolverwisselings- tot Graad 12 kampe.
*2. Die afgelope jare is daar 'n aktiewe teologiese gespreksgroep aan die gang. Dit is 'n groep bestaande uit jeugdominees sowel as senior studente ( 6de jaars). Hulle lees en bespreek teologiese tendense in jeugbediening.
*3. 'n Ander projek wat die afgelope jaar uit twee inisiatiewe begin vorm aanneem het, is die Ritmejaar. Die inisiatief kom uit twee bedieninge naamlik 'intentional living' en diensjaar vir Christus. Ritmejaar is in 2012 besig met beplanning en voorbereiding sodat daar in 2013 begin kan word. Die beplanning is om aan 30 skoolverlaters wat onseker oor hulle toekoms is, die geleentheid te gee om saam met ander op reis te gaan vir 1 jaar en daardeur 'n stuk groei en ook 'n stuk sekerheid te kan kry. In hierdie Ritmejaar word daar aandag gegee aan, persoonlikheids- en geloofsvorming, karakterbou, vaardigheidsontwikkeling en dan gaan hulle ook prakties inskakel by werksaamhede van die kerk en gemeenskap.

***4. AANBEVELING**
**Die sinode vra gemeentes om die Ritmejaar aan hulle jongmense bekend te stel.**

### 2.2.3 Studente

*1. Die studentetaakspan, bestaande uit verteenwoordigers van die drie studentegemeentes (Universiteitsoord, Riviera en Haakdoorn) asook ds. Martiens Swart se multikulturele studentebediening het gereeld bymekaar gekom. Die SDGO is ook deurlopend by die besinning betrek. Die fokus van hierdie taakspan was om in gesprek te bly ten opsigte van die bediening aan studente (bedieningsplanne) en om seker te maak dat studentegemeentes op gesonde finansiële voet verkeer (finansiering van bediening) wat ook beteken dat hierdie prioriteit bediening vir die sinode bekostigbaar bly.

***2. AANBEVELING**
**Die sinode gee opdrag**
***2.1 dat die gesprekke rakende die bediening aan studente moet voortgaan;**
***2.2 dat die gesprek tussen SDO (finansies) en studentegemeentes moet voortgaan**

### 2.2.4 Liturgie

Die taakspan vir liturgie het 'n musiekbedieningkonferensie gereël en daarmee 'n liturgiese gespreksgeleentheid geskep. Die taakspan het ook besluit om by die liturgiese werksgemeenskap wat deur dr Cas Wepener geïnisieer is, in te skakel.

### 2.2.5 Gemeentebegeleiding

Die taakspan het gemeentes bygestaan in hulle soeke na beter funksionering. Die taakspan fokus daarop om, op versoek van die gemeente of die betrokke ring, toe te tree tot die gesprek in die gemeente waar bepaal word wat die kern van die uitdagings is. In samewerking met die ring word dan besluit of dit 'n verhoudings-, finansiële- of bedieningsprobleem is. Die taakspan nooi dan ander bedieninge soos predikantebegeleiding (verhoudings) of die SDO (finansies) om betrokke te raak .

### 2.2.6 Missionêre- of gestuurde gemeentes

Hierdie taakspan help gemeentes wat wil inskakel by die Suid Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG). Die aksie is tans in die proses om nog twee nuwe "clusters" te vorm. Sommige gemeentes het die eerste driejaarsiklus deurloop en is al besig met 'n tweede siklus.

### 2.2.7 Nuwe Gemeente Ontwikkeling


*1. Die taakspan skakel in by die Algemene Sinode se NEK- (Nuwe gemeente ontwikkeling / evangelisasie / kerkloslidmate) bediening. Die fokus is om alternatiewe bedieningsstrukture te vestig naas die bestaande gemeentes se bediening.
*2. Die gesprek by Nuwe Gemeente Ontwikkeling het ook verder uitgekring en het 'n gesprek ingesluit oor die 20 000 lidmate wat die NG kerk onlangs verloor het. Die fokus in hierdie gesprekke was of die lidmate die kerk verlaat omdat hulle geëmigreer het, of gemeentes swak bediening beoefen en of dit net 'n gees van post-Christendom is wat posgevat het. Die resultaat van die besinning was dat 'n kombinasie van al hierdie

faktore, asook ander soos 'n dalende geboortesyfer onder tradisionele NG-lidmate, die verminderde lidmaatgetal tot gevolg het.
*3. Die taakspan het 'n werkwinkel gereël waar daar aandag gegee is aan die bediening in die toekoms. 'n Deel van die proses was dat leraars die geleentheid gehad het om te sê wat hulle bekommerd maak en wat hulle dink die aksente van 'n toekomstige bediening behoort te wees. Die sake wat die leraars die meeste bekommerd gemaak het, is armoede, predikanteversorging en die formele kerkstruktuur. Armoede was by verre die saak wat volgens die dominees dringend moet aandag kry. Die uitkomste van die werkwinkel is opgeneem in die twee prosesse: gesprekke met die gemeentes wat terugvoer gegee het oor hulle siening van dit wat volgens hulle oordeel die sinode se werk is, asook terugvoer aan die taakspan wat die sinode beplan het. Die resultate van hierdie beplanningsessie word in die onderstaande blokkie weergegee aangesien dit 'n aantal aspekte aanraak wat in voortgaande besinning van kritieke belang is.

**Aksente van 'n toekomstige bediening**
**Resultate van 'n SDGO beplanningsessie op 10 en 11 November 2010**

**1 Inleidend**
Een van die uitstaande sake van die afgelope vier jaar is dat SDGO saam met ander kollegas aandag moes gee aan 'n senariobeplanning vir die gemeentes in die sinode. Hierdie beplanning het plaasgevind by Kameeldrif gemeente op 10 en 11 November 2010 waar ongeveer 40 predikante saam kom dink het oor die saak.

**2. Kommer en moontlikhede**
Twee vrae is aan die groep gestel: *"Waaroor bekommer jy jou in die NG Kerk?"* en *"Hoe kan die kerk van die toekoms lyk?"* In die besinning het die volgende na vore gekom:
2.1 Waaroor bekommer jy jou in die NG Kerk?
Persepsies en verwagtinge van lidmate / beeld wat die kerk na buite uitdra / Relevansie van die kerk wat verloor word / teologiese opleiding / welsyn van predikante / effektiwiteit van predikante / leierskap van predikante (verloor roeping/fokus/"guts") / rol van die kerkverband / identiteit van die kerk / (kerkbegrip, regeringstelsel, diversiteit in spiritualiteit).



2.2 Hoe kan die kerk van die toekoms lyk?
Die vyf sake wat duidelik na vore gekom het was: Missionêr gerig / spiritualiteit is vir lidmate belangrik / onderlinge sorg vind plaas / die predikante is versorg / lidmate is bemagtig.
2.3 Die volgende ander sake wat vir die kerk van die toekoms belangrik is, is ook geïdentifiseer:
Multi-kultureel / deel van baie netwerke / interkerklike samewerking vind plaas / die beeld van die kerk word positief uitgedra / daar is genoeg geld / daar word van tegnologie gebruik gemaak / teologiese opleiding is relevant / die groot kerklike strukture het verander

**3. Hindernisse**
*1 Op die vraag: "Wat keer ons / kan ons keer om te beweeg/verander?" is die volgende genoem:
Armoede / predikante (versorging, ontwikkeling, ensovoorts) / ondeurdagte teologie / verlies van drome ("cluelessness") / individualisme / rassisme / post-Christendom / landstrukture (byvoorbeeld dienste) / emigrasie/getalle / kerklike strukture en -sisteme / demografiese tendense (byvoorbeeld misdaad, migrasie).
*2 Uit bogenoemde uitdagings kan ons oor die volgende sake beheer uitoefen of beïnvloed:
Predikante (versorging, ontwikkeling, ensovoorts) / teologiese denke / verlies van drome / kerklike strukture en –sisteme.
*3 Ons sal ook baie sterk moet nadink oor die invloed van armoede en die migrasie/vermindering van lidmate en die invloed daarvan op kerklike bediening en -eiendomme.

**4. Beoordeling**
Daar is geoordeel dat die Sinode en sy taakspanne in die volgende jare jaar aandag moet gee aan die volgende sake:
Armoede / bemagtiging van predikante (versorging, mobiliteit, betaalstelsel, sifting, loopbaanbeplanning, roeping, visie, drome, verhoudings, spiritualiteit, akademiese ontwikkeling) / teologiese gesprekvoering (geleenthede om tekste te lees- teologie volg daaruit, byvoorbeeld Matt 5: 3-11) / ondersoek na meer vloeibare kerklike strukture (sinode, ringe, diensrade, permanente aanstellings, "structure follows strategy") / scenariobeplanning oor migrasie van lidmate (hierby word ingesluit beleid wat met eiendomme moet gebeur wanneer gemeentes toemaak).

**2.2.8 Multikulturele bediening**

Alhoewel daar die afgelope jare heelwat gesprekke rakende multikulturele bediening was, is dit asof die gesprek nie tans meer 'n brandpunt is nie.

**2.2.9 AANBEVELING**
**Die sinode sal in sy herbesinning moet seker maak dat hierdie taakspanne en hulle strategiese besinning nie verlore gaan nie.**



**DR WA PRETORIUS (Voorsitter)**



**DS DIETER DE BRUIN (Skriba)**

NG KERK
NOORDELIKE
SINODE 2012